

**BEGINSELS VIR DIE DOELTREFFENDE TOEPASSING
VAN VOORLIGTING IN MULTIKULTURELE SKOLE**

MARJORIE GRIMBEEK
B.A., B.A.(Hons.) (Psig.) H.O.D.

Verhandeling voorgelê vir die graad **Magister Educationis**
in Voorligting
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. J.L. Marais
Potchefstroom
1998

Ter nagedagtenis aan
my ouers, wyle mnr. en mev. Boet en Lily Janse van Rensburg
vir die opvoeding en motivering wat ons as kinders van hulle ontvang het.

DANKBETUIGINGS

My opregte dank gaan aan die volgende persone en instansies:

- **Prof. J.L. Marais**, vir sy professionele leiding, hulp en voortdurende aanmoediging. Dit was 'n voorreg om onder sy bekwame leiding navorsing te doen.
- **Prof. H.S. Steyn** van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir sy leiding, kontrole en advies. **Mev. W. Breytenbach** vir haar bekwame hulp, leiding en raad, asook die verwerking van die statistiese gegewens.
- **Peet van Rensburg Uitgewers** vir die tipografiese versorging.
- Die personeel van die **Ferdinand Postma-Biblioteek** vir hul knap diens.
- **Mev. Elsa Brand** vir die taalkundige versorging.
- **Al die skoolhoofde en Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding** van die sekondêre skole in Gauteng, vir hul samewerking en toestemming vir die voltooiing van die vraelyste.
- **Die Gauteng Onderwysdepartement** vir die toestemming om die empiriese ondersoek te voltooi.
- **My Skoolhoof en kollegas** vir hul ondersteuning en motivering.
- **My eggenoot, Pieter**. Vir sy geduld en motivering. Sonder sy liefde en begrip sou die voltooiing van hierdie studie nie moontlik gewees het nie.
- **My susters en broer**: Lena, Petro, Annely, Charlotte en Niekie vir hul liefde, motivering, belangstelling en aanmoediging.
- **My skoonfamilie** vir hul liefde en voortdurende aanmoediging.
- **Aan my Skepper** wat my tydens hierdie studie gedra het, sodat ek die deursettingsvermoë gehad het om hierdie werk af te handel.

In U lig sien ek die lig.

OPSOMMING

BEGINSELS VIR DIE DOELTREFFENDE TOEPASSING VAN VOORLIGTING IN MULTIKULTURELE SKOLE

In 'n veranderende Suid-Afrika met 'n nuwe onderwysstelsel het dit noodsaaklik geword om vas te stel in welke mate multikulturele voorligting in sekondêre skole aangebied word.

Die doel van hierdie navorsing was om:

- Deur middel van 'n literatuurstudie, die beginsels van multikulturele voorligting in 'n aantal oorsese lande te identifiseer; en
- empiries te bepaal in welke mate die beginsels van voorligting in multikulturele skole van die Gauteng Provinsie toegepas word.

Vir hierdie doel moes begrippe soos **kultuur, etnisiteit, ras, rassisme, multikulturele onderwys, voorligting en multikulturele voorligting**, omskryf word. 'n Historiese aanloop tot multikulturele onderwys en die navorsing ten opsigte van multikulturele voorligting is breedvoerig bespreek. Die ontwikkeling van skoolvoorligting in multikulturele skole in Suid-Afrika is hierna van nader bekyk, en veral die implementering van 'n effektiewe voorligtingsprogram in multikulturele skole. 'n Bespreking ten opsigte van die beginsels van voorligting in die algemeen en van multikulturele voorligting in die besonder, asook voorligting in multikulturele skoolverband, is uitgelig.

'n Empiriese ondersoek is met behulp van frekwensietabelle, korrelasiekoëffisiënte en faktorontledings uitgevoer. Dit is daarna geïnterpreteer.

Die belangrikste bevinding was dat multikulturele voorligting in sekondêre skole nie tot sy reg kom nie. Verskeie leemtes is in die verband geïdentifiseer. Daar word aanbeveel dat die Gauteng Onderwysdepartement veral aandag aan gespesialiseerde opleidingsprogramme in die provinsie moet gee.

Dit het noodsaaklik geword dat die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser sekere teoretiese sowel as praktiese veranderinge in voorligting sal aanbring. Multikulturele voorligting moet eties begrend wees. Multikulturele perspektiewe moet in die onderwys, maar veral in voorligtingsprogramme, ingebou word.

Elke persoon moet tot die besef kom dat Suid-Afrika en veral die onderwys, na 'n multikulturele toekoms beweeg en dit vereis aanvaarding en erkenning van mekaar, ongeag kultuur.

SLEUTELWOORDE: kultuur/etnisiteit/ras/rassisme/multikulturele onderwys/voorligting/multikulturele voorligting/beginsels/berading/voorligtingsprogram/vooroordeel/multikultureel/beroepskeuse/menswaardigheid/positiewe gesindheid/sensitieweit/geloofwaardigheid.

SUMMARY

PRINCIPLES FOR THE EFFECTIVE IMPLEMENTATION OF GUIDANCE IN MULTICULTURAL SCHOOLS

In a changing South Africa with a new education system, it has become necessary to determine the degree to which multicultural guidance is provided in secondary schools.

The aim of the research was to:

- Identify by means of a literature study, the principles of multicultural guidance in a number of countries abroad;
- determine empirically, the degree to which the principles of guidance are applied in multicultural schools in the Gauteng Province.

To this end concepts such as **culture, ethnicity, race, racism, multicultural education, guidance and multicultural guidance** had to be described. An historical approach to multicultural education and the research with regard to multicultural guidance were described at length. The development of school guidance in multicultural schools in South Africa was subsequently discussed in more detail, especially the implementation of an effective guidance programme in multicultural schools. An in-depth discussion with regard to the principles of guidance in general and of multicultural guidance in particular, as well as guidance in multicultural schools, were highlighted.

An empirical investigation was done by means of frequency tables, correlation coefficients and factor analyses. These were subsequently interpreted:

The most important finding was that multicultural guidance in secondary schools does not receive its due. Several deficiencies were identified in this regard. It is recommended that the Gauteng Education Department should pay specific attention to specialised training programmes in that province.

The time has come that the Head of Department : Guidance/Guidance teacher should make certain theoretical as well as practical changes to guidance. Multicultural guidance should be ethically-founded. Multicultural perspectives should be built into education, and specifically into guidance programmes.

Each person should realise that South Africa and especially education, are moving towards a multicultural future and this requires acceptance and acknowledgement of each other, regardless of culture.

KEY WORDS: culture/ethnicity/race/racism/multicultural education/guidance/ multicultural guidance/principles/counselling/guidance programme/prejudice/multicultural/vocational choices/dignity/positive attitude/sensitivity/reliability.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	iii
OPSOMMING: BEGINSELS VIR DIE DOELTREFFENDE TOEPASSING VAN VOORLIGTING IN MULTIKULTURELE SKOLE	iv
SUMMARY: PRINCIPLES FOR THE EFFECTIVE IMPLEMENTATION OF VOCATIONAL GUIDANCE IN MULTICULTURAL SCHOOLS	vi
LYS VAN TABELLE	xiv
LYS VAN FIGURE	xvii
HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 ORIËNTERING	1
1.3 PROBLEEMSTELLING	2
1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK	3
1.5 METODE VAN ONDERSOEK	3
1.5.1 Literatuurstudie	3
1.5.2 Die empiriese ondersoek	3
1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK	4
1.7 SAMEVATTING	4

HOOFSTUK 2: MULTIKULTURELE VOORLIGTING	6
2.1 INLEIDING	6
2.2 BEGRIPOMSKRYWINGS	6
2.2.1 Kultuur	7
2.2.2 Etnisiteit	7
2.2.3 Ras en rassisme	8
2.2.4 Multikulturele onderwys	12
2.2.5 Voorligting	12
2.2.6 Multikulturele voorligting	13
2.3 DIE HISTORIESE AANLOOP TOT MULTIKULTURELE ONDERWYS, EN DIE FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT MULTI- KULTURELE VOORLIGTING	13
2.3.1 Inleiding	13
2.3.2 Die historiese aanloop tot multikulturele onderwys	18
2.3.3 Enkele aanbevelings ten opsigte van die begrip multikultureel	21
2.4 'N OORSIG OOR DIE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN MULTI- KULTURELE VOORLIGTING	24
2.4.1 Oriëntering	24
2.4.2 'n Historiese perspektief	25
2.5 MULTIKULTURELE SKOOLVOORLIGTING IN SUID-AFRIKA	26
2.5.1 Agtergrond	26
2.6 DIE EFFEKTIWITEIT VAN VOORLIGTINGSPROGRAMME	27
2.6.1 Oriëntering	27
2.6.2 Effektiewe voorligtingsprogramme	28
2.7 SAMEVATTING	29
HOOFSTUK 3: DIE BEGINSELS VAN VOORLIGTING IN DIE ALGEMEEN EN VAN MULTIKULTURELE VOORLIGTING IN DIE BESONDER	31
3.1 INLEIDING	31
3.2 VOORLIGTING IN DIE ALGEMEEN	32

3.2.1	Die historiese ontwikkeling van voorligting	32
3.2.1.1	Kenmerke van voorligting	34
3.2.2	Die basiese opvoedingsbehoefte van die leerder	36
3.2.3	Die beginsels van voorligting	37
3.2.3.1	Inleiding	37
3.2.3.2	Die opvoedkundige uitgangspunte van voorligting	41
3.3	DIE LEWENSBEKOULIKE EN KULTURELE BEGRONDING VAN SKOOLVOORLIGTING	44
3.4	VOORLIGTING IN MULTIKULTURELE SKOOLVERBAND	47
3.4.1	Oriëntering	47
3.4.2	Die beginsels van multikulturele voorligting	48
3.4.3	Die etiek van multikulturele voorligting	54
3.5	SAMEVATTING	57
	HOOFSTUK 4: DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	58
4.1	INLEIDING	58
4.2	DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	58
4.3	ENKELE ONDERSOEKMETODES EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEK- MIDDEL	59
4.3.1	Die vraelys as empiriese navorsingsmetode	59
4.3.1.1	Inleiding	59
4.3.1.2	Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsings- metode	60
4.4	DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	64
4.4.1	Die populasie en keuse van proefpersone	64
4.4.1.1	Bepaling van die studiepopulasie	64
4.4.2	Samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is	65
4.4.2.1	Motivering vir en ontwerp van die vraelysitems	65
4.4.2.2	Keuse van die soort items vir die vraelys	68
4.4.2.3	Eerste redaksie van die vraelys:	69
4.4.2.4	Tweede redaksie van die vraelys.	72
4.4.2.5	Aspekte van die finale vraelys	73
4.4.2.6	Die begeleidende briewe	75
4.4.2.7	Terugontvangste	75

4.4.2.8	Verwerking van die vraelysantwoorde	76
4.5	SAMEVATTING	76
HOOFSTUK 5: VRAELYS AAN DEPARTEMENTSHOOFDE: OPVOED- KUNDIGE LEIDING EN VOORLIGTERONDERWYSERS VAN SEKONDÊRE SKOLE IN DIE GAUTENG PROVINSIE: RESUL- TATE EN INTERPRETASIES VAN DIE VRAELYSRESPONSE		
5.1	INLEIDING	77
5.2	FREKWENSIE TABELLE	77
5.3	AFDELING A - BIOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE INLIGTING.	77
5.3.1	Ontleding en vertolking van response	81
5.4	AFDELING B - ORGANISATORIES	82
5.4.1	Vraag 10	82
5.4.2	Vraag 11	83
5.4.3	Vraag 12	84
5.4.4	Vraag 13	84
5.4.5	Vraag 14	85
5.4.6	Vraag 15	86
5.4.7	Vraag 16	87
5.4.8	Vraag 17	88
5.4.9	Vraag 18	88
5.4.10	Vraag 19	89
5.4.11	Vraag 20	90
5.4.12	Vraag 21	91
5.4.13	Vraag 22	91
5.4.14	Vraag 23	92
5.4.15	Vraag 24	93
5.4.16	Vraag 25	94
5.4.17	Vraag 26	94
5.4.18	Vraag 27	95
5.4.19	Vraag 28	96
5.4.20	Vraag 29	97
5.4.21	Vraag 30	97
5.4.22	Vraag 31	98
5.4.23	Vraag 32	99
5.4.24	Vraag 33	99

5.4.25	Vraag 34	100
5.4.26	Vraag 35	101
5.4.27	Vraag 36	102
5.4.28	Vraag 37	103
5.4.29	Vraag 38	103
5.4.30	Vraag 39	104
5.4.31	Vraag 40	105
5.5	KORRELASIEKOËFFISIËNTE	106
5.6	BETROUBAARHEIDSGELDIGHED	110
5.7	KONSTRUKGELDIGHED	110
5.8	SAMEVATTING	111
HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN		
	AANBEVELINGS	112
6.1	INLEIDING	112
6.2	SAMEVATTING	112
	6.2.1 Probleemstelling (vgl. par. 1.3)	112
	6.2.2 Doel van die ondersoek (vgl. par. 1.4)	112
6.3	GEVOLGTREKKINGS	116
6.4	AANBEVELINGS	118
BIBLIOGRAFIE:		
	121	
BYLAAG 1: VRAELYS / QUESTIONNAIRE		
	128	
BYLAAG 2: BRIEF AAN SKOOLHOOF / LETTER TO PRINCIPAL		
	141	
BYLAAG 3: BRIEF AAN DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE		
LEIDING / LETTER TO HEAD OF DEPARTMENT EDUCATIONAL		
GUIDANCE		
	144	

BYLAAG 4: BRIEF AAN VOORSITTER VAN BEHEERRAAD / LETTER TO CHAIRMAN OF GOVERNING BODY	147
BYLAAG 5: TOESTEMMINGSBRIEF AAN GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT	150
BYLAAG 6: TOESTEMMINGSBRIEF VAN GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT	152

LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1: Opsomming van Biografiese en Demografiese gegewens: Frekwensies en persentasies	78
Tabel 5.2: Teoretiese beginsels noodsaaklik vir voorligting	82
Tabel 5.3: Betrokkenheid by beplanning van voorligtingsprogramme	83
Tabel 5.4: Voorsiening vir kind se psigologiese behoeftes in voorligtingsprogramme	84
Tabel 5.5: Erkenning van leerders se lewenstyl in voorligtingsprogramme	85
Tabel 5.6: Aanpassing van voorligtingsprogramme by behoeftes en omgewing	86
Tabel 5.7: Voorsiening vir leerder se holistiese ontwikkeling	86
Tabel 5.8: Erkenning van leerders se individuele verskille	87
Tabel 5.9: Voorsiening vir leerders se persoonlike keuses	88
Tabel 5.10: Voorsiening vir verantwoordelike beroepskeuses deur leerders	89
Tabel 5.11: Erkenning van leerders se menswaardigheid	89
Tabel 5.12: Ontwikkeling van leerders se positiewe selfbeeld	90
Tabel 5.13: Verlening van kennis van alle kulturele groepe	91
Tabel 5.14: Voorsiening vir leerders se gelyke behandeling	92
Tabel 5.15: Erkenning van kultuurgroepe se gedragsverskille	92

Tabel 5.16: Voorbereiding van leerders vir multikulturele beroepswêreld.	93
Tabel 5.17: Respek vir leerders se kultuur.	94
Tabel 5.18: Voorligtingsvoorsiening vir alle leerders	95
Tabel 5.19: Voorsiening vir kweek van positiewe gesindheid jeens ander kulture . . .	95
Tabel 5.20: Bevordering van seksisme	96
Tabel 5.21: Erkenning van alle leerders se demokratiese waardes.	97
Tabel 5.22: Voorsiening vir toetsing van vaardighede van alle kultuurgroepe.	98
Tabel 5.23: Aanvaarding van ander kultuurgroepe	98
Tabel 5.24: Gelyke en onpartydige behandeling van alle kultuurgroepe	99
Tabel 5.25: Verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe.	100
Tabel 5.26: Onderhoudvoering in Engels of Afrikaans.	100
Tabel 5.27: Bevooroordeeldheid teenoor ander kultuurgroepe.	101
Tabel 5.28: Positiewe gesindheid teenoor ander kultuurgroepe	102
Tabel 5.29: Sensitiwiteit vir ander kultuurgroepe se behoeftes en gewoontes.	103
Tabel 5.30: Liefde vir alle leerders.	104
Tabel 5.31: Leerders se waardering van voorligter se egtheid en opregtheid	104
Tabel 5.32: Leerders se waardering van voorligter se geloofwaardigheid.	105
Tabel 5.33: Korrelasiematriks van r tussen veranderlikes: Pearson korrelasie- koëffisiënt	106

Tabel 5.34: Verband tussen geslag en aanvaarding van ander kultuurgroepe	107
Tabel 5.35: Verband tussen geslag en verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe	108
Tabel 5.36: Verband tussen geslag en sensitiwiteit vir ander kultuurgroepe	109
Tabel 5.37: Verband tussen geslag en liefde vir alle leerders	109

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1

Multikulturele begrip 14

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleemstelling, die belangrikheid en die doel van die navorsing bespreek en daarna word die navorsingsmetodes en uitvoerbaarheid van die navorsing verduidelik. Ten slotte word die verloop van die navorsing en 'n kort samevatting gegee.

1.2 ORIËNTERING

Die nuwe demokratiese Regering van Nasionale Eenheid en die nege streekregerings van Suid-Afrika noodsaak 'n omvattende en radikale beleidsaanpassing met betrekking tot georganiseerde onderwys. Die daarstel van gelyke onderwysgeleenthede vir die heterogene bevolking van Suid-Afrika is onvermydelik (Van der Walt, 1994:30, Marais, 1995:1). Een van die belangrikste veranderinge op onderwysgebied was die samesmelting van die gewese agtien etnies- en rasgebaseerde departemente van onderwys op 23 Mei 1994. Daardeur is een nasionale Departement van Onderwys tot stand gebring.

Insgelyks beweeg Suid-Afrika na 'n kultuur wat radikaal anders gaan wees as dié waaraan die Suid-Afrikaanse bevolking tot onlangs gewoon was (Marais, 1995:1). Die georganiseerde onderwys sal 'n belangrike bydrae in die toerusting van die toekomstige jeug moet lewer, aangesien die leefwêreld (byvoorbeeld die arbeidsmark) radikaal gaan verander.

Alle skole in Suid-Afrika het die dringende taak om hul leerders voor te berei vir die toekoms in 'n gemeenskap wat uit verskillende kulture, volke en rasse bestaan. Skole se geheelkwaliteit sal gemeet word aan hul vermoë om leerlinge op so 'n wyse toe te rus dat hulle kan leef en werk in sodanige gemeenskap (Tidwell, 1980:84).

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die voormalige rasgesegregeerde departemente van onderwys het dispariteit en diskriminasie in alle aspekte van die samelewing veroorsaak en ook 'n diepgaande invloed op die aard en voorsiening van onderwys, voorligting en berading (“counselling”) gehad (SA, 1995:2). Die beginsels van voorligting wat vir die verskillende onderwysdepartemente voorgeskryf was, was nie vir alle groepe aanvaarbaar nie.

Die “School Education Bill” (PWV, 1995:7) stel dit duidelik dat “appropriate guidance shall be available to pupils as far as it is reasonably practicable”. Hiervolgens sal 'n algemene opvoedings-, onderwys- of leerprogram ontwerp moet word wat leerlinge in staat kan stel om alle probleme wat uit multikulturele onderwys voortspruit, die hoof te bied.

By die ontwerp van voorligtingsprogramme, sal multikulturele aard voortdurend in gedagte gehou moet word (Tidwell, 1980:82; Sue & Sue 1990:1). Watson (1988:55) definieer voorligting in multikulturele skole as “a helping relationship in which the counsellor and the client differ culturally, racially or ethnically”.

Voorligting in multikulturele skole impliseer 'n situasie waarin twee persone met uiteenlopende beskouinge van die sosiale samelewing in 'n hulpverleningsituasie teenoor mekaar gestel word (Pedersen, 1988:18).

Die vraag is of voorligting in multikulturele skole verskil van ander vorme van voorligting? Verskil die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika so ingrypend dat verskillende voorligtingsbeginsels vir verskillende groepe geld?

Volgens Tidwell (1980:84) en Ponterotto (1988:238) vereis voorligting in multikulturele skole bepaalde beginsels. Om 'n doeltreffende voorligtingsprogram vir multikulturele te ontwerp, is dit belangrik dat hierdie bepaalde beginsels in die bestaande voorligtingsprogramme geïntegreer en gereduseer word tot dit wat vir voorligting in multikulturele skole belangrik is (Pedersen, 1988:162). Sue & Sue (1990:1) beweer dat “a viable conceptual framework is sorely needed in this area”.

Teen die agtergrond van die bogenoemde ontstaan die volgende probleemvraag:

In welke mate is die beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en multikulturele skoolvoorligting in die besonder ingebou en in ag geneem in die voorligtingsprogramme vir sekondêre skole van die verskillende Onderwysdepartemente.

1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie navorsing is om:

- Deur middel van 'n literatuurstudie multikulturele voorligtingsbeginsels in voorligting in 'n aantal oorsese lande te identifiseer; en
- empiries te bepaal in watter mate die beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en die van multikulturele skoolvoorligting in die besonder ingebou en in ag geneem is in die voorligtingsprogramme vir sekondêre skole.

HIPOTESE

Die beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en dié van multikulturele skoolvoorligting word doeltreffend in voorligtingsprogramme in sekondêre skole geïmplementeer.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie fokus op resente inligting en navorsing oor die beginsels wat van toepassing is by multikulturele skoolvoorligting in Suid-Afrika, sowel as in enkele oorsese lande.

1.5.2 Die empiriese ondersoek

Die *ex post facto*-ondersoek is gebruik. Die literatuurstudie en die empiriese ondersoek is geïntegreer om die beginsels vir 'n doeltreffende toepassing van skoolvoorligting in multikulturele skole te bepaal.

Al die voorligtingonderwysers verbonde aan oorwegend blanke sekondêre skole wat die afgelopen drie jaar leerders van ander etniese groepe toegelaat het, is as teikenpopulasie beskou.

Weens praktiese en ekonomiese oorwegings is die studie beperk tot skole in Gauteng. Die totale aantal voormalige Model-C sekondêre skole in die Gauteng Onderwysdepartement is eenhonderd-twee-en-sestig. Dit sou prakties uitvoerbaar wees om al hierdie skole as teikengroep te gebruik en daarom is al eenhonderd-twee-en-sestig skole gekies om aan die navorsingsprojek deel te neem. 'n Vraelys is aan die hand van die literatuurstudie ontwikkel om te bepaal watter beginsels by die aanbieding van multikulturele skoolvoorligting ter sprake is.

Frekwensietabelle, tweerigtingtabelle en 'n faktor-analise is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bereken.

1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Hoofstuk 1 is 'n inleidende hoofstuk waarin daar aandag gegee word aan die probleem, doel, metode en uitvoerbaarheid van navorsing.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n hoofstukindeling en 'n samevatting van die eerste hoofstuk.

In Hoofstuk 2 word die begrip multikulturele voorligting omskryf. Die beginsels van voorligting in die algemeen en van multikulturele voorligting in die besonder kom in Hoofstuk 3 ter sprake. In Hoofstuk 4 word die empiriese ondersoek bespreek. Hierin word die vraelys as meetinstrument asook die metode wat gevolg is om die respons te verwerk, uiteengesit.

Nadat die data verwerk is, is sinvolle afleidings vanaf die statistiese gegewens gemaak. Die resultate word in Hoofstuk 5 bespreek. Hoofstuk 6 is die slothoofstuk waarin 'n samevatting van die voorafgaande studie oor die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole gegee word. Ten slotte volg enkele bevindinge en aanbevelings.

1.7 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk dit dat dit nodig geword het om duidelikheid te verkry ten opsigte die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole. In hierdie hoofstuk is ook na die noodsaaklikheid vir die voorsiening van multikulturele in voorligtingsprogramme gekyk.

Multikulturele voorligting word in hoofstuk 2 met behulp van toepaslike literatuurstudie bespreek.

HOOFSTUK 2

MULTIKULTURELE VOORLIGTING

2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aangedui dat voorligtingsprogramme met die oog op die multikulturele aard van die bevolking ontwerp sal moet word om te verseker dat alle ongelyksoortigheid en diskriminasie wat deur die rasgesegregeerde departemente van onderwys veroorsaak is, uit die weg geruim kan word. Vanuit die probleemredenering is aangetoon dat die beginsels van voorligting wat vir die verskillende onderwysdepartemente voorgeskryf is, nie vir alle etniese groepe aanvaarbaar was nie. Suid-Afrika beweeg na 'n nuwe kultuur waaraan alle inwoners gewoon sal moet raak (Marais, 1995:1). Skole sal moet voldoen aan die vereistes van sodanige uitdaging ten einde die kind toe te rus om binne 'n gemeenskap met verskillende rasse, kulture en leefstyle saam te leef (Tidwell, 1980:84).

In hierdie hoofstuk word:

- begrippe soos **kultuur, etnisiteit, ras, rassisme, multikulturele onderwys, voorligting, en multikulturele voorligting** gedefinieer;
- die ontwikkeling van multikulturele voorligting nagespeur;
- 'n oorsig oor die navorsing van multikulturele voorligting gegee;
- die ontstaan en ontwikkeling van multikulturele voorligting in Suid-Afrika toegelig; en
- die effektiwiteit van voorligtingsprogramme bespreek.

2.2 BEGRIPOMSKRYWINGS

In hierdie hoofstuk word dikwels na kultuur, etnisiteit, ras, rassisme, voorligting, multikulturele en multikulturele voorligting verwys, en daarom is dit nodig om hierdie begrippe kortliks toe te lig.

2.2.1 Kultuur

Volgens bestaande navorsing is 'n algemeen geldende omskrywing van **kultuur** onmoontlik, aangesien mense nie dieselfde betekenis aan die woord **kultuur** heg nie en verskillende fasette van kultuur dikwels oorbeklemtoon word (Marais, 1995:42). In die lig hiervan is dit noodsaaklik om eers na die verskillende omskrywings van die begrip **kultuur** te kyk voordat 'n opsommende definisie daarvan gegee word.

- Pedersen (1989:550) omskryf kultuur as kompleks en dinamies. Die kompleksiteit van kultuur verwys na 'n breër siening van kultuur, wat twee aspekte insluit, naamlik die **etnografiese** en **demografiese** veranderlikes. Etnografiese veranderlikes sluit etnisiteit, nasionaliteit, godsdiens en taal in, terwyl demografiese veranderlikes na ouderdom, geslag en plek van herkoms verwys.
- Triandis (1993:51) sluit die fisiese, sowel as die subjektiewe aspekte van kultuur by sy definisie in. Hy verwys na geboue en toerusting as voorbeelde van die fisiese elemente van kultuur, terwyl mites, waardes en houdings die subjektiewe aspekte van kultuur uitmaak.
- Volgens D'Ardenne (1989:4) is kultuur “the shared history, practices, beliefs and values of a racial, regional or religious group of people”.
- Sue & Sue (1990:35) beskryf kultuur as al daardie aspekte wat die mens aangeleer het om te doen, te glo, te geniet en waarde aan te heg. “It is the totality of ideals, beliefs, skills, tools, customs and institutions into which each member of society is born” (Sue & Sue, 1990:35).
- Volgens Mallick (1993:63) is een van die vernaamste aspekte van kultuur die eenvormigheid van persepsies, geloof en houdings binne 'n multikulturele groep - ongeag die omstandighede of gebeurlikhede waarbinne dit plaasvind.

Opsommenderwys kan kultuur beskryf word as 'n komplekse totaliteit van kennis, geloof, waardes, godsdiens, taal en denkwyses binne 'n gemeenskap. (Tyler, 1994:1246; Pedersen, 1989:550; Triandis, 1993; D'Ardenne 1989:4; Sue & Sue, 1990:35; Mallick, 1993:63).

2.2.2 Etnisiteit

Etnisiteit word omskryf as die gebondenheid van 'n groep mense wat deur hul kulturele eienskappe soos taal, godsdiens, houdings, uiterlike voorkoms, kuns, gewoontes en gesinslewe tot mekaar verbind is (HAT, 1984:879; Sue & Sue, 1990:124; Pedersen, 1989:142; Grant, 1992:205; D'Ardenne, 1989:11; Marais, 1995:53).

- Grant (1992:205) sluit die kunste, rituele en roetines wat 'n groep kenmerk, by sy definisie in. Grant verwys ook verder na etnisiteit as “socially constructed”, wat beteken dat mense hulself binne 'n kultuurgroep volgens omstandighede kan skik en herskik. Etnisiteit kristaliseer uit omstandighede, wat vriendskap en bloedverwantskap bevorder.
- Volgens Spicer (1992:16) is 'n etniese groep 'n groep mense wat dieselfde groepnaam gebruik. Die groepnaam is uniek aan die historiese en simboliese kenmerke van die groep.

In samevatting kan etnisiteit in drie kategorieë verdeel word, naamlik gebondenheid van 'n groep, sosiale strukture en 'n groepnaam. Die gebondenheid sluit die taal, godsdiens, houdings, uiterlike voorkoms, kuns en gewoontes in, terwyl die sosiale strukture na die skikking van hierdie groep volgens omstandighede verwys en 'n naam aan sodanige groep gekoppel word (HAT, 1984:879; Sue & Sue, 1990:124; Pedersen, 1989:142; Grant, 1992:205; D'Ardenne, 1989:11; Marais, 1995:53; Spicer, 1992:16).

Opsommenderwys kan etnisiteit beskryf word as 'n groep mense wat op grond van gesamentlike kenmerke tot mekaar verbind word. Kultuur, etnisiteit en ras is baie nou verwant, en daarom is dit nodig om ook die begrip ras te beskryf.

2.2.3 Ras en rassisme

In die algemene spreektaal verwys die begrip ras na 'n verskil in velkleur. Hierdie begrip word soms in 'n verkleinerende hoedanigheid gebruik. Volgens antropologiese benaderings sluit hierdie begrip 'n wye reeks genetiese eienskappe in, byvoorbeeld velkleur, bloedgroep, haartekstuur, bouvorm en gelaatstrekke (D'Ardenne, 1989:4; Marais, 1995:53). Volgens Labuschagne, (1993:688) beskryf die woord ras 'n groep verwante mense, diere of plante wat deur erflike eienskappe en ooreenkomste ten opsigte van aard en gewoontes gekenmerk word.

Rassisme word deur Pedersen (1989:60) gedefinieer as die gedrag of gedragspatroon wat die voorregte en geleenthede van die een groep misken, terwyl voorregte en geleenthede aan 'n ander groep toegeken word. Volgens D'Ardenne (1989:5) het rassisme te make met “the construction of social relationships on the basis of an assumed inferiority of ethnic minority groups and flowing from this, their exploitation and oppression.”

Rassisme word deur Anderson en Love (1973:666) gedefinieer as “the attitude that one race is superior to others; it is the basis of most intergroup friction”. Rassisme bevoordeel die dominante groep (Anderson & Love 1973:666).

Rassisme kan ook geklassifiseer word as institusionele rassisme of individuele rassisme. Institusionele rassisme verwys na rassisme binne 'n bepaalde stelsel of struktuur, terwyl individuele rassisme na die gedrag van 'n enkele persoon verwys. Rassisme kan ook geklassifiseer word as overte (openlike) en kovert (vermomde) rassisme. **Overte** rassisme verwys na die opsetlike rassistiese gedrag van 'n individu of 'n bepaalde stelsel, terwyl **kovert** rassisme na die verbloemde rassistiese gedrag van 'n individu of bepaalde stelsel verwys. Kovert rassisme kan opsetlik of onopsetlik deur die voorligter gebruik word (Pedersen, 1989:60; Locke, 1990:18). Opsetlike kovert gedrag vind plaas wanneer die voorligter opsetlik volgens sy eie motiewe 'n sekere gedrag teenoor leerders openbaar (Pedersen, 1989:60). Wanneer die voorligter se rassistiese gedrag teenstrydig is met sy eie motiewe, word daar van onopsetlike kovert gedrag gepraat. Volgens Locke (1990:8) is dit belangrik om **rassisme** en **vooroordeel** te definieer. Vooroordeel is om te oordeel voordat die objek van evaluering behoorlik ondersoek is.

Rassistiese vooroordeel beteken dus om rasse-/ etniese/kulturele groepe te oordeel voordat daar kennis van sodanige groep verkry is.

Marais (1995:52) onderskei tussen die begrippe rassevooroordeel, rassisme en diskriminasie. Volgens Marais hou die woord **vooroordeel** verband met die Latynse begrip *praejudicium* wat verwys na 'n oordeel wat op voorafgaande besluite en ervarings berus. “Racism combines prejudice with power - power to do something based on prejudiced beliefs”, meen Locke. In hedendaagse terme het die begrip **vooroordeel** 'n negatiewe emosionele konnotasie.

Die volgende algemene kenmerke van rassevooroordeel word kortliks bespreek:

□ **Rassevooroordeel is 'n houding**

Die driedelige indeling van gedrag, naamlik die **kognitiewe**, **affektiewe** en **konatiewe** elemente van gedrag kan ook op rassevooroordeel van toepassing gemaak word. Die **kognitiewe** komponent van rassevooroordeel word gevorm in die ontwikkeling en bestaan van stereotipes as verskynsel. Stereotipes berus op veralgemenings. Hierdie veralgemenings berus op die toekenning van veralgemeende en vereenvoudigde eienskappe aan groepe en individue.

Veralgemenings wat tot stereotipes lei, berus gewoonlik op hoorsê (Marais, 1995:53). Die **affektiewe** vlak verwys na die emosies wat 'n rassegroep by 'n individu kan uitlok.

Die algemene dimensie van hierdie vlak is 'n vyandskap-vriendskapdimensie. So 'n dimensie word geopenbaar deur die afkeer, vrees, vertrouwe en aggressie wat 'n bepaalde groep by 'n individu uitlok (Marais, 1995:53). Die **konatiewe** of aksievlak van funksionering verwys na die gesindheid om op 'n bepaalde wyse ten opsigte van 'n rassegroep te reageer (Marais, 1995:53).

□ **Rassevooroordel is 'n intergroepverskynsel**

Volgens Marais (1995:53) is rassevooroordel 'n spesifieke houding wat betrekking het op die interverhoudings van groepe. Rasse- en etniese groepe is die algemene en populêrste teikens vir vooroordele.

□ **Rassevooroordel is 'n negatiewe waarde-oriëntasie**

Die verdraaiing en verwringing van feite bring mee dat 'n groep verkeerdelik gunstig of ongunstig geëvalueer word. Die gedrag van 'n persoon kan op die volgende vyf wyses uitdrukking aan negatiewe oriëntasie gee:

- Verbale uitsprake
- Vermyding
- Diskriminasie
- Fisiese geweld
- Uitwissing (Marais, 1995:54).

□ **Rassevooroordel berus op oorvereenvoudigings**

Die mens is geneig om al sy ervarings in kompartemente saam te groepeer, op grond waarvan daar oorveralgemenings gemaak word (Marais, 1995:54). Volgens Marais beteken diskriminasie dat individue in 'n groep die reg op gelyke behandeling ontsê word.

As gevolg van hierdie vooroordele het “kleurblindheid” begin.

“Kleurblindheid” word deur Pedersen (1989:62) soos volg beskryf: “Color blindness is an illusion based on the erroneous assumption that the minority client is simply another client.”

Pedersen dui verskeie oorsake daarvan aan, naamlik dat “kleurblindheid” by die voorligter voorkom wat ongemaklik voel in die teenwoordigheid van ander etniese persone, of dat hy/sy nie genoeg selfvertroue het ten opsigte van sy eie sienswyse oor rasseaangeleenthede nie, of dat die voorligter 'n onpartydige houding inneem. 'n Voorligter wat nie die kultuur van alle groepe verstaan nie is soms geneig om ander kultuurgroepe se waardes of taalgebruik as minderwaardig te beskou (Pedersen, 1989:62). Die teenoorgestelde begrip, naamlik “kleurbewustheid”, word deur Pedersen (1989:63) soos volg beskryf: “If you were not a Native American, these problems would not exist.” Die korrekte siening in hierdie verband is om te aanvaar dat etniese groepe, anders as blankes, 'n lewenslange geskiedenis van blanke beheer en verdrukking ervaar het. Dit is verkeerd om te aanvaar dat hierdie etniese groepe 'n “irreversible mark of oppression” ontwikkel het (Pedersen, 1989:63).

Rassisme word in drie gebruiksvorme geïdentifiseer, naamlik, individuele rassisme (wat sinoniem met rassevooroordeel is), institusionele rassisme, en kulturele rassisme.

- Individuele rassisme is, soos reeds genoem sinoniem met rassevooroordeel, hoewel die klem op die biologiese oorwegings val.
- Institusionele rassisme verwys na die doelbewuste of onbewuste manipulasie van institusionele beleidsrigtings, byvoorbeeld toelatingskriteria.
- Kulturele rassisme, sluit elemente van individuele en institusionele rassisme in (Marais, 1995:54).

“Racism runs deep and dies hard!” (Sue & Sue, 1990:6). Om te glo dat 'n mens nie 'n voorstander van rassisme is nie, en om te aanvaar dat 'n mens van rassisme kan “ontsnap”, is om die realiteit te misken. Dit is die voorligter se verantwoordelikheid om

- bewus te wees van 'n mens se eie waardes, partydigheid en aanvaardings van ander se gedrag; en om dit aan te spreek,
- bewus te wees van kulturele verskille, en strukture en strategieë te ontwikkel sodat hulp aan alle individue gegee kan word (Sue & Sue, 1990:6).

Opsommenderwys is dit duidelik dat ras, rassisme en rassevooroordeel nou verwant is. Ras verwys na die verskille tussen groepe mense. Groepe aanvaar nie noodwendig persone wat van hulle verskil nie en hieruit ontstaan 'n negatiewe houding (rassevooroordeel) wat weer tot die negatiewe gedrag (rassisme) aanleiding gee (D'Ardenne, 1989:4; Marais, 1995:53-54; Labuschagne, 1993:688; Pedersen, 1989:60; Locke, 1990:18).

2.2.4 Multikulturele onderwys

Multikulturele onderwys kan gedefinieer word as die voorbereiding van sosiale, politieke en ekonomiese realiteite wat die individu binne 'n kulturele diversiteit ervaar. Die realiteite sluit nasionale sowel as internasionale dimensies in. Hierdie voorbereiding stel die individu in staat om waar te neem, te glo, te evalueer en binne 'n kulturele raamwerk op te tree. Multikulturele onderwys is 'n kontinue proses (Grant, 1992:226; Squelch, 1993:144), en help die individu om kulturele integriteit te toon deur bewus te wees van die omstandighede en kulturele pluralisme waarbinne hy homself bevind (Grant, 1992:226).

Volgens Squelch (1993:144) behels multikulturele onderwys die skep van 'n leeromgewing wat die behoeftes van leerders uit verskillende kulture, taal-, opvoedings- en sosio-ekonomiese agtergronde kan bevredig.

Opsommenderwys kan multikulturele onderwys omskryf word as die voorbereiding van die individu om binne 'n kulturele raamwerk wat uit verskillende kulture, tale, opvoedings- en sosio-ekonomiese agtergronde bestaan, te funksioneer (Grant, 1992:226; Squelch (1993:144).

2.2.5 Voorligting

Voorligting kan gedefinieer word as individuele hulp of persoonlike ondersteuning in 'n tweerigtingkommunikasieproses (Smit, 1989:66; Sue & Sue, 1990:30). Volgens D'Ardenne (1989:2) geskied voorligting wanneer “a person, occupying regularly or temporarily the role of counsellor, offers and agrees explicitly to give time, attention and respect to another person, or persons, who will be temporarily in the role of the client. The task of the counsellor is to give the client an opportunity to explore, discover and clarify ways of living more resourcefully and towards greater wellbeing. The counsellor provides a secure and facilitating atmosphere for this to occur.”

Volgens Pedersen (1989:4) is voorligting, “a generic term for helpful interpersonal communication” - eensyds om beroepsvoorligting te verskaf en andersyds psigoterapeutiese gedragsverandering mee te bring. Marais (1995:64) definieer voorligting soos volg:

“Voorligting op algemene vlak is... die verantwoordelike bemoeiing wat die opvoeder met die kind maak om hom te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van faktore wat sy geestesgesondheid kan versteur, hom te help in die optimale ontplooiing van al sy moontlik-

hede, en hom te bring tot verantwoordelike, mondige uitvoering van sy lewensroeping. Dit vind gestalte in 'n verantwoordbare en verantwoordelike beroepskeuse.” Woolfe (1987:1161) beklemtoon raadgewing as deel van voorligting, en beskryf voorligting as raadgewinggerig.

Voorligting kan dus saamgevat word as individuele hulp of persoonlike ondersteuning op 'n verantwoordelike wyse deur die voorligter aan die leerder, wat deur middel van interpersoonlike kommunikasie, beroepsvoorligting en psigoterapeutiese gedragsveranderinge meebring. (Smit, 1989:66; Sue & Sue, 1990:30; Pedersen, 1989:4; Marais 1995:64).

2.2.6 Multikulturele voorligting


Multikulturele voorligting word deur Watson (1988:55) omskryf as: “a helping relationship in which the counsellor and client differ culturally, racially or ethnically”. Multikulturele voorligting behels dus 'n interpersoonlike ondersteuningsverhouding tussen die voorligter en die leerder met kulturele, rasse- en etniese verskille (Watson, 1988:55). Sue & Sue (1990:32) definieer multikulturele voorligting as die voorligting waar die deelnemers (die voorligter en die leerder) etnies van mekaar verskil, of dit is 'n situasie waar die voorligter en die leerder aan dieselfde ras behoort met dieselfde etniese waardes, maar as gevolg van ander faktore soos geslag, sosio-ekonomiese faktore, en ouderdom, vorm hulle deel van verskillende kulturele groepe. Multikulturele interaksie vind plaas wanneer die voorligter en die leerder kulturele ooreenkomste toon, maar terselfdertyd van mekaar verskil (Fukuyama, 1990:8).

2.3 DIE HISTORIESE AANLOOP TOT MULTIKULTURELE ONDERWYS, EN DIE FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT MULTIKULTURELE VOORLIGTING

2.3.1 Inleiding

Voordat daar na die historiese aanloop van multikulturele onderwys gekyk kan word, moet die begrip **multikultureel** verstaan word. Die onderstaande model, wat deur Locke (1992:2) saamgestel is, kan as riglyn dien om die diversiteit van individue en groepe te verstaan. Die ontdekking van verskille, kulturele patrone en kulturele diversiteit word duidelik in hierdie model uiteengesit.

Figuur 2.1
Multikulturele begrip



BRON: Locke (1992:2).

- **Selfbewuswording**

Hierdie komponent verwys na die tradisionele **ken-jouself**. Om goeie verhoudinge binne kulturele diversiteit te verseker, is dit noodsaaklik dat individue hul persoonlike ervarings met mekaar moet deel. Persoonlike voorkeure, waardes, belange (wat uit eie kultuur gevestig is) en kultuur, sal tot sensitiwiteit teenoor ander kultuurgroepe bydra. Selfbewuswording is die eerste stap na dit wat 'n mens van 'n ander wil verstaan. Antwoorde op die volgende vrae kan duidelikheid oor selfbewuswording gee:

- Wat is my kulturele erfenis?
- Met watter kulturele groep word ek geassosieer?
- In watter opsigte kom my waardes, geloof, houdings en gevoel met dié van die mees dominante kultuurgroep ooreen?
- Watter verwagtinge, doelstellings en beperkinge kan my verhoudinge met ander kultuurgroepe beïnvloed?

- **Wêreldinvloede**
Die kultureel sensitiewe persoon moet kennis dra van wêreldgebeure en die wyse waarop verskillende kultuurgroepe hierdie gebeure vertolk. Gebeure wat in 'n land van 'n spesifieke kulturele groep plaasvind, kan emosionele reaksie by so 'n groep ontlok.
- **Dominante kultuur**
Hierdie komponent is baie relevant, veral waar daar twee verskillende kultuurgroepe ter sprake is. Onderwysers en voorligters moet 'n duidelike begrip hê van die waardes van die meer dominante kultuurgroep. So byvoorbeeld is die waardes van die Anglo-Sakse, teen die einde van die negentiende eeu, as die mees verteenwoordigende groep in die Verenigde State van Amerika erken.
- **Bewustheid van kulturele verskeidenheid**
In bogenoemde model word verskillende elemente van kultuur ondersoek, naamlik akkulturasie, armoede, verdrukking, die rol van taal, rassevooroordeel, sosio-politieke faktore, kinderopvoeding, religieuse praktyke, gesinstrukture en kulturele waardes en houdings. Natuurlik kom daar binne 'n bepaalde kultuurgroep ook verskille voor, en hierdie verskille kan groter as die verskille tussen dominante en ander kultuurgroepe wees (Locke, 1992:4).

Vervolgens word die onderskeie elemente van die model in Figuur 2.1 bespreek.

□ **Akkulturasie**

Die onderskeie lede van 'n kultuurgroep verskil van mekaar. Hulle funksioneer verskillend. Locke (1992:5) onderskei tussen die volgende lede van 'n groep:

- **Die bikulturele persoon**
Hierdie persoon kan net so goed in 'n dominante kultuurgroep as in 'n eie kultuurgroep funksioneer.
- **Die tradisionele persoon**
Hierdie persoon heg slegs waarde aan sy/haar eie kultuurgroep en verwerp alle ander kultuurgroepe.
- **Marginale groep**
Hierdie groep persone heg min of geen waarde aan enige kultuurgroep.

- **Akkulturele persoon**

Die akkulturele persoon sal die dominante kultuurgroep aanneem en van sy/haar eie kultuur afstand doen.

- **Armoede**

'n Buitengewoon groot aantal kultuurgroepe leef in armoede. Die voorligter moet begrip en empatie teenoor hierdie etniese groepe toon. Politieke en ekonomiese faktore kan as bydraende faktore tot armoede gesien word. Bogenoemde stelling sluit aan by die volgende punt wat bespreek word, naamlik 'n geskiedenis van verdrukking wat by minderheidsgroepe voorkom.

- **Geskiedenis van verdrukking**

Die onderwyser en die voorligter moet teenoor diegene wat 'n tydperk van verdrukking ondergaan het, simpatiek staan en begrip vir die psigologiese implikasies van die verdrukking toon.

- **Die rol van taal**

Kultuur word deur kommunikasie oorgedra. Ter wille van 'n beter begrip van mekaar is dit belangrik dat verskillende kultuurgroepe mekaar se taal aanleer (Locke, 1992:1-7). Sonder 'n begrip vir en die gebruik van 'n eenvormige landstaal sal daar nie kommunikasie wees nie. 'n Wedersydse taalbegrip gaan hand aan hand met 'n wedersydse kultuurrespek (Marais, 1995:20).

- **Rassevooroordeel**

Rassevooroordeel verwys na die oordeel van 'n ras of etniese kultuurgroep voordat kennis oor so 'n groep ingewin is. Daar kan onderskei word tussen vooroordeel en rassevooroordeel. Vooroordeel word deur Locke (1992:8) gedefinieer as “judging before fully examining the object of evaluation”. Rassevooroordeel is dus 'n vorm van vooroordeel wat in menslike gedrag voorkom (Marais, 1995:52). Rassisme en vooroordeel is vervleg in die verdrukking van kulturele diversiteit (Locke, 1992:9).

□ **Sosio-politieke faktore**

Die voorligter moet begrip toon vir die uniekheid van sosiale faktore wat 'n invloed op kultuur het. Enkele voorbeelde van hierdie sosiale faktore word deur Locke (1992:9) genoem:

- Die wyse waarop sekere openbare vakansiedae gevier word.
- Die rol van sosiale organisasies.
- Die manier waarop vriendskapsbande binne sekere kultuurgroepe gevorm word (Locke, 1992:9).

Politieke faktore dra by tot die selfbeskikking van 'n persoon binne 'n kulturele groep. Die politieke faktore het in die verlede, maar speel ook tans, in Suid Afrika 'n groot rol ten opsigte van verandering, vernuwing en verbetering van die onderwyssituasie. Die politiek kan as “sleutel” gebruik word om veranderinge te bewerkstellig (Marais, 1995:20).

□ **Opvoeding van die kind**

Die gesin vorm die primêre bron van kultuurontwikkeling. Familieverwantskap, die sosialisering van geslagsrolle, geldingsgedrag by kinders en die rol van kompetisie binne die kultuurgroep is enkele voorbeelde van kinderopvoedingspraktyke binne bepaalde kultuurgroepe (Locke, 1992:10). Sekere dinge word binne 'n kultuurgroep aangeleer en is nie biologies oorerflik nie. In die proses van kultuurverwerking speel die huisgesin 'n basiese rol, terwyl maats, kommunikasiemiddele en veral die skool belangrike bydraes kan lewer (Marais, 1995:43).

□ **Religieuse praktyke**

Die term religie dui op 'n georganiseerde stelsel van geloof in God, gode of ander bonatuurlike wesens. Religie dra by tot die verhouding met ander mense en die heelal. In sommige kultuurgroepe is religie en politiek baie nou verwant. Vir sommige kultuurgroepe is religie die primêre bron van krag om aan die dominante kultuurgroepe se eise te voldoen. Vir ander kultuurgroepe is religie die primêre determinant van 'n eenheidsgevoel. Dit vorm 'n grondslag vir kohesie en dit gee ook morele krag aan so 'n kultuurgroep.

□ **Gesinstrukture**

Omdat die gesin die primêre bron van kultuur vorm, het die gesin ook 'n verantwoordelikheid om die kind só op te voed dat hy/sy op die kulturele eienskappe van die ouers kan voortbou. Faktore soos hoeveel gesag binne gesinsverband uitgevoer moet word, die implikasies van huwelike buite die kulturele groep en die verhouding tussen gesinslede, speel 'n belangrike rol in die invloed van gesinsstrukture binne 'n kultuurgroep.

□ **Kulturele waardes en houdings**

Die volgende vrae kan ten opsigte van die kulturele waardes en houdings van die mens gevra word: Is die oriëntasie tydsgebonde? Watter waardes word aan menseverhoudings geheg? Handhaaf die mens in sy aktiwiteite 'n *status quo*, of streef hy na nuwe ideale? Word die mens met geboorte reeds geëtiketteer as goed, sleg of neutraal?

2.3.2 Die historiese aanloop tot multikulturele onderwys

Multikulturele onderwys geniet tans binne die onderwysgemeenskap asook die breër samelewing nasionale sowel as internasionale aandag. Demografiese veranderinge binne die gemeenskap vereis dat mense wat voorheen nooit kontak met mekaar gehad het nie nou met mekaar moet saamwerk. Hierdie kontak tussen groepe mense vind binne 'n politieke, sosiale en ekonomiese raamwerk plaas.

Die onderwys word tans, meer as in die verlede, uitgedaag om verskillende groepe leerders so op te voed, dat gelyke en regverdigte onderwysgeleenthede aan almal gebied kan word (Grant, 1992:1).

Navorsing oor multikulturele onderwys behoort alle aspekte soos onderwysbeleid, onderrigpraktyke, opvoeding en onderwyser-kindverhouding, in te sluit. Gedurende die sestigerjare het navorsing ten opsigte van gelykheid en veral desegregasie die samestelling van die onderwysbeleid in Amerika sterk beïnvloed. Aspekte soos ras, klas, geslag, taal en ongepastheid het 'n baie groot impak op die onderwysbeleid gehad. Die onderwysbeleid moes berus op die beginsel van multikultureel wat vir gelyke onderwysgeleenthede voorsiening maak (Grant, 1992:4).

In navorsing oor die Britse onderwysstelsel het Pumfrey, (1993:3) die volgende vrae ten opsigte van gelyke onderwysgeleenthede gevra:

“Is there equality of educational opportunities? Is the aspiration ”pie in the sky”, “idealistic nonsense”, “a waste of time”? Or is it an ideal that must be at the heart of our educational system and society? Is it a concept without which the National Curriculum will wither on the vine of vindictiveness?” Die antwoord hierop was baie duidelik: “It must educate the ethnic-majority group to enable the minority group to achieve access to educational, social, and political equality as full citizens of the society.”

Navorsing oor multikulturele onderwys moet alle aspekte van multikulturele onderwys insluit en nie slegs enkele aspekte van die onderwys nie (Sue & Sue, 1990:25). 'n Multikulturele kurrikulum kan as ondersteunende en motiverende faktor in hierdie verband dien. Dit moet ook aan alle leerders die geleentheid bied om uiteindelik met groter selfvertroue beroepskeuses te maak en beroepsuitdagings aan te pak. 'n Multikulturele benadering sal probleme vanuit verskillende perspektiewe kan ondersoek sodat 'n sterk ekonomiese sowel as 'n politieke en 'n sosiale leefwyse as deel van kultuur kan ontwikkel (Sue & Sue, 1990:28).

Hieruit blyk dit dat navorsing oor multikulturele onderwys in die geheel, maar ook navorsing in verband met voorligting, noodsaaklik geword het. Sue & Sue (1990:28) het deur middel van navorsing in die VSA vasgestel dat 'n betreklik klein persentasie minderheidsgroepe vir voorligtingsdienste aanmeld.

Die volgende redes word hiervoor aangevoer:

- Die meerderheid voorligters in die voorligtingsentra was blank. As gevolg dáárvan het die minderheidstudente gevoel dat daar teen hulle gediskrimineer word en dat daar nie noodwendig na hulle probleme omgesien word nie.
- Aangesien die meeste voorligters 'n een-tot-eenverhouding met hul studente het (Sue & Sue, 1990:29; Pedersen, 1994:166) het die minderheidsgroepe hierdie metode as formeel, gedistansieerd en verwyderd beskryf. Die voorligters behoort na die studente in hul omgewing te beweeg om hul ervaringswêreld te deel.
- Die voorligtingsentra is meer op die persoonlike en emosionele gedrag van die kind ingestel, terwyl die minderheidsgroepe meer beroeps- en opvoedkundig georiënteerd is. Hulle wil graag ondersteuning in die verband sien.
- 'n Tekort aan tweetalige/veeltalige voorligters bemoeilik verbale kommunikasie tussen die kind en die voorligter. Om effektiewe voorligting te verseker, moet die voorligter en die kind in staat gestel word om op 'n effektiewe wyse verbaal en nie-verbaal met mekaar te kommunikeer (Sue & Sue, 1990:30).

□ **Konflik en wanvertolking van multikulturele voorligting**

Skole moet aan alle leerlinge die geleentheid bied om die oorsake van konflik tussen verskillende individue, groepe en nasies te verstaan. Die gebrek aan 'n goeie taalvermoë kan die kommunikasie tussen die kind en die voorligter bemoeilik en veroorsaak dat wanvertolkings van die voorligtingsproses plaasvind (Sue & Sue, 1990:34).

Die voorligter en die leerder kan gefrustreerd raak in sulke voorligtingsessies. Sodanige frustrasie gee aanleiding tot 'n negatiewe, nie-samewerkende en sturse houding tussen die leerder en die voorligter. Konflik word hierdeur bevorder en gevolglik is die voorligtingsproses onsuksesvol.

Min mense sal van die standpunt verskil dat opvoeding van kardinale belang is in 'n individuele lewe. 'n Goeie onderwysstelsel moet aan alle leerlinge die kennis en vaardigheid bied wat hulle op 'n kompeterende beroepswêreld sal voorberei. Volgens Mallick (1993:60) sou die oordrag van hierdie kennis en vaardighede op skoolvlak makliker gewees het indien alle leerders dieselfde sosio-ekonomiese, kulturele, godsdienstige en taalagtergrond gehad het.

In 'n multikulturele samelewing soos Brittanje word die onderrigleerproses beïnvloed deur die feit dat die gemeenskap uit verskeie etniese en kulturele groepe bestaan. Die doelstelling van beroepsvoorligting in hierdie sekondêre skole is om vir die individuele leerder se beroepskeuse voorsiening te maak. "Most individuals have occupations; many have paid jobs; some have careers and a few have vocations." (Mallick, 1993:61).

Een van die opwindendste ontwikkelinge in die Britse samelewing sedert 1950 was die ontwikkeling van 'n pluralistiese samelewing. Mense met verskillende of liever teenstrydige kulturele waardes het dieselfde stede bewoon en dieselfde skole bygewoon. Hierdie multikulturele groepe het tot veranderende karaktereïenskappe by skole bygedra, en 'n mens sou verwag dat hierdie skole by die nuwe uitdagings en verskeie behoeftes van die leerder sou aanpas. Na dertig jaar is daar steeds gevra wat en hoe in die nuwe bedeling onderrig moet word. "There is sufficient evidence in the literature to suggest that ethnic minorities have suffered from all sorts of disadvantages in terms of career advancement, education, welfare, housing and employment." (Verma, et al., 1993:52). Sue & Sue (1990:24) sluit hierby aan deur die volgende stelling te maak: "For too long we have deceived ourselves into believing that the practice of counselling and the data base that underlie the profession are morally, ethically, and politically neutral."

'n Persoon met 'n spesifieke kulturele agtergrond se wêreldbeskouing sal bes moontlik, in die lig van ervarings uit vroeë kinderjare, na vore kom. Dit impliseer dat 'n kind se voorstelling van die wêreld deur sy onmiddellike omgewing bepaal word. Vir die meeste individue is die gesin die vernaamste deel van hierdie omgewing.

Een van die belangrikste beginsels om pluralisme te verstaan, is om een wêreldbeskouing nie belangriker as 'n ander te ag nie. Tog is dit moeilik om 'n individu wat ongeag sy houdings op gelyke grondslag behandel moet word, as “normaal” te beskou.

Die beoordeling en veroordeling van ander groepe se waardes kan veroorsaak dat 'n individu verward raak ten opsigte van sy eie waardes. Deur navorsing is byvoorbeeld gevind dat Moslem-ouers se houding ten opsigte van die opvoeding van hul dogters duidelik van die van die Westerse ouers verskil. Moslem-ouers beskou die Westerse ouers as meer liberaal, terwyl Westerse ouers Moslem-ouers as oorbeskermend beskou. Dit is interessant om daarop te let dat Moslem-ouers, as gevolg van industrialisasie, hul dogters wel begin toelaat om beroepskeuses te maak voordat hulle trou. Die onderwysstelsel en veral beroepsvoorligters behoort dus die kulturele en godsdienstige oortuigings van sommige kulturele groepe met begrip en sensitiwiteit te hanteer. Navorsing het ook getoon dat die gesinne van die meeste etniese groepe 'n groot invloed op hul kinders se beroepskeuse het (Mallick, 1993:61-65). Die proses van beroepsaanpassing berus hoofsaaklik op vorige en huidige ervarings asook op die toekomstige verwagtinge van die individu binne 'n sekere sosiale konteks. Veralgemening in die verband moet met groot omsigtigheid gehanteer word.

2.3.3 Enkele aanbevelings ten opsigte van die begrip multikultureel

Belucci (1982:202) het bevind dat verskeie programme wel ontwikkel is om die kind se rasse/etniese verhoudinge te verbeter. Slegs enkele programme het in die affektiewe en psigologiese opvoeding van die kind voorsien. Die **multikulturele bewustheidskurrikulum** wat as gevolg van Belucci se navorsing ontwikkel het, word vervolgens kortliks bespreek. Die hoofdoel van hierdie navorsing was om die kind se houding teenoor multikultureel te verbeter. Die onderwyser kan as tussenganger optree en as 'n multikulturele “veranderingsagent” 'n bydrae lewer.

Belucci se navorsing het uit agt aktiwiteite bestaan:

□ **Aktiwiteit 1: Multikulturele houdings**

Die multikulturele aspekte wat hieronder bespreek word, het te doen met daardie aspekte wat konflik tussen groepe veroorsaak, ongeag ras, geslag, godsdiens, geografiese ligging of sosiale verskille. 'n Voortoets is opgestel om die houdings teenoor ander kultuurgroepe te bepaal. Daar is op aspekte soos ras, etnisiteit, geslag en godsdiens, diskriminasie, vooroordeel en persoonlikheids- ontwikkeling, sosiale interaksie, persoonlike ervarings ten opsigte van direkte diskriminasie, en multikulturele aktivisme gekonsentreer. 'n Addisionele aktiwiteit wat as 'n informele voortoets kan dien, is verbale assosiasies, byvoorbeeld: die leerder assosieer hom/haar met "Southerners, New Yorkers, Puerto Ricans, Midwesterners."

□ **Aktiwiteit 2: Foto-interpretasies**

Hierdie aktiwiteit word veral vir jonger leerders aanbeveel. Dit is wenslik om kinders wat emosioneel ekspressief is, te gebruik, sodat spontane response verkry kan word. Die response van die leerders sal 'n weergawe wees van hul eie gevoelens en gedagtes. Die voorligter sal in staat wees om te bepaal in watter opsig die lewenstyl van die leerder wat die response lewer, verskil van dié van die persoon op die foto. Leerders kan ook daarvan bewus gemaak word dat verskillende persone dieselfde gevoelens ervaar.

Hulle kan selfs bewus gemaak word van omgewingsverskille.

□ **Aktiwiteit 3: Persoonlike vrae**

Die voorligter kan van 'n stel indekskaarte met vrae wat oor persoonlike voorkeure handel, gebruik maak. Die doel van hierdie aktiwiteit is om die leerder bewus te maak van die ooreenkomste en verskille tussen persone. Ses tot nege leerders word by hierdie aktiwiteit betrek, en elke leerder moet die geleentheid kry om spontaan op die volgende vrae te antwoord:

- Waarvan sal jy hou vir jou volgende verjaardag?
- Wat is die beste wat met jou kan gebeur?
- Wat is die slegste wat met jou kan gebeur?
- Watter plek in die wêreld sal jy graag wil besoek?
- Wat is jou geliefkoosde boek?
- Wat is jou geliefkoosde rolprent?
- Wat is jou geliefkoosde speletjie?
- Van watter akteur/aktrise hou jy die meeste?

- Watter skoolvak geniet jy die meeste?
- Watter skoolvak is vir jou die moeilikste?
- Van watter eienskappe in jou beste vriend(in) hou jy die meeste?
- Watter dinge doen jy en jou beste vriend(in) saam?
- Wat doen jy die graagste wanneer jy alleen is?

Aan hoërskoolleerders kan die volgende meer stimulerende vrae gestel word:

- Alle persone is dieselfde omdat hulle ...
- Indien ek slegs 24 uur gehad het om te leef, sou ek graag ...
- Alle persone is verskillend, omdat hulle ...
- My broer hou van ...
- Ek dink ouers behoort hulle kinders ... te behandel.

Twee groepsessies wat deur Limbacher (1970:203) ontwikkel is, kan hier genoem word, naamlik: Wat is jou mening? En veronderstel dat ... ensovoorts. Elkeen van hierdie groepsessies bevorder waardevoorkeure.

□ **Aktiwiteit 4: Bewustheidsosioogram**

Die bewustheidsosioogram is 'n diagram wat die sosiale rangorde van verskillende kultuurgroepe aandui. Met die gebruik van hierdie aktiwiteit binne 'n multikulturele konteks word die leerder gehelp om meer bewus te wees van die bevooroordeelde sosiopatrone van verskillende persone. Die doel van hierdie aktiwiteit is om die onderwyser te motiveer om van hierdie tegniek gebruik te maak sodat sosiale mobiliteit binne die klaskamer kan plaasvind. Die voorligter kan 'n “gevoelsbespreking” hou.

□ **Aktiwiteit 5: Rolprente**

Verskeie rolprente kan gebruik word om effektiewe en positiewe multikulturele houdings te skep.

□ **Aktiwiteit 6: Gedigte**

Skrywers staan bekend as die “sielkundiges van ons tyd”. Die digkuns kan gebruik word om 'n multikulturele bewustheid te ontwikkel. Die leerder kan selfs toegelaat word om sy eie gedigte te skryf en sodoende sy emosies uit te leef.

□ **Aktiwiteit 7: Eksperimentele oefening**

Hierdie aktiwiteit sluit 'n groepsaktiwiteit in wat veral op primêre skoolleerders van toepassing is. 'n Groep leerders kan byvoorbeeld gebruik word om te beskryf hoe hulle 'n ramp sou oorleef. Die voorbeeld van die “Nuclear Holocaust Survivor Selection”-oefening word in hierdie navorsing genoem. Die doel van die aktiwiteit is om waardevolle kwaliteite van die mens te bespreek.

□ **Aktiwiteit 8: Televisieprogramme**

Gewilde opvoedkundige televisieprogramme kan gebruik word om gestruktureerde besprekingsessies met leerders te hou (Bellucci, 1982:202-207).

Die bogenoemde agt aktiwiteite kan deur voorligters as hulpmiddel gebruik word. Verder word aanbeveel dat die voorligter ook van eie inisiatiewe gebruik moet maak om soortgelyke aktiwiteite te ontwikkel. Afsien daarvan dat dit interessant is, is dit ook koste-effektief.

2.4 'N OORSIG OOR DIE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN MULTIKULTURELE VOORLIGTING

2.4.1 Oriëntering

Die doelstellings van multikulturele voorligting gaan van die veronderstelling uit dat die voorligter, die leerder, die veroorsakende probleem en die omgewing waarbinne voorligting plaasvind, gestalte kry deur die interaksie tussen verskeie kulturele verhoudinge. Volgens hierdie benadering is alle voorligting in 'n sekere mate multikultureel.

Voorligtingsteorieë en -strategieë kan nooit van toepassing gemaak word of akkuraat wees indien kultuur geïgnoreer word nie, omdat die leerder se gedrag nie binne sy/haar kulturele konteks geïnterpreteer word nie. Die kulturele konteks sluit ooreenkomste sowel as verskille in. Die voorligter moet bewus wees van hierdie verskille en ooreenkomste tussen mense (Pedersen, 1994:147). Sommige persone vorm deel van 'n kulturele groep bloot omdat hulle gelyksoortige karaktereienskappe het maar verskil van die mees dominante groep. Lede van hierdie kulturele groep ervaar 'n mate van diskriminasie, vooroordeel en verwerping (Fukuyama, 1990:7).

'n Oorsig oor die historiese perspektief van multikulturele voorligting word vervolgens bespreek.

2.4.2 'n Historiese perspektief

Die geskiedenis en ontwikkeling van multikulturele voorligting strek reeds die afgelope drie dekades in die Verenigde State van Amerika (Fukuyama, 1990:6). 'n Behoefte het toe reeds ontstaan om intensiewe navorsing in die verband te doen. Die bevindinge van Pedersen word nou bespreek.

Die tekortkominge in die navorsing vir multikulturele voorligting word toegeskryf aan die kompleksiteit en dinamika van kultuur (Pedersen, 1994:148). Uit die historiese omvang van voorligting is dit duidelik dat voorligting reeds onder verskeie kultuurgroepe voorgekom het. Hoewel geestesgesondheidsprobleme by alle kultuurgroepe voorkom, word dit deur verskillende kultuurgroepe verskillend geëtiketteer (Pedersen, 1994:148). Inligting wat deur navorsing bekom word, is veronderstel om die basis van enige profesie wat voorgegee word as 'n wetenskap, te vorm.

Hierdie inligting moet onpartydig en objektief weergegee word. Die navorser is soms geneig om sy interpretasie en bevindinge op sy persoonlike, professionele en samelewingswaardesisteem te grond (Sue & Sue, 1990:21). Dieselfde neiging kom in die voorligtingsprofesie voor. 'n Navorser se rassistiese houding kan byvoorbeeld ander kultuurgroepe as neutories, psigoties, psigopaties ensovoorts, in plaas van 'n geronde persoon, beskryf. Die navorser mag nie meer sy navorsing suiwer op die wetenskap en morele neutraliteit begrond nie (Sue & Sue, 1990:21). Carl Rogers, 'n bekende humanistiese psigoloog, het die volgende gesê: "If behavioral scientists are concerned solely with advancing their science, it seems most probable that they will serve the purpose of whatever group has the power" (Sue & Sue, 1990:22).

Pedersen (1994:168) maak die volgende gevolgtrekking ten opsigte van die navorsing van multikulturele voorligting:

Toekomstige navorsing vereis die ineenvloeiing van kultuur en voorligting. Hierdie ineenvloeiing kan in vier verskillende areas verdeel word, naamlik:

- Om die begrips- en teoretiese benadering in interaksie met kultuur en voorligting eerder te bevorder, as om die uiteenlopende en onvolledige teoretiese alternatiewe te aanvaar.

- Navorsingspogings op te skerp sodat die primêre veranderlikes geïdentifiseer word, soos byvoorbeeld, wat het gebeur, interpreteer wat nou gebeur en voorspel wat sal in die multikulturele voorligtingsproses gebeur.
- Kundiges word benodig om die voorligters op te lei sodat hulle multikultureel voorberei kan word op 'n pluralistiese gemeenskap.
- 'n Ommekeer in die benadering van multikulturele voorligting is noodsaaklik sodat regverdig en toepaslike voorligting aan alle leerders verseker kan word.

Korrektheid en geskiktheid kan as die fundamentele vereistes vir die effektiewe toepassing van multikulturele voorligting gereken word (Pedersen, 1994:168).

Met die veranderende onderwysstelsel in Suid-Afrika het dit noodsaaklik geword om ook multikulturele voorligting in die land te bespreek.

2.5 MULTIKULTURELE SKOOLVOORLIGTING IN SUID-AFRIKA

2.5.1 Agtergrond

Die ontwikkeling van die onderwys in Suid Afrika is onmiskenbaar beïnvloed deur politieke en ekonomiese faktore.

Voorligting vir swartmense is slegs op informele basis en wel binne bepaalde kultuurverbande aangetref. Politieke strukture het gaandeweg daartoe gelei dat blanke onderwys en die uitbouing van voorligtingsdienste voorrang bo swart onderwys geniet het (Marais, 1987:82). Skoolvoorligting is reeds sedert 1943 in blanke skole aangebied. Die Departement van Onderwys en Opleiding het skoolvoorligting sedert 1981 in swart skole beskikbaar gestel, en gedurende 1982 in swart sekondêre skole van stapel gestuur (Hickson, 1989:78; Marais, 1987:82). Die doel van hierdie sillabus was om in die persoonlikheids-, sosiale, onderwys- en beroepsbehoefte van swartes te voorsien (Marais, 1987:82).

Suid-Afrika het sedertdien in 'n rigting van demokrasie beweeg waar een onderwysstelsel vir alle skole geld. Mettertyd is meer vereistes aan die skoolvoorligter gestel om in die behoeftes van alle leerders te voorsien. In die huidige bedeling word daar van die voorligter verwag om die jeug, ongeag ras, geslag of kultuur, tot algehele lewensgeluk te lei, veral met betrekking tot intra- en interpersoonlike verhoudings (Marais, 1987:84). In hierdie verband merk Marais op dat “in a world where apparent distance between nations and cultures becomes smaller

every day, increased cross cultural understanding is mandatory". Die ideaal is dat elke leerder as 'n skepsel van God geag sal word (Marais, 1993:34).

Die noodsaaklikheid van 'n multikulturele sillabus het 'n prioriteit van alle skole geword. Die tyd het nou ryp geword dat intensiewe voorligtingsprogramme by skole geïmplementeer moet word om aan al die behoeftes van al die leerders te voorsien.

2.6 DIE EFFEKTIWITEIT VAN VOORLIGTINGSPROGRAMME

2.6.1 Oriëntering

Die belangrikheid om verskillende multikulturele aspekte by die voorligtingsprogramme te integreer, word al meer beklemtoon. (Ponterotto, 1988:242).

Dit het daarom ook belangrik geword dat die voorligter 'n hoë mate van sensitiwiteit ten opsigte van kultuurverskille ontwikkel (Ponterotto, 1988:242). Die voorligter speel 'n sleutelrol in multikulturele onderwys en moet daarom oor spesifieke vaardighede beskik.

Daar word van die voorligter verwag om 'n duidelike en omvattende kennis te hê ten opsigte van die agtergrond van alle leerders, veral diegene wat uit minderbevoorregte kulture met spesifieke behoeftes kom. Die voorligter moet sodanige behoeftes noukeurig waarneem en interpreteer, sodat die betrokke onderwyser(es) van sulke behoeftes verwittig kan word (Das, 1989:311-312).

Volgens Parker (1989:313) mag die skoolvoorligter sy dienste nie slegs aan sommige leerders beskikbaar stel nie, en ook nie sy belange tot eie voordeel beperk nie.

Die voorligter moet in 'n voorligtingsprogram voorsiening maak vir ondersteuning aan leerders vir emosionele veranderings wat ervaar word tydens stedelike desegregasie.

Die skool se taak moet ook wees om elke leerder, ongeag van ras of volksverband, voor te berei op 'n menswaardige toekomsbestaan. Sodoende kan hy/sy 'n positiewe aandeel hê in die vooruitgang van ons land (Lamprecht, 1989:503).

2.6.2 Effektiewe voorligtingsprogramme

Volgens Rowe (1989:416) ontstaan die vraag egter in watter mate die leerder bevoordeel word deur skoolvoorligters se dienste by skole? Wat kan die ouers en die leerder van die voorligtingsprogram wat by skole aangebied word, verwag?

Daar bestaan egter 'n leemte om die leerder se behoeftes in die voorligtingsprogram in te bou.

Ouers en leerders koester enersyds sekere verwagtinge van voorligtingsprogramme en andersyds is daar sekere verwagtinge van die voorligter ten opsigte van die leerder. Die leerder verwag dat die voorligter sy behoeftes in ag sal neem deur middel van konseptuele ontwikkeling.

Die doel van die voorligtingsprogramme moet wees om by die skoolprogram as geheel geïntegreer te word. Die skoolvoorligter moet verseker wees dat die leerder sekere vaardighede sal ontwikkel, asook om sekere houdings te vorm vanuit 'n effektiewe voorligtingsprogram.

Volgens Rowe (1989:417) bestaan 'n effektiewe voorligtingsprogram uit vier belangrike aspekte wat as die sentrale punt vir kwalitatiewe voorligting beskou moet word, naamlik:

- Dit moet sistematies toegepas word.
- Dit moet oordraagbaar wees.
- Dit moet uitvoerbaar wees.
- Dit moet as waarborg dien.

Hierdie aspekte word vervolgens kortliks bespreek:

□ Dit moet sistematies wees

In beroepsvoorligting hou die produktiwiteit van die voorligter direk verband met die aktiwiteit wat in die voorligtingsprogram beplan, georganiseer en geïmplementeer word. Die doelstellings van die voorligtingsprogram moet by die res van die skool se program geïntegreer word. Die voorligter moet deur middel van die voorligtingsprogram die leerder so voorberei dat hy/sy meer bekwaamhede en vaardighede aanleer asook om van sekere houdings byvoorbeeld lewenshoudings bewus gemaak word (Rowe, 1989:417).

- **Die voorligtingsprogram moet oordraagbaar wees.**

Omdat leerders soms van een skool na 'n ander skool verander, is dit belangrik dat kontinuiteit van skoolvoorligtingsprogramme moontlik gemaak word. Indien alle voorligtingsprogramme by alle skole op dieselfde beginsels gegrond is, kan dit 'n positiewe bydrae tot die kind se emosionele, persoonlike, opvoedkundige en beroepsontwikkeling lewer.

- **Die voorligtingsprogram moet uitvoerbaar wees**

Indien van die voorligter verwag word om alle doelstellings van alle leerders by die voorligtingsaktiwiteite in te sluit en die effektiwiteit daarvan te meet, moet aanvaar word dat hierdie voorligtingsaktiwiteite onuitvoerbaar is.

Die voorligter moet eerstens sy/haar prioriteite bepaal, deur:

- vas te stel watter aspekte vir die skool en die gemeenskap belangrik is;
- te bepaal wat met beskikbare personeel en hulpmiddele, uitvoerbaar is;
- met die nodige ondersteuning van die skool, die belangrikste prioriteite na te kom en te ontwikkel; terwyl

- **die voorligtingsprogram as waarborg moet dien.**

Wanneer die ouers, leerders, die skool en die voorligters genoeg vertroue in die skool se voorligtingsprogram het, kring die ondersteuning en belangstelling van al vier hierdie “vennote” soveel wyer uit. Die voorligtingsprogram word ook meer toerekenbaar (Rowe, 1989:421).

Indien 'n voorligtingsprogram aan hierdie vereistes voldoen, kan leerders aan hul eie verwagtinge voldoen en sal ouers en onderwysers 'n meer positiewe bydrae tot die ontwikkeling van 'n algehele opvoedingssisteem kan lewer.

2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar veral aandag geskenk aan die begrippe multikulturele voorligting, asook die noodsaaklikheid van multikulturele voorligting. Deur middel van voorbeelde uit navorsing is aangetoon dat multikulturele voorligting onontbeerlik is vir die nuwe onderwysstelsel in Suid-Afrika.

In die volgende hoofstuk word die beginsels van voorligting in die algemeen en die beginsels van multikulturele voorligting in die besonder bespreek.

HOOFSTUK 3

DIE BEGINSELS VAN VOORLIGTING IN DIE ALGEMEEN EN VAN MULTIKULTURELE VOORLIGTING IN DIE BESONDER

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en van multikulturele skoolvoorligting in die besonder. Die vraag is: Wat presies behels die taak van die voorligter, en watter beginsels geld vir die suksesvolle uitvoering van sy taak?

Volgens Marais (1995:3) is dit noodsaaklik dat voorligters die beginsels van die voorligtingsproses moet begryp sodat hulle beter begrip sal toon vir die aard en omvang van die voorligtingsprogram waarbinne 'n skoolsisteem funksioneer.

Om 'n hoë kwaliteit diens te verseker, moet die voorligter homself tot professionele groei en persoonlike ontwikkeling verbind (Rust, 1990:3).

Voordat hierdie hoofstuk bespreek word, moet die begrip **beginsel** eers omskryf word. 'n **Beginsel** word gedefinieer as die grondreël of grondslag van 'n saak (Labuschagne, 1993:64). De Lange (1981:2) definieer 'n **beginsel** as 'n “non-operational statement of a generally accepted premise for the determination of an education policy”. **Beginsels in voorligting** kan omskryf word as die filosofiese raamwerk waarbinne voorligtingsprogramme en -aktiwiteite ontwikkel (Gibson & Mitchell, 1995:37).

Vervolgens word die aard en wese van voorligting in die algemeen bespreek.

3.2 VOORLIGTING IN DIE ALGEMEEN

3.2.1 Die historiese ontwikkeling van voorligting

Die mens is vanaf die vroegste tye op soek na raad en voorligting van mense wat oor buitengewone kennis, insig en ervaring beskik. Opperhoofde en ouer persone van eertydse stamme is as die eerste voorligters of beraders erken, aangesien die jeug met probleme na sulke persone vir voorligting en raad verwys is. In hierdie primitiewe gemeenskappe het die stamlede wesenlike ekonomiese bedrywe, byvoorbeeld, jag, vissery en landbou, met mekaar gedeel (Gibson & Mitchell, 1995:3). Die samelewing was groepgeoriënteerd. Individuele prestasies, persoonlike inisiatief en materialisme het grootliks ontbreek (Marais, 1995:9). Beroepsvoorligtingsprogramme het geen noemenswaardige prioriteit geniet nie, omdat beroepskeuses hoofsaaklik deur geslag en ouderdom bepaal is. Oorerwing van beroepe het meer algemeen geword, omdat beroepsvaardighede deur ouers na hul kinders oorgedra kon word. Pottebakkers en skrynwerkers het byvoorbeeld hul beroepsvaardighede aan hul seuns oorgedra, terwyl vroue hul vaardighede aan hul dogters oorgedra het. 'n Mens sou van die standpunt kon uitgaan dat konflik ten opsigte van beroepskeuses nie bestaan het nie. Die ontwikkeling en bewyslewering van menslike vermoë het waarskynlik vanaf die vroegste tye tot werksbevrediging gelei. Filosofe en priesters het meestal as adviseurs en beraders opgetree (Gibson & Mitchell, 1995:3).

Voorligting, soos ons dit vandag ken, het in die antieke Griekse beskawing ontstaan. Die Grieke het geglo dat elkeen 'n verantwoordelikheid teenoor homself en die gemeenskap het en daarom sy potensiaal ten volle deur middel van opvoeding moes ontwikkel. Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die mens oor innerlike kragte beskik wat deur stimulasie tot voordeel van die mens en die gemeenskap ontwikkel moes word (Naudé & Bodibe, 1986:2).

Plato was een van die eerste Griekse filosofe wat psigologiese insig in 'n meer sistematiese teorie ontwikkel het. Hy het die individu se morele waardes, opvoeding en verhouding met die gemeenskap in 'n teologies-filosofiese perspektief geplaas met vrae soos: “Wat maak 'n individu eerbaar - sy oorerflikheid, opvoeding of formele onderwys?” en “Watter tegnieke moet gebruik word om die mens ten opsigte van sy besluite en geloof te oortuig of te beïnvloed?” Die metodes wat deur Plato gebruik is, is vir die voorligter van groter belang as die vrae self, aangesien dit die weg na goeie voorligtingsverhoudinge baan. Aristoteles, 'n student van Plato, het op sy beurt merkwaardige bydraes tot die sielkunde gelewer. Een van sy bydraes was die studie van die interaksie tussen die mens, sy omgewing en ander mense (Gibson & Mitchell, 1995:4).

Die beginsel van individualiteit en selfbeskikkingsreg het uit die Hebreuse gemeenskappe ontstaan. Uit die vroeë Christendom het 'n teorie ontwikkel wat humanistiese ideale (“die hoogste waarde is die mens”) beklemtoon het. Hierdie teorie het later as basis van die demokrasie gedien, en in hierdie eeu het dit die grondslag gevorm vir die ontwikkeling van voorligting as dissipline (Gibson & Mitchell 1995:4; Kruger, 1991:16).

Aan die begin van die twintigste eeu is etlike skoolsisteme ontwikkel om individuele verskille, veral ten opsigte van leerlingprestasies, te erken (Gibson & Mitchell 1995:6). Die VSA het sterk klem gelê op die volgende aspekte:

- Gelyke en gratis onderwysgeleenthede aan alle persone;
- die verhouding tussen opvoedkundige geleenthede aan alle landsburgers en die welstand van die gemeenskap;
- die behoefte om erkenning te verleen aan en voorsiening te maak vir individuele verskille;
- die verantwoordelikheid van skole om meer betrokke te raak by openbare moraliteit, goeie burgerskap en ander sosiale probleme; en
- die beroepsvoorbereiding van die jeug op 'n verantwoordelike wyse (Gibson & Mitchell, 1995:7; RGN, 1981:6).

Volgens Gibson & Mitchell (1995:7) was Theodore Roosevelt die eerste president van die VSA wat indirekte ondersteuning gegee het aan beroepsaspekte wat later as voorligtingsdienste bekend sou staan. Roosevelt het in 1908 in 'n artikel die volgende stelling gemaak (Gibson & Mitchell, 1995:7): “(We) have to deal now, and will have to deal in the future, with a nation of families on the land; and our system of public education should be so broadened in its scope as to include not merely the traditional cultural studies, excellent and indispensable in their way, but also instruction relative to the farm, the trades and the home. Our five per cent who are not now trained for a vocational advantage corresponding to those enjoyed by the relatively few who are trained in the professional and technical fields.”

Reeds sedert 1918 het die **Committee on Vocational Guidance** opvoeding as geheel ook as deel van voorligting beskou. Dit het meegebring dat die begrip **voorligting** veel wyer geword het. **Voorligting** kan in 'n enger sin gesien word as 'n sielkundige proses wat plaasvind tussen die kliënt en die voorligtingdeskundige - 'n proses waarin opvoeding, sosiologie, filosofie en ander vakke betekenis aan voorligting verleen (RGN, 1981:6; Kruger, 1991:13).

Naudé en Bodibe, 1986:5 verduidelik die begrip **voorligting** soos volg: “It is a practice, a process of bringing the pupil into contact with the world of reality in such a way that he acquires life-skills and techniques which allow him to direct himself competently (i.e. to become self-actualizing) within the educational, personal and social spheres and the world of work, in order to process and survive effectively.”

3.2.1.1 Kenmerke van voorligting

Volgens Kruger (1991:13) het voorligting verskillende konnotasies. Gewoonlik dra dit die betekenisinhoud van die Engelse begrippe **guidance** en **counselling**. Voorligting verwys meer na die begrip **guidance**, terwyl **counselling** beter weergegee word deur die term **berading**. Sue & Sue (1990:30) verwys na **counselling** as 'n interpersoonlike kommunikasie en interaksie tussen die voorligter en die kliënt. Om effektiewe kommunikasie en interaksie te verseker, moet die boodskappe verbaal sowel as nie-verbaal oorgedra word (Sue & Sue, 1990:30). Een van die belangrikste kenmerke van voorligting is dat dit as taak het om individuele verskille te identifiseer en elke kind daarvolgens van diens te wees (Marais, 1995:65).

Kruger (1991:14) onderskei tussen die volgende tipes voorligting:

- Psigologiese voorligting, wat suiwer op die psigologiese terrein manifesteer (Kruger, 1991:14). Gedurende 'n psigologiese voorligtingsessie maak die voorligter op die leerder se “openheid” staat (Sue & Sue, 1990:33). Gedurende hierdie sessie is die verbale, emosionele en gedraguitdrukking van die leerder uiters belangrik.
- Pastorale voorligting, wat die voorligtingsbeginsels in die pastorale, religieuse en sedelik-normatiewe gespreksituasie implementeer.
- Opvoedkundige of skoolvoorligting (Kruger, 1991:14; Haasbroek, 1978:34). 'n Belangrike kenmerk van opvoedkundige voorligting is die bepaalde strukturele voorkoms daarvan (Haasbroek, 1978:35).

Volgens Kruger (1991:14) behoort voorligting aan die volgende vereistes te voldoen:

- Voorligting moet as 'n opvoedingshandeling beskou word. Dit impliseer dat die besondere handeling op die mens as waardebewuste gerig moet wees (Kruger, 1991:14; RGN, 1981:6), en dat dit die mens se vryheid tot keuse moet erken. In dié verband beklemtoon die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1981) die volgende: “It is important that members of different cultural groups have the

freedom to adhere to and develop in terms of whatever cultural or life orientation they choose.”

- Voorligting moet nie net een faset van voorligting, byvoorbeeld beroepsvoorligting, insluit nie. Al die fasette daarvan moet gelyke waarde hê.
- Die begrip moet die grense van betrokkenheid aandui.
- Die kern van die betrokkenheid van die volwassene met die onvolwassene moet aangedui word (Kruger, 1991:14; RGN, 1981:6).
- Die begrip moet aandui dat skoolvoorligting 'n hulpdienst is wat nie die opvoedings-taak van ander opvoeders, soos die ouers of die onderwysers, vervang nie.
- Voorligting moet nie as die verskaffing van inligting beskou word nie, aangesien opvoeding nie hier ter sprake kan wees nie. Voorbeelde van voorligting as verskaffer van inligting is landbouvoorligting, ekonomiese voorligting of gesinsvoorligting.
- Beroepsvoorligting moet bestaan uit 'n grondige opvoedkundige en leerdissipline wat aspekte soos gedifferensieerde kennis, toelatingsvereiste, die aaneenskakeling van werk en studie asook die verhouding tussen algemene voorligting en gespesialiseerde beroepsvoorligting insluit. Die leerprobleme van die leerder en die implikasies van sekere vakkeuses of beroepskeuses behoort aandag te geniet (RGN, 1981:6).
- Skoolvoorligting moet aan leerders die geleentheid bied om realistiese beroepskeuses te maak. Die leerder moet ook volgens sy vermoë vir volwassenheid voorberei en gehelp word om die nodige aanpassings binne 'n veranderende beroeps-wêreld en ander sosiale aktiwiteite te kan maak.

Skoolvoorligting voldoen aan al bogenoemde vereistes soos die volgende stellings in dié verband illustreer (Kruger, 1991:16):

- Skoolvoorligting dui aan dat dit nie 'n skoolvak is nie, maar eerder 'n diens wat aan die leerder gelewer word.
- Skoolvoorligting impliseer dat dit 'n voorligtingswerk oor die hele spektrum van die professionele diens is, naamlik persoonsvoorligting, opvoedkundig-akademiese voorligting en beroepsvoorligting.

Die tyd toe probleme beperk was tot eenvoudige keuses en die kind by enige begrypende volwassene die antwoord kon kry, behoort tot die verlede (Kruger, 1991:13; Marais, 1995:63). (Marais 1995:64) verwys na voorligting op 'n algemene vlak as die verantwoordelike bemoeiing wat die opvoeder met die leerder maak om hom te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van faktore wat sy geestesgesondheid kan versteur, hom te help in die opti-

male ontplooiing van al sy moontlikhede en hom te bring tot 'n verantwoordelike en mondige uitvoering van sy lewensroeping. Dit vind gestalte in 'n verantwoordbare en verantwoordelike beroepskeuse.

Die moderne werêld stel komplekse eise aan die mens (Kruger, 1991:13). Die skool is 'n belangrike komponent in die voorbereiding van die leerder vir sy volwasse lewe (Kruger, 1991:13; RGN, 1981:6). Besondere verantwoordelikheid word in dié verband op die skool geplaas om rigting, leiding en hulp aan elke leerder te verskaf. Die voorligter het ook in dié verband sekere verpligtinge. Volgens Schafer (1995:2) kan die voorligter se posbeskrywing in die volgende ses afdelings verdeel word:

- Die voorligter se primêre taak is om aan individue en groepe voorligting te gee. Die voorligter moet die individu met spesifieke behoeftes kan identifiseer (Kruger, 1991:13; Schafer, 1995:2).
- Die kind moet gestandaardiseerde toetse aflê, waarvan die resultate geïnterpreteer en met die kind bespreek moet word. Die voorligter moet in die verband ook aan die onderwysers leiding gee.
- Die voorligter moet as die onderwysers en ouers se adviseur en konsultant optree.
- Die voorligter moet onderwysers en ouers ten opsigte van die voorligtingsdiens en gestandaardiseerde toetsresultate inlig en sodoende 'n tweerigtingkommunikasiekanaal tussen die skool en ouerhuis skep.
- Die administratiewe verpligtinge van die voorligter behels onder meer die afneem van gestandaardiseerde toetse en 'n ontleding van die voorligtingsdiens aan die leerder.
- Die voorligter moet die skoolvoorligtingsprogram evalueer en voortdurend navorsing ten opsigte van die toepassing van nuwe voorligtingstegnieke doen.

Elke leerder het sekere basiese behoeftes, en dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n effektiewe skoolvoorligtingsprogram op te stel sodat in hierdie behoeftes voorsien kan word. Die probleme wat tans aan leerders gestel word, is veel hoër en ingewikkelder as in die verlede. Om in hierdie behoeftes van die kind te voorsien, word 'n sekere mate van wetenskaplike opleiding en die hantering van besondere hulpmiddels benodig.

3.2.2 Die basiese opvoedingsbehoefte van die leerder

Die algemene doelstelling van skoolvoorligting is om in die basiese behoeftes van die leerder te voorsien. Die leerder moet van algemene opvoedkundige inligting en rigtinggewing voor-

sien word, terwyl beroepsvoorligting in besonder deur middel van beskikbare geriewe by staatsgesubsidieerde en privaat skole aan die kind oorgedra moet word (RGN, 1981:9; Gibson & Mitchell, 1995:78). 'n Effektiewe voorligtingsprogram moet volgens die behoeftes van die leerder aangepas en geïmplementeer word (Gibson & Mitchell, 1995:78; Gysbers, 1995:2). Voorligtingsprogramme moet nie slegs behoeftegeoriënteerd wees nie, dit moet ook die leerder se karaktereienskappe reflekteer (Modise, 1997:17). Voorligting moet op die belange, vermoë, agtergrond, ervarings, prestasies en karaktereienskappe van die leerder gefokus wees. Die voorligtingsprogram moet by die veranderende behoeftes van die kind kan aanpas (Gibson & Mitchell, 1995:79; Herr & Cramer, 1996:310).

Vervolgens word enkele behoeftes van die leerder kortliks na aanleiding van die RGN verslag (1981:43) bespreek:

- Elke leerder het 'n behoefte aan ondersteuning en voorligting ten opsigte van die ontdekking, begrip en aanvaarding van sy/haar fisieke, verstandelike, sosiale en geestelike vermoëns.
- Elke leerder moet individueel en in groepsverband leiding ten opsigte van sy vermoë ontvang, sodat hy/sy realistiese opvoedkundige en beroepskeuses kan maak.
- Elke leerder het 'n behoefte om leiding te ontvang en om van die hoë lewenseise bewus gemaak te word, sodat elkeen aan die standaard van 'n betekenisvolle volwasse lewe kan voldoen.
- Elke leerder het 'n behoefte aan voorligting en oplossings ten opsigte van leer-, gedrags-, gesins-, persoonlikheids- en sosiale probleme. Met die hoë eise wat aan skoolvoorligting binne 'n wêreld van sosiale verandering en steeds veranderende onderwys en beroepsgeleentheid gestel word, is die daarstel van spesifieke voorligtingsbeginsels dringend noodsaaklik.

3.2.3 Die beginsels van voorligting

3.2.3.1 Inleiding

Die formulering van duidelike **beginsels vir skoolvoorligting** asook **effektiewe organisasie** en **besluitneming** in die onderwys verdien aandag.

□ **Beginsels as inherente deel van die voorligtingsprogram**

Beginsels vorm die filosofiese raamwerk waarbinne die voorligtingsprogram georganiseer en ontwikkel moet word. Dit vorm die riglyne wat voortspruit uit die ervarings en waardes van die voorligtingsprofessie. Sodoende vorm beginsels die fundamentele veronderstelling wat die rol, funksies en aktiwiteite van die voorligtingsprofessie betref (Gibson & Mitchell 1995:24; Sue & Sue, 1990:5).

□ **Beginsels met betrekking tot 'n voorligtingsprogram**

Gysbers (1995:1) wys daarop dat die funksionaliteit van 'n voorligtingsprogram aan die effektiwiteit en die betrokkenheid van die voorligtingsonderwysers gemeet kan word. 'n Voorligtingsprogram moet aan sekere standaarde beantwoord. Hierdie standaarde dien ook as kriteria waarvolgens die geskiktheid en struktuur van so 'n program geëvalueer kan word. Voorligting behoort 'n integrale deel van die skoolkurrikulum te vorm. Die leerder moet voorberei word om keuses te maak en by veranderings ten opsigte van toekomstige opvoeding, opleiding en gemeenskapsbetrokkenheid aan te pas (Mallick, 1993:61; Gysbers, 1995:1). Die volgende twee vrae word deur Gysbers (1995:1) gestel:

- Is 'n geskrewe voorligtingsprogram beskikbaar?
- Word die voorligtingsprogram geïmplementeer?

Mallick (1993:61) wys daarop dat die skool die volgende geleenthede aan die leerder beskikbaar moet stel:

- Toegang tot individuele voorligting;
- voorligtingsprogramme;
- direkte kontak met die beroepswêreld;
- toegang tot die nuutste bronne van inligting ten opsigte van opvoedkundige, beroepsvoorligting, opleiding en beroepsmoontlikhede;
- die leerder moet 'n eie verslag ten opsigte van persoonlike prestasies saamstel; en
- 'n aksieplan moet beskikbaar wees vir die leerders.

Volgens Gibson & Mitchell (1995:87) dra die volgende beginsels tot 'n effektiewe skoolvoorligtingsprogram by:

- Die voorligtingsprogram moet vir **alle** leerders se ontwikkelings- en aanpassings-behoefte voorsiening maak. (Gibson & Mitchell, 1995:87; Mallick, 1993:61).
- Voorligting is 'n deurlopende proses wat oor die kind se hele skoolloopbaan strek (Gibson & Mitchell, 1995:87; Mallick, 1993:62).
- Opgeleide voorligtingspersoneel is noodsaaklik om professionaliteit, leierskap en rigtinggewing te verseker (Gibson & Mitchell, 1995:87; Gysbers, 1995:3).
- Sommige basiese voorligtingsaktiwiteite is noodsaaklik om 'n effektiewe voorligtingsprogram te verseker.
- Die voorligtingsprogram moet vir die uniekheid van elke bevolkingsgroep in 'n sekere omgewing voorsiening maak.
- Die voorligtingsprogram moet by die behoeftes van die leerders en die omgewing aangepas word (Gibson & Mitchell, 1995:87; Mallick, 1993:62)
- Die skoolvoorligtingsprogram behels die totale ontwikkeling van die leerder.
- Skoolvoorligting en onderwys vorm 'n integrale deel van die kind se opvoeding.
- Die onderwyser kan 'n beslissende rol in die voorligtingsprogram speel.
- Die voorligtingsprogram moet betroubaar wees. (Gibson & Mitchell, 1995:87; Gysbers, 1995:3)
- Die voorligter vorm deel van 'n span. Hy moet persone soos sielkundiges, maatskaplike werkers, onderwysers en ander opvoedkundige persone by die voorligtingsprogram betrek.
- Die voorligtingsprogram moet die reg en bevoegdheid van elke individu om besluite te neem, erken.
- Die voorligtingsprogram moet erkenning gee aan die waardigheid van elke individu (Kruger, 1991:17).
- Deur die voorligtingsprogram word die uniekheid van elke individu erken.
- Die voorligter is in sy/haar onpartydige en gelyke behandeling van individue die leerder se rolmodel ten opsigte van positiewe menseverhoudinge.

Volgens Gysbers (1995:3) word 'n effektiewe voorligtingsprogram deur omvattendheid en kindgerigtheid gekenmerk.

Barnard (1987:408) onderskei die volgende drie aspekte van 'n voorligtingsprogram:

- Die voogstelsel;
- die noodplan; en
- opvoedkundige leiding

Die bestaan van 'n voogstelsel kan help om inligting oor al die fasette van die betrokke leerder te bekom. Deur middel van waarneming en onderhoudvoering kan die voogonderwyser die volgende inligting insamel:

- Gesondheidstoestand;
- vordering en prestasies;
- skoolbywoning;
- sosialiteit;
- huislike omgewingsagtergrond;
- godsdienstige meelewing;
- persoonlikheidseienskappe; en
- intellektuele vermoë;
- aanleg en belangstelling;
- vryetydsbesteding;
- afwykings; en
- betrokkenheid by sport- en kulturele aktiwiteite.

'n **Noodplan** dra by tot die veiligheid van leerlinge en geriewe van 'n skool. Die volgende fasette van 'n noodplan is die belangrikste:

- Beskerming van leerders;
- kommunikasie met veiligheidsmagte en nooddienste;
- ontruiming;
- vervoer van leerders;
- eerstehulp;
- moreelbou en voorkoming van paniek;
- noodkommunikasie.

Opsommenderwys kan die noodplan as 'n hulpmiddel beskou word om 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit aan die leerder te bied.

Opvoedkundige leiding behels gespesialiseerde hulpverlening aan leerders met probleme (Barnard, 1987:410).

3.2.3.2 Die opvoedkundige uitgangspunte van voorligting

Kruger (1991:17-22) en Naudé en Bodibe (1986:7) vat die uitgangspunte van voorligting soos volg saam:

□ Begrip vir die individu

Alle vorme van gedifferensieerde onderwys berus op die beginsel dat elke mens uniek is en gevolglik in baie opsigte van mekaar verskil (Kruger, 1991:17). So byvoorbeeld kan leerders ten opsigte van liggaamsbou, intelligensie, aanleg, vermoëns, temperament en persoonlikheid van mekaar verskil. Hierdie verskille kan 'n groot invloed op die kind se keuses en besluit hê, en daarom is dit belangrik dat die voorligter die individuele verskille tussen leerders ontdek (Kruger, 1991:17; RGN, 1981:8). 'n Effektiewe voorligtingsprogram maak voorsiening vir die maksimale ontwikkeling van die individu volgens sy bepaalde vermoëns (RGN, 1981:7). In die evaluasie van die kind se vermoëns moet die voorligtingsonderwyser so te werk gaan dat die leerder 'n begrip van en waardering vir sy eie vermoëns ontwikkel. Probleemgevalle moet deur die voorligter na gespesialiseerde hulp verwys word (RGN, 1984:130; Popham, 1995:4).

□ Die beginsel van vrye keuse

“Keusemaak is toekomsmaak” (Marais, 1995:66). Die mens is 'n sedelike wese, en op grond hiervan kan hy keuses maak (Kruger, 1991:17). Die vryheid van die mens maak dit moontlik dat enige persoon keuses kan maak. Die leerder kan byvoorbeeld kies tussen verskillende vakke, of hy sy werk goed of swak of glad nie wil doen nie, tussen reg en verkeerd, goed en kwaad en baie meer moontlikhede (Marais, 1995:66; Kruger, 1991:17). Die mate waarin die leerder toegelaat sal word om te kies, sal afhang van die mate van volwassenheid wat die leerder bereik het (Kruger, 1991:17; Marais, 1995:66). Dit is die leerder se demokratiese reg om keuses te maak, maar omdat hy onvolwasse is en nie die verantwoordelikheid met insig kan hanteer nie, is die leiding en raad van die voorligteronderwyser noodsaaklik (Kruger, 1991:18; Marais, 1995:66). Situasies waar die gemeenskap gedien moet word, mag ter sprake wees, en dan kan die leerder nie toegelaat word om eie keuses te maak nie. (Kruger, 1991:18). Die voorligter moet tog raadgevend, voorskriftelik, of selfs verbiedend optree, byvoorbeeld as 'n sekere keuse 'n leerder se gesondheid, geestesgesondheid of skolastiese vordering in gevaar stel, of hom op 'n misdadige pad bring (Marais, 1995:66). Hierdie standpunt is in teenstelling met veral die moderne Westerse (Amerikaanse) opvoedkundiges wat glo dat die leerder onder alle omstandighede die reg moet hê om self te kies (Kruger, 1991:18).

□ Die mens as totaliteitswese

Die voorligteronderwyser moet die mens as eenheidswese erken. In die opvoedingsituasie werk die voorligteronderwyser nie net met kognisie, persoonlikheid, liggaamlik-motoriese potensiaal en handvaardigheid van die leerder as individuele aspekte nie, maar altyd met die leerder as totale wese (Kruger, 1991:18; Marais, 1995:66). Volgens Marais (1995:66) is die eenheid van die persoon van besondere belang, omdat die leerder nie atomisties en kompartementeel benader kan word nie. Sy intellektuele ontwikkeling word beïnvloed deur sy fisieke en psigiese gesondheid, sy sosiale inskakeling hang saam met sy emosionele ontwikkeling; en so hou alle aspekte van sy menswees met mekaar verband.

□ Voorligting is die reg van elke leerder

Voorligting aan alle leerders is voorheen nie deur alle onderwysowerhede erken nie. Nadat voorligting sy plek in die onderwys- en opvoedingsprogram in skole begin inneem het, was daar deur die loop van die jare verskillende standpunte oor die voorligting behoort te ontvang (Kruger, 1991:19). Voorligting as opvoedingshandeling is die prerogatief van alle leerders en nie slegs van dié met probleme of besondere eienskappe nie. Die voorkomende, inliggende en terapeutiese werksaamheid sal wel verskil volgens die behoefte van die onderskeie leerders, maar dit mag nie vir enkelinge gehou word nie (Marais, 1995:67). Volgens Arora & Duncan, (1986:215) moet alle leerders voorberei word vir 'n gemeenskap of 'n wêreld wat uit verskillende kultuurgroepe bestaan. Die skool moet 'n weerspieëling wees van wat die leerder buite die skool kan verwag. 'n Voorligtingstelsel moet so ontwikkel word dat alle leerders van enige kultuurgroep gehelp kan word (Arora & Duncan, 1986:215). Die grootste groep leerders bestaan hoofsaaklik uit “gewone” leerders, wat beteken dat die voorligter se werk ook inliggend en vormend van aard sal moet wees (Marais, 1995:67).

In die beginjare was voorligting aan leerders betreklik oppervlakkig. Later is voorligting slegs aan diegene gebied wat 'n behoefte aan beroepsvoorligting gehad het (Kruger, 1991:19). Voorligting bestaan uit drie fasette, naamlik:

- Persoonlikheidsvoorligting;
- akademiese voorligting; en
- beroepsvoorligting (Kruger, 1991:19; Popham, 1995:2; Barnard, 1987:410).

Persoonlikheidsvoorligting vorm 'n belangrike aspek van die leerder se ontwikkeling en selfevalueringsvermoë (Popham, 1995:2). Volgens Gysbers, (1995:3) vereis beroepsvoor-

ligting van die voorligter om 'n bepaalde beroepsplan vir die leerder saam te stel. In dié verband geld die volgende kriteria:

- Die voorligtingsplan moet omvattend wees.
- Daar moet voorsiening vir ontwikkelingsmoontlikhede gemaak word.
- Dit moet kindgerig wees.
- Dit moet geskik wees.

Wanneer so 'n beroepsplan geëvalueer word, moet vasgestel word of die leerder wel die plan vir sy toekomsbeplanning gebruik (Gysbers, 1995:3). Volgens Barnard (1987:412) behels beroepsvoorligting enersyds loopbaaninligting, beroepsinligting of beroepskennis en andersyds persoonsinligting, persoonlikheidsinligting of selfkennis en beroepsopvoeding.

□ **Voorligting moet 'n geïntegreerde deel van die opvoedingsprogram vorm**

Skoolvoorligting moet nie as 'n losstaande, aanvullende en selfs opsionele deel van die opvoedingsprogram gehanteer word nie. Dit moet volledig met die res van die skoolprogram geïntegreer word (Kruger, 1991:19). Daar moet 'n verslag gehou word van leerders met besondere behoeftes en probleme sodat 'n verslag beskikbaar is wanneer so 'n kind gespesialiseerde hulp moet ontvang (Marais, 1995:67).

□ **Normes en waardes**

Daar word van elke leerder verwag om sekere norme en waardes as korrek te aanvaar en op sy eie lewe toe te pas (Haasbroek, 1978:1). Die leerder het die leiding en ondersteuning van die voorligter in dié verband nodig.

□ **Behoefte aan menswaardigheid**

Die basis van voorligting is wedersydse vertrouwe en respek. Vir die Christenopvoeder is dit 'n vanselfsprekende feit dat hy die leerder met waardigheid sal bejeen as mens in eie reg (Kruger, 1991:20; Marais, 1995:68).

Volgens Marais, (1995:68) kan hierdie uitgangspunt as die basiese beginsel van voorligting beskou word. As gevolg van die verwerping van die afsonderlike onderwysstelsels in Suid-Afrika het dit dringend noodsaaklik geword om die bestaande voorligtingsstelsel met die oog op multikulture te hersien en te ontwikkel. Aangesien die bevolkingsamestelling van Suid-

Afrika besonder heterogeen is, veral wat etnisiteit en lewensbeskouing betref, was die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel bekend as 'n saamgestelde onderwysstelsel (Marais, 1995:9). Hierdie onderwysstelsel het slegs vir die kultuurbehoefte van die hoofbevolkingsgroepe voorsiening gemaak (Marais, 1995:9). In die huidige liberaal-humanistiese tydsgees van veral die Westerse wêreld, waardeur die vryheid en gelykheid van die afsonderlikheid in die onderwys ernstig bevraagteken en verwerp word, het hierdie verwerping tot die volgende slagspreuke gelei: “Separate cannot be equal” en “There can be no normal education in an abnormal society” (RGN, 1981:218).

'n Dringende behoefte het veral onder die swart bevolking in Suid-Afrika ontstaan om hulle lewenstyl en -kwaliteit te verbeter (Marais, 1995:19). Die opvoedkundige probleme waarmee swart skole in Suid-Afrika te doen gehad het, word vervolgens kortliks uiteengesit:

Swart onderwys, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in Afrika as 'n geheel, het met die volgende probleme te kampe gehad (Marais, 1995:19):

- 'n Hoë mate van uitsakking van swart leerders binne die eerste drie tot vier jaar van primêre onderwys.
- 'n Neiging onder swart leerders om op aparte kennis staat te maak ten koste van insig en begrip.

Volgens Marais (1995:19) is dit elke skool se missie om elke leerder voor te berei vir 'n lewe in 'n gemeenskap wat uit verskillende kulturele, rasse- en etniese groepe bestaan. Die mate waarin skole jeugdige suksesvol gaan toerus om in so 'n samelewing te werk en te leef, is 'n belangrike aanduiding van skole se totale gehalte.

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat multikulturele voorligting in Suid-Afrikaanse skole dringend noodsaaklik geword het. Die lewensbeskoulike en kulturele begronding van skoolvoorligting word vervolgens bespreek:

3.3 DIE LEWENSBSKOULIKE EN KULTURELE BEGRONDING VAN SKOOLVOORLIGTING

Navorsing deur die RGN (1984:116) het aan die lig gebring dat elke bevolkingsgroep volgens sy eie lewensopvatting en kultuur in ag geneem moet word. Die volgende aanhaling word uit hierdie navorsingsprojek (RGN, 1984:116) gemaak:

“Volgens die geïdentifiseerde kriteria behoort skoolvoorligting lewensopvatlik begrond te wees en behoort die kultuuropvatting van die betrokke bevolkingsgroep ook in ag geneem te word. Die lewensopvatting van 'n volk behoort verder begrond te wees in 'n eie godsdiens en geloofsoortuiging wat bepaalde segswaarde mag hê vir skoolvoorligting.”

Die resultate van hierdie navorsingsprojek toon aan dat die meerderheid persone betrek in die ondersoek wel van mening is dat skoolvoorligting moet voltrek word in die lig van 'n eie lewensopvatting. 'n Ander aspek wat voortvloei uit die lewensopvatlike begronding van skoolvoorligting, is of die eie lewensopvatting moet geld in die beleidsbepaling van skoolvoorligting en in die keuse van bepaalde skoolvoorligtingsinhoude. Ook hier het die meerderheid respondente aangedui dat die lewensopvatting wel in berekening gebring moet word by die beleidsbepaling van skoolvoorligting.

Nog 'n aspek wat direk in verband staan met dié lewensopvatlike begronding, is die invloed wat die kultuuropvatting op die beleidsbepaling en keuse van skoolvoorligtingsinhoude het. Hierdie navorsingsprojek het ook aangedui dat die meerderheid respondente meer positief is ten opsigte van die erkenning van kultuuropvatting in die beleidsbepaling van skoolvoorligting (RGN, 1984:117).

Met hierdie agtergrond dat elke kultuurgroep volgens sy eie lewensopvatting en kultuur in ag geneem moet word wanneer die skoolvoorligtingsinhoude gekies word en die beleid van skoolvoorligting saamgestel word, word aspekte wat voorligting in multikulturele skole ten grondslag lê, nou bespreek.

Marais, (1995:4) onderskei die volgende aspekte:

□ **Verwikkelde maatskaplike stelsels**

Baie verhoudingsfoute van die verlede is die gevolg van 'n oorvereenvoudiging van kultuur. Kultuur word nie in isolasie geskep nie maar wel deur die wisselwerking tussen en samewerking van mense. Die mens moet die meeste dinge wat hy doen, aanleer, byvoorbeeld hoe om te eet, hare te kam en gereedskap te hanteer. Hierdie vermoëns is nie oorerflik nie maar word deur sosiale interaksie verwerf.

Kultuurgoedere word dus deur geestesarbeid verwerf. Kultuur oefen die grootste invloed op die lewenspatroon van 'n mens of volk uit en dit is in 'n groot mate aan kultuur te danke dat daar tussen individue en volke onderskei kan word (Marais, 1995:4). Integrasie sonder spanning tussen kultuurgroepe in die nuwe Suid-Afrika sal die werksbodem vir die toekoms

bepaal. Begrip en lojaliteit vir en aan mekaar se kulturele sal 'n baie groot rol speel. Mense het eerder 'n behoefte aan respek vir mekaar as om perspektief vir kulturele verskille te bevorder (Marais, 1995:4).

□ **Kulturele isolasie**

Volgens Marais, (1995:5), is die individu wat geïsoleerd is, geneig om ook die werklikheid te ontduik deur “myne is die beste” as deur 'n benadering van “elke persoon vir homself”.

Die kultuursensitiewe persoon moet dus nie slegs nuwe kennis opdoen en vaardighede aanleer nie, maar ook irrelevante verouderde kennis re-organiseer. Baie persone het 'n afhanklikheid van een gesag, een teorie en een waarheid ontwikkel. Persone soos hierdie het 'n geïsoleerde tonnelvisie en glo dat hul beskouing die enigste en universele is. Hulle is gevange in 'n nie-buigbare struktuur en bied weerstand teen aanpassing en alternatiewe denkwyses.

Deur middel van multikulturele kontak kan mense bevry word om voortdurende verandering te hanteer en om empatie te toon teenoor ander alternatiewe denkwyses (Marais, 1995:6).

'n Persoon ontkom aan kulturele isolasie deur onder meer opleiding. Die volgende redes word vir die opleiding vir skoolvoorgligters in ander kulture aangevoer:

- Meer kennis oor kulturele verskille lei tot meer empatie, wat op sy beurt tot meer simpatie lei. Meer simpatie sal uiteindelik tot verbeterde multikulturele verhoudinge aanleiding gee.
- Uitgebreide intellektuele kennis sal tot 'n verhoogde verdraagsaamheid ten opsigte van ander kulture lei, wat weer tot 'n veiliger wêreld lei.
- Kennis van ander kulture sal aanleiding gee tot 'n meer homogene wêreld.
- Deur kennis van ander kulture op te doen, verbreed 'n mens jou kennis van wie jy is en leer jy jouself ken deur die persepsie van ander.
- Die vervlegtheid van kulture en gedagtes sal hopelik alle deelnemers se ontwikkeling stimuleer.

□ **Die rol van gelyke geleenthede**

Die voorligteronderwyser sal beslis optimaal gebruik moet maak van geleenthede om in voorligtingsverband die totaliteitsbeginsel in die skoolopset te gebruik. Totale voorligting

aan alle individue met gelyke geleenthede is 'n noodsaaklikheid wat deur alle skoolvoorligters toegepas moet word (Marais, 1995:7).

□ Die rol van kultuur

Die voorligtingonderwyser sal baie beslis verryk moet wees ten opsigte van die multikulturele opset in ons land. Begrip en sensitiwiteit vir ander kulture is nodig om professioneel erkenning vir sy rol te verwerf (Marais, 1995:7).

Skoolvoorligting in multikulturele skoolverband word vervolgens bespreek:

3.4 VOORLIGTING IN MULTIKULTURELE SKOOLVERBAND

3.4.1 Oriëntering

Uit 'n navorsingsverslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat reeds gedurende 1980 ten opsigte van die skoolvoorligtingstelsels in Suid-Afrika gedoen is, word die volgende bevindinge verkry:

Om te verseker dat die skoolvoorligtingsdoelstellings verwerklik word, is dit noodsaaklik dat die lewensopvatting en kultuur van elke bevolkingsgroep aan wie die voorligting gegee moet word, in aanmerking geneem word by die keuse van vakinhoud (RGN,1984:111).

Daar is ook in hierdie navorsingsverslag bevind dat 'n groot persentasie, naamlik 82%, van die persone betrokke by die navorsingondersoek van mening was dat die **beginsel van menslike gelykwaardigheid** in skoolvoorligting moet geld (RGN, 1984:111; Marais, 1995:65; Tidwell, 1980:84).

“Die skoolvoorligtingsinhoud wat in die leerplan ingesluit word, behoort gereduseer te word uit die totale leefwêreldinhoud van die gemeenskap, en moet gedifferensieer word volgens die gereedheidsvlak van die leerders. Die inhoud van die voorligtingsprogram moet lewensnaby wees vir die kind (nie vreemd aan dit wat hy in sy alledaagse omgang mee gemeid is nie), begrypbaar en bruikbaar wees vir die kind in sy op-weg-wees na volwassenheid” (RGN, 1984:111).

Die **beginsel van gelykwaardigheid** kan as die grondbeginsel van multikulturele skoolvoorligting beskou word. Hiervolgens moet daar aan elke individu, ongeag verskille in ras en

etnisiteit, gelyke geleentede gegun word om skoolvoorligting asook die inhoude van die voorligtingsprogram te ontvang.

Hierdie beginsel sluit aan by die beginsels van Tidwell (1980:84) en andere wat vervolgens bespreek sal word.

3.4.2 Die beginsels van multikulturele voorligting

Volgens Tidwell (1980:83) word die volgende beginsels van voorligting as basis vir multikulturele skoolvoorligting gebruik:

- Geïndividualiseerde voorligtingsprogramme;
- onbevooroordeelde meetinstrumente;
- erkenning en waardering van verskillende leerstyle,
- beroepsdoelwitte en lewensideale van leerders;
- erkenning van gedragsverskille binne kulture;
- verdraagsaamheid teenoor persone van ander kulture;
- respek vir die rasse-erfenis van onderwysers en leerders;
- 'n Gevoeligheid by personeel ten opsigte van toepaslike voorligtingsmetodes; en
- bevordering van 'n positiewe selfbeeld van alle leerders.

Sue & Sue (1990:35) identifiseer die volgende probleemareas op grond waarvan beginsels vir multikulturele voorligting geformuleer kan word:

□ Kultuur

Aangesien kultuur omskryf word as al daardie aspekte wat 'n mens aanleer om te doen, te glo, en waardes te bepaal, is dit die totaliteit van ideale, geloof, vermoëns en gewoontes waarbinne die mens ontwikkel, wat sy kultuur bepaal.

Die Derde Wêreld word op hierdie wyse maklik beïnvloed, aangesien die kulturele invloed van 'n meerderheidsgroep bepalend is. Die Derde Wêreldse kultuur word meestal as minderwaardig en moeilik oorbrugbaar beskou. Sulke kulturele diskriminasie mag nooit in voorligting voorkom nie (Sue & Sue, 1990:35). Die voorligter se kultuur mag nie oorheersend wees nie.

□ **Individualiteit**

Individualiteit vorm deel van voorligting. Die Westerse beskawing is op individualisme en mededinging gebaseer, terwyl nie-Westerse bevolkingsgroepe individualisme in beginsel verwerp. So byvoorbeeld kom die woord “ek” nie in die Japannese woordeskat voor nie (Sue & Sue, 1990:35). Die psigososiale eenheid van sulke kultuurgroepe, veral Afrika-kultuurgroepe, bestaan uit die gesin, 'n groep of die gemeenskap (Sue & Sue, 1990:35). Groepsoriëntering is vir hierdie kultuurgroepe van belang. So 'n persoon sal byvoorbeeld 'n gevoel van skaamte toon vir verkeerde gedrag, terwyl 'n skuldgevoel eerder by individualisme sal ontwikkel (Sue & Sue, 1990:35). Binne elke kultuurgroep is daar onderling groter individuele verskille as tussen lede van 'n bepaalde ras of nasionaliteitsgroep (Marais, 1995:65).

Geen twee persone is dieselfde nie. Individuele verskille by mense is toe te skryf aan die invloed van faktore soos erflikheid en omgewing, ras en nasionaliteit en geslag (Marais, 1995:65). 'n Verandering in omgewing, kulturele milieu en sosio-ekonomiese omstandighede laat die moontlikheid oop dat lede van enige ras of nasionaliteit op grond van biologiese faktore dieselfde begaafdheidsmanifestasies kan behaal (Marais, 1995:65). In hierdie opsig is dit die taak van die voorligter om individuele verskille te identifiseer en elke leerder daarvolgens van diens te wees (Marais, 1995:65).

□ **Emosionele, verbale en gedragsekspressiwiteit**

Soms verwag die voorligter dat die leerder aan sy gevoelens uiting moet gee. Sou die leerder nie sy gevoelens verbaliseer nie, word aanvaar dat die gevoelens nie bestaan nie. Sommige kultuurgroepe sal benadeel word indien hierdie uitgangspunt in voorligting geld. Beheer van emosies is by sommige kultuurgroepe 'n kenmerk van wysheid en volwassenheid (Sue & Sue, 1990:37).

Omdat dit die taak van die voorligter is om individuele verskille te identifiseer en elke leerder daarvolgens van diens te wees, moet die voorligter homself vergewis van hierdie eienskappe wat by verskillende kultuurgroepe voorkom. As die voorligter nie bewus is van die kulturele agtergrond van elke kind nie, kan dit meebring dat hy nie suksesvol in sy voorligtingstaak is nie.

□ **Wyses van kommunikasie**

Gedurende onderhoudvoering word van die kind verwag om soveel inligting moontlik aan die voorligter te gee. Aangesien baie kultuurgroepe 'n persoon in 'n outoriteitsposisie respekteer, sal so 'n persoon eerder stilbly om respek aan die voorligter te betoon (Sue & Sue, 1990:43). Die voorligter behoort dus kennis te dra van elke kultuurgroep of individu se spesifieke uitgangspunt ten opsigte van kommunikasie. Daarbenewens behoort die voorligter bedag te wees op onsensitiewe taalgebruik, aangesien onkundigheid maklik kan lei tot die gebruik van woorde of uitdrukkings wat deur 'n bepaalde kultuurgroep as verkleinerend gegag word (Lago, 1996:430). Kulturele diversiteit en verskille moet erkenning en aandag geniet. Menslike bestaan moet aanvaar en gewaardeer word (Dupont, 1997:1).

Die onderwysstelsel in Suid-Afrika het sedert 1994 sodanig verander dat dit noodsaaklik geword het dat die blanke skoolvoorligter hom/haar moet toerus vir die multikulturele skoolopset van vandag (Marais, 1995:21).

Volgens Marais (1995:21) is dit nodig om op die volgende gesindhede te let (beginsels) wat die mate van sukses van die skoolvoorligter sal bepaal:

□ **Egoïsme**

Die skoolvoorligter moet bereid wees om sy eie veronderstellings te toets. Hy sal verder bereid moet wees om nie in 'n bepaalde kultuurbeskouing vas te steek nie en met 'n meer omvattende kultuurbeskouing na gebeure moet kyk. Die skoolvoorligter mag dus nie ongevoelig teenoor ander kulture staan nie. Hy sal ook bereid moet wees om by leerders 'n behoefte te skep om op multikulturele vlak kultuurkundig te wees. Die gemeenskap verwag dikwels van die skoolvoorligter om 'n besondere kultuur te vertolk en spanningvry aan die leerders oor te dra. Daarom het die professioneel opgeleide skoolvoorligter 'n professionele verpligting om 'n multikulturele bewustheid te ontwikkel (Marais, 1995:21).

□ **Bevooroordeeldheid**

Die skoolvoorligter sal moet leer om nie onsensitief, ongevoelig en bevooroordeeld teenoor leerders van ander kulture te wees nie. Daar sal 'n bereidwilligheid moet wees om die vooroordele te toets, aan te pas en te wysig om by die nuwe situasie en ervarings aan te pas.

□ **Erkenning van andere**

Die skoolvoorligter sal moet leer om begrip te hê vir die bydraes en lewenstyl van verskillende rasse, kulturele en ekonomiese groepe in die samelewing.

Betrokkenheid by en empatie vir verskille sal besliste voordeel inhou, want dit sal lei tot groter respek en samewerking. Kulturele verskille is deel van God se wonderlike skeppingsplan. 'n Groter bewustheid en waardering van kulturele verskille in die onderwys sal van die opvoedingsproses weer eens 'n interessante terrein maak.

□ **Leergeleenthede**

Die skoolvoorligter sal moet help om leergeleenthede te skep wat tot positiewe interpersoonlike verhoudinge kan bydra.

□ **Persoonlike regte van die individu**

Die skoolvoorligter sal daarna moet streef om respek te hê vir menslike verskeidenheid en die persoonlike regte van individue (Marais, 1995:21; RGN, 1981:7).

□ **Gelykwaardigheid**

Alle diskriminasie is in die “nuwe” Suid-Afrika uit die weg geruim. Daardeur is die geleentheid aan alle leerders gebied om gelykwaardig te presteer. Elke leerder moet as skepsel van God erkenning geniet (Marais, 1995:21; RGN, 1984:123). Totale voorligting aan individue met gelyke geleenthede sal dus die terrein wees.

Voorligtingstrategieë moet sinvol en met inagneming van die individu se behoeftes en waardes toegepas word (Sue & Sue, 1990:163).

□ **Onderhoudvoering**

Die sensitiwiteit en kennis van die skoolvoorligter ten opsigte van ander kultuurgroepe speel 'n belangrike rol in die sukses van onderhoudvoering.

□ **Opregtheid en geloofwaardigheid**

Die skoolvoorligter wat nie met opregtheid en geloofwaardigheid optree nie, sal weinig, indien enige, sukses in die voorligtingsituasie behaal.

□ **Elke leerder moet toegang tot dieselfde voorligtingsprogramme hê**

Die hoofdoel van die Departement van Onderwys, sal wees dat elke leerder toegang tot dieselfde voorligtingsprogramme sal hê (RGN, 1981:7). "Guidance for all" word deur Ponterotto (1995:9) as beginsel gestel. As gevolg van individuele, rasse en sosiale verskille, is gelykwaardige toegang en standarde van 'n voorligtingsprogram nie 'n waarborg dat elke leerder daardeur bevoordeel sal word nie. Ouers uit minderbevoorregte sosiale groepe moet ingelig word ten opsigte van die maksimum voordeel wat hulle uit so 'n voorligtingsprogram by 'n skool kan geniet.

□ **Kulturele waardes en verskillende gemeenskappe moet in so 'n voorligtingsprogram gerespekteer word**

Die voorligtingskurrikulum moet aan elke leerder die geleentheid bied om keuses te maak. Daar moet teen kulturele beperking gewaak word, met ander woorde, die voorligter moet die verskillende gemeenskapswaardes kan identifiseer (RGN, 1981:9; Sue & Sue, 1990:246).

□ **Die voorligtingsprogram moet voorsiening maak vir alle kulturele groepe se vryheid en keuses**

Gelykheid in beroepsvoorligting gee aan alle individue gelyke geleenthede tot beroepsgeleenthede. Dit dra nie net by tot voordeel van die individu nie, maar ook tot ekonomiese voordeel en ontwikkeling van die land. Die leerder moet volgens sy aanleg en vermoë toegelaat word om keuses te maak.

□ **Skoolvoorligting moet binne sy opvoedkundig-verantwoordelike raamwerk voorsiening maak vir elke individu se sosiale en ekonomiese behoeftes asook die mannekragbehoefte van die land**

Die skoolvoorligter moet die individuele (Kruger, 1991:17) en kulturele eiesoortigheid (Sue & Sue, 1990:93) van leerlinge identifiseer. Alle onderwysers behoort dus opleiding ten opsigte van voorligting te kry.

By die implementering van die kernsillabus vir voorligting (SA 1995:2) deur die Departement van Onderwys word die volgende vereistes as beginsel gestel:

- Nie-diskriminasie wat weerspieël word in 'n toewyding aan 'n nie-rassige en nie-seksistiese gemeenskap;
- demokratiese waardes in die implementering van die voorligtingsprogram, met inagneming van die behoeftes en belangstellings van die leerders sowel as die breë gemeenskap;
- 'n multi-sektorale benadering wat put uit die hulpbronne van ander opvoedkundige hulpdienste (beroeps- en algemene voorligting en berading, gespesialiseerde onderwys, skoolgesondheids-, maatskaplike en sielkundige dienste), die nie-regeringsektor, die privaatsektor, staatsprogramme, vakbonde, onderwysersorganisasies en -liggame, en 'n verskeidenheid gemeenskapstrukture vir voorligtingsimplementering;
- 'n evaluering van die ontwikkelingsbehoefte van kinders en adolossente in terme van die sosiale, emosionele, kognitiewe en fisiese domeine;
- 'n bewustheid en implementering van menseregte en verantwoordelikhede binne 'n demokratiese gemeenskap;
- kontekstualisering van relevante sake in terme van gemeenskapsbesorgdhede, veranderinge in die werksomgewing, en omgewings- en wêreldvraagstukke;
- 'n bewustheid van en respek vir diversiteit, en daarom behoort die sillabus toewyding aan nie-diskriminasie, nie-seksisme, die Handves van Menseregte en die Grondwet van die land te weerspieël;
- die ontwikkeling van nasionale identiteit en versoening;
- regstellende aksie waardeur ongelykhede en wanbalanse op alle vlakke aangespreek word;
- 'n fasiliteringsproses waardeur die primêre benadering tot onderrig gebaseer is op die erkenning en benutting van leerders se bestaande vaardighede en hulpbronne, sowel as dié van die breër gemeenskap;
- toegang tot toepaslike en vernuwende hulpbronne;
- klaskamermetodologie wat leerders in staat stel om op alle vlakke van die skool en in die gemeenskap deel te neem, wat verheldering van sosiale verhoudinge en kragte meebring, en aktiewe, kritiese en dinamiese leerdergesentreerde onderwys bevorder.

3.4.3 Die etiek van multikulturele voorligting

Elke professie het onderskeie etiese verpligtinge teenoor die gemeenskap. Hierdie verpligtinge sluit onder meer professionele bevoegdheid, integriteit, eerlikheid, vertroulikheid, objektiwiteit, gemeenskapssekuriteit en regverdigheid in. Hierdeur kan die gemeenskap se vertrouwe beskerm en verseker word (Schmeiser, 1995:1).

Die skoolvoorligter van die negentigerjare het die verantwoordelikheid om komplekse etiese besluit te neem en met behulp van die beste hulpmiddele in die behoeftes van die leerders te voorsien.

Etiek word deur Schmeiser (1995:2) gedefinieer as die morele beginsels van die individu en groepe persone om reëls en riglyne neer te lê waaruit goeie besluitneming en gedrag kan ontwikkel. Brooks (1990:309) beskryf **etiek** as 'n beskouing wat in 'n spesifieke situasie of vir 'n spesifieke groep reg of verkeerd is. Volgens Pedersen (1995:34) kan etiese beginsels wat binne een spesifieke kulturele konteks gegenerer word nie sonder aanpassing in ander kulturele kontekste toegepas word nie. Om hierdie aanpassings te maak, is dit egter nodig dat die voorligter tussen **fundamentele** etiese beginsels (wat onveranderd bly) en aspekte wat **na goeddunke** gewysig en aangepas moet word, kan onderskei (Pedersen, 1995:34).

Volgens Pedersen (1995:35) word alle etiese beginsels deur **een** van drie algemene perspektiewe gerig, naamlik:

- **relativisme** (die leer dat kennis slegs bestaan uit die kennis van relasies);
- **absolutisme** ('n standpunt dat iets (bv. norms) onvoorwaardelik werklikheid besit) of;
- **dinamiese universalisme** (wat aanvaar dat alle persone in sekere opsigte eenders is, en in ander opsigte verskillend).

Onderwys en voorligting het 'n jarelange noue verbintenis. Eietydse eise het in die verlede telkens aanleiding gegee tot 'n besinning oor onderwys en voorligting en daar is telkens sekere aanbevelings in dié verband gemaak. So byvoorbeeld is daar gewaarsku teen die risiko om waardes neer te lê wat onaanvaarbaar is vir groepe leerders wat uiteraard uit verskillende ekonomiese, geslags- of etniese groepe kom.

Doeltreffende voorligting aan leerders eis nie net dat 'n bepaalde etiese kode eerbiedig moet word nie. Wetenskaplike kundighede en vaardighede, wat by implikasie aan die eise van

onder meer lewensopvatlikheid moet voldoen, moet ook in aanmerking geneem word (Brooks, 1990:308). Volgens Brooks (1990:308) bepaal 'n lewensopvatting 'n mens se eie besondere waardestruktuur, wat in 'n mensopvatting, kultuuropvatting en arbeidsopvatting geopenbaar word.

Die belangrike invloed van omgewingsomstandighede en ekonomiese toestande op die menslike gedrag beklemtoon weereens die verwagtinge van die adolessent, wat in 'n kort tydsbestek van kind na onafhanklike volwassene moet verander. Die skoolvoorligtingsdiens het ten doel om leerders met betrekking tot 'n hele aantal aangeleenthede leiding te gee. Die voorligter moet die leerder uiteraard bystaan om uiteindelik as onafhanklike volwassene sy potensiaal te realiseer en 'n sinvolle bestaan te voer ooreenkomstig sy vermoëns, belangstellings, persoonlikheidseienskappe, prestasies en ekonomiese realiteite (Brooks, 1990:315).

Volgens Schafer (1995:2) het die voorligter die volgende pligte:

- Individuele en groepsvoorligting; en
- leerlinge-evaluasie;
- onderhoudvoering;
- verskaffing van inligting;
- implementering van die voorligtingsprogram; en
- navorsing en evaluering.

Die voorbeeld en voorskrifte van die voorligteronderwyser speel 'n groot rol in die vorming van die leerder. “Omdat dit in die onderwys en opvoeding om die vorming van die kind gaan, is die lewensbeskouing van die opvoeder des te meer van belang” (Kruger, 1991:16). Die skoolhoof en die ouers stel noodwendig sekere lewensbeskoulike eise aan die voorligtingsonderwyser. Kruger (1991:16) onderskei in dié verband tussen antropologiese en opvoedkundige uitgangspunte.

□ **Antropologiese uitgangspunte**

Die mensbeskouing van die voorligter bepaal hoe hy die leerder sien en benader. Die uitgangspunt van die Christen-onderwyser is dat sy lewens- en wêreldbeskouing al sy aktiwiteite inkleur. Hy kan sy Christenskap nie “opskort” as hy professioneel besig is nie. Vir die humanis is die mens die hoogste waarde van menslike bestaan; vir die rasionalis is die verstand die hoogste waarde; die superdemokraat stel die hoogste premie op die vryheid van die individu, en die moralis wil dat die leerder in 'n “goeie mens” ontwikkel (Kruger, 1991:17;

Marais, 1995:64). Die Christen-opvoeder en -voorligter sien die leerder as medeskepsel, geskape na die beeld van God, 'n gevalle mens, maar in sy Christusaanvaarding ook mens wat gered is. Hierdie beskouing gee sin en betekenis aan die taak van die voorligter, dit gee perspektief op sy roeping, en aanvaarding van die tekortkominge van die voorligter self (Kruger, 1991:17; Marais, 1995:64).

Die beginsel van menslike vryheid en verantwoordelikheid is vir die Christen-voorligter van besondere belang (Marais, 1995:64), en daarom bied hy aan die onvolwasse leerder die nodige leiding en voorligting met betrekking tot 'n verskeidenheid van situasies (Marais, 1995:65).

□ **Opvoedkundige uitgangspunte**

Volgens Kruger (1991:18) bevat alle beginsels lewensbeskoulieke en mensbeskoulieke komponente wat nie van mekaar geskei kan word nie. Die voorligter moet ook hierdie beginsels so aanvaar en toepas.

Marais (1995:65) onderskei tussen die onderskeie opvoedkundige uitgangspunte. Ten opsigte van die individuele benadering is dit belangrik om daarop te let dat die individu nie bepaalde beroeps- of lewensbesluite kan neem voordat hy/sy nie 'n sekere gereedheidsvlak bereik het nie. In hierdie opsig speel die positiewe invloed van 'n kerngesin 'n belangrike rol. Gesonde kinderopvoedingspraktyke lei tot geestesgesonde kinders met 'n positiewe identiteit en selfaktualiseringsmoontlikhede.

Die spesifieke lewensopvatting van die voorligter speel 'n ewe groot rol in hierdie proses. Die wyse waarop hy/sy die gedragspatrone van individue en/of groepe begryp, hang af van sy/haar teoretiese verwysingsraamwerk en lewensopvatting. Só byvoorbeeld kan die voorligter slegs begrip en empatie teenoor die individu of groep openbaar indien hy/sy ook begrip vir die impak van die sosiopolitiek op die individu of groep het.

Verder word die voorligter se geloofwaardigheid ook deur sy bevoegdheid, vertrouenswaardigheid en betroubaarheid bepaal (Brooks, 1990:315). Sue & Sue (1990:58) noem in dié verband die volgende:

“Expertness depends on how well informed, capable, or intelligent others perceive the counselor. Trustworthiness is dependent on the degree to which people perceive the counsellor as motivated to make nonvalid assertions.”

Betroubaarheid sluit faktore soos waargenome openhartigheid, rondborstigheid en eerlikheid in (Brooks, 1990:315). Daar word deurlopend gelet op hoe die voorligter vertroulike aangeleenthede hanteer. Betroubaarheid verg egter besondere sensitiwiteit, begrip en waardering vir die persoon se besondere sosiopolitiese omstandighede en beskouings.

Die lewensopvatlikheid en etiek is van kardinale belang in voorligting (Brooks, 1990:316). Etiese riglyne is 'n absolute noodsaaklikheid vir alle proffessies; dit beskerm die publiek en dra by tot 'n goeie praktyk (ASCA, 1997:1).

Die voorligter moet hom in besonder van die feitlike vergewis, maar dit is belangrik dat hy sensitief ten opsigte van die lewensopvattinge van ander moet wees. Deur ook kennis te dra van die lewensopvattinge wat moontlik van die Christelik-nasionale lewensopvatting verskil, sal die voorligter sy eie status en professionaliteit verhoog (Brooks, 1990:316).

Multikulturele voorligting is kompleks. Ten eerste is dit noodsaaklik dat die voorligter 'n spesiale diens aan etniese groepe lewer en tweedens word daar van die voorligter verwag dat hy tydens voorligting die sosiale en politieke aspekte van verskillende kultuurgroepe in ag moet neem (Rooney, 1997:3).

3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die beginsels van voorligting in die algemeen en die van multikulturele voorligting in die besonder bespreek. Indien effektiewe voorligting deur die verskillende onderwysdepartemente en skole voorgeskryf word, sal die skoolvoorligter sy taak in die toekoms met groot omsigtigheid moet uitvoer. Respek vir elke individu as mens in eie reg sal deurgaans as basiese beginsel moet geld.

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek bespreek.

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

Na die probleemstelling wat tot hierdie ondersoek aanleiding gegee het, sal nou in Hoofstuk 4 met 'n empiriese ondersoek bepaal word in welke mate die beginsels van multikulturele skoolvoorligting in sekondêre skole in die Gauteng Provinsie se voorligtingsprogramme ingebou en in ag geneem is.

4.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek behels die volgende:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie multikulturele voorligtingsbeginsels in voorligting in 'n aantal oorsese lande te identifiseer; en
- om empiries te bepaal in welke mate die beginsels van multikulturele voorligting in die algemeen en die van multikulturele skoolvoorligting in die besonder in sekondêre skole in Gauteng se voorligtingsprogramme ingebou en in ag geneem is;
- om, indien dit uit die empiriese ondersoek sou blyk dat 'n leemte in die toepassing van die beginsels van multikulturele voorligting in sekondêre skole bestaan, aanbevelings ten opsigte van die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole te maak.

Met die bogenoemde doelstellings en in die lig van die literatuurstudie waar ter saaklike beginsels geïdentifiseer is ten opsigte van die doeltreffende toepassing van multikulturele voorligting in sekondêre skole, word die volgende hipotese gestel:

HIPOTESE:

Beginsels vir die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole word in alle voormalige Model-C skole in die Gauteng Onderwysdepartement toegepas.

4.3 ENKELE ONDERSOEKMETODES EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEKMIDDEL

Die mees bruikbare metode wat aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes beantwoord, moes vir dié doel geïmplementeer word, en daar is oorweging geskenk aan:

Persoonlike besoeke aan alle Departementshoofde/Voorligtingonderwysers verbonde aan oorwegend blanke skole wat die afgelope drie jaar leerders van ander etniese groepe toegelaat het, waartydens onderhoude met skoolvoorligters gevoer sal word. Hierdie metode van ondersoek sou onekonomies en tydrowend wees, daarom is besluit om nie hierdie metode in die studieprojek in te sluit nie.

'n Vraelys as ondersoekmetode aan alle Departementshoofde/Voorligtingonderwysers verbonde aan oorwegend blanke sekondêre skole van die Gauteng Onderwysdepartement wat die afgelope drie jaar ander etniese groepe toegelaat het, om die mate waarin die doeltreffende toepassing van die beginsels van voorligting in multikulturele skole geïmplementeer is, te bepaal.

Na deeglike oorweging van die voor- en nadele van beide ondersoekmetodes is op laasgenoemde besluit.

4.3.1 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

4.3.1.1 Inleiding

'n Vraelys, soos gebruik in opvoedkundige navorsing, verwys na 'n reeks vrae of stellings wat op versoek van die navorser aan individue gerig is, en deur individue beantwoord moet word (Turney & Robb, 1971: 131). 'n Goeie vraelys word deur Cohen en Manion (1991:106) soos volg omskryf:

“An ideal questionnaire possesses the same properties as a good law - it is clear, unambiguous and uniformly workable. Its design must minimize potential errors from respondents ... and coders. And since people's participation in surveys is voluntary, a questionnaire has to help in engaging their interest, encouraging their co-operation, and eliciting answers as close as possible to the truth.”

4.3.1.2 Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode

□ **Konstruksie van die vraelys**

'n Gesistematiseerde uiteensetting van die vraelys sal 'n groot bydrae tot die aanvaarding van die vraelys kan lewer (Turney & Robb, 1971:130).

Die sukses, geldigheid en betroubaarheid van die vraelysondersoek, hang grootliks af van die doeltreffende konstruksie daarvan (Mouly, 1978:190). Só moet die navorser 'n deeglike kennis van sy studieveld, die doel van die ondersoek en die aard van die inligting wat bekom moet word, hê.

Hoe duideliker die vrae gestel word, hoe duideliker kan aan die doel van die ondersoek beantwoord word.

Indien die items duidelik geformuleer is, sal dit die respondent motiveer om meer positief te reageer. Deeglike beplanning van die vraelys sal tyd bespaar. Elke aspek van die navorsing moet deeglik ondersoek word, naamlik die grootte van die steekproef, die lengte, inhoud, die vorm van die vraelys en die bydrae van elke item (Mouly, 1978:191).

Vrae wat oor dieselfde aspek handel, moet saamgegroepeer word (Turney & Robb, 1971:130).

Elke item in die vraelys moet ten doel hê om een van die aspekte van die hipotese of doelstellings van die ondersoek te meet. Die navorser moet weet waarom die spesifieke vraag gestel word en hoe die response ontleed sal word (Borg & Gall, 1979:295).

Die volgende tipe vraelyste kan onderskei word:

- **Die geslote vraelys (gestruktureerde vraelys)**

Die geslote vraelys beperk die respondent om te motiveer waarom hy sekere response op die vrae gegee het. Die respondent kan slegs “ja”, “nee”, “weet nie”

antwoord of 'n keuse maak van 'n kort lys moontlike antwoorde (Lovell & Lawson, 1970:88; De Wet et al., 1981:163; Turney & Robb, 1971:131).

- **Oop vraelyste (ongestruktureerde vraelyste)**

Hierdie tipe vraelys gee 'n vrye keuse van antwoorde en geleenthede om eie menings te lug. Dit is egter moeilik om sulke response te ontleed en te kwantifiseer (De Wet et al., 1981:163).

- **Kriteria vir die ontwerp van items**

Om te verseker dat genoegsame terugvoering en betroubare resultate van vraelyste verkry kan word, word die volgende kriteria vir die ontwerp van items uiteengesit.

- Elke vraag moet relevant en bruikbaar wees.
- Elke vraag moet kort en duidelik geformuleer word.
- Kwalitatiewe terme wat verkeerdelik deur die respondent geïnterpreteer kan word, byvoorbeeld goed, sleg of selde, moet vermy word (Turney & Robb, 1971:131).
- Keuses moet maklik verstaanbaar wees (Mouly, 1978:193).
- Die vrae moenie aanstootlik vir die respondent wees nie. (Turney & Robb, 1971:131; Lovell & Lawson, 1970:93).
- Die formulering van die vrae moet die “diepte” van die respons uitlig.
- Voldoende vrae moet opgestel word om die belangrikste areas van die ondersoek te dek.
- Die vrae moet taalversorg word.
- Eensydige response moet vermy word.
- Sleutelwoorde in die vrae moet beklemtoon word.
- Vrae wat oor dieselfde subonderwerp handel, moet saamgegroepeer word. Algemene vrae moet eerste gestel word, en meer spesifieke vrae moet in die tweede gedeelte van die vraelys saamgestel word (Mouly, 1978:193).
- Vrae moet so saamgestel word, dat kruisverwysings moontlik is (Mouly, 1978:193).
- Die volgorde van die vrae is belangrik (Lovell & Lawson, 1970:93).
- 'n Kombinasie van oop en geslote items sal terugsendings bevorder (Mouly, 1978:193).
- Hoogdrawende taal moet vermy word (Borg & Gall, 1979:297).
- Daar moet veral aandag gegee word aan die eerste items van die vraelys. Die respondent se belangstelling moet hierdeur geprikkel word, om te verseker dat hy die res van die vraelys sal invul (Mouly, 1978:193).

□ **Tegniese versorging**

Die netheid en uiteensetting van die vraelyste sal bydra tot die suksesvolle terugvoer van inligting (Borg & Gall, 1979:298). Die volgende wenke word deur Borg en Gall, 1979:298; Cohen en Manion, 1980:111 aanbeveel:

- Die vraelys moet netjies en maklik voorkom.
- Instruksies moet duidelik aangedui word.
- Die vraelys moet op so 'n manier uiteengesit word, dat dit maklik leesbaar is.
- Die vraelys moet maklik ingevul kan word.
- Instruksies moet liefers in duidelike letters aangedui word.
- Numering van bladsye en items is belangrik.
- Die navorser se naam en adres moet aan die begin en aan die einde van die vraelys aangedui word.
- Vrae wat verwarring mag meebring, moet deur voorbeelde voorafgegaan word.
- Die items moet in 'n logiese volgorde uiteengesit word.
- Belangrike vrae moet liefers nie aan die einde van die vraelys geplaas word nie.
- Elke item moet genoeg inligting bevat, sodat die resultate aan die betroubaarheid en geldigheid van die navorsing kan beantwoord.

□ **Anonimiteit**

Indien inligting wat deur die navorser verlang word, vertroulik van aard is, moet 'n anonieme vraelys opgestel word. Volgens Borg en Gall, 1979:300, het anonieme vraelyste heelwat nadele:

- Dit bemoeilik opvolgondersoeke, en dit is onprakties, omdat proefpersone wat nie reageer nie, moeilik geïdentifiseer sal kan word.
- Dit bemoeilik ook die statistiese verwerking van data.

Die volgende faktore (Borg & Gall, 1979:301) moet in ag geneem word indien van anonieme vraelyste gebruik gemaak word:

- Die belangrikheid van identifikasie met betrekking tot die ontleding van die data;
- die volwassenheidsvlak van die proefpersone;
- die mate waarin inligting van die proefpersone gevra word wat hy liever sou wou verswyg;

- die moontlike uitwerking van anonieme vraelyste op die terugontvangs; en
- die prosedure met betrekking tot die ontleding van die resultate.

□ 'n Voorlopige vraelys

Volgens Lovell en Lawson, 1970:92, is dit wenslik om 'n deeglike loodsstudie ten opsigte van 'n klein aantal proefpersone te onderneem, alvorens dit op die gekose proefpersone toegepas word. Hierdie groep proefpersone kan tydens die loodsstudie alle onduidelike en dubbelsinnige items identifiseer, sodat die vraelys geredigeer kan word. Borg en Gall, 1979:302, beveel aan dat, indien minder as 75% van die vraelyste gedurende die loodsstudie terugontvang is, voldoende veranderings aan die items aangebring sal moet word. Daar moet deelglik kennis geneem word van die proefpersone se aanbevelings. Ontleed elke item afsonderlik en gee aandag aan items wat nie beantwoord is nie, omdat hierdie vrae verkeerd geïnterpreteer kon word, of glad nie verstaan is nie. Die navorser kan nou 'n verkorte ontleding van die loodsstudie doen.

□ Die begeleidende brief

Om te verseker dat die navorser genoegsame inligting ontvang, is dit noodsaaklik dat 'n begeleidende brief met 'n gefrankeerde koevert die vraelys moet vergesel. Die doel van die begeleidende brief is om die doel van die navorsing aan die respondent aan te dui, die belangrikheid van die respondent self te beklemtoon, om vertroulikheid van die vraelys te verseker en om terugvoering te beklemtoon (Cohen & Manion, 1991:113). Borg en Gall, 1979:302, beveel aan dat die navorser in die brief moet aandui dat 'n kopie van die resultate aan die respondent gestuur sal word. Dit kan die respondent motiveer om response so spoedig moontlik terug te stuur.

Die datum waarop alle vraelyste teruggestuur moet word, moet in die brief gemeld word.

□ Die opvolgbrief

'n Opvolgbrief moet na ongeveer drie (3) weke aan proefpersone gestuur word indien die persentasie wat terugontvang word, nie bevredigend is nie. Telefoonoproepe kan ook gebruik word.

4.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.4.1 Die populasie en keuse van proefpersone

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel wat die stand van die effektiewe toepassing van die beginsels van voorligting in multikulturele sekondêre skole in die Gauteng Onderwysdepartement is. Die teikengroep vir die ondersoek is die Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers verbonde aan sekondêre skole in die Gauteng Onderwysdepartement. Daar is besluit om Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers in die ondersoek te gebruik, en wel om die volgende redes:

- Hulle nou betrokke is by die beplanning en samestelling van die skool se voorligtingsprogram.
- Hulle verantwoordelik is om geïntegreerde skole se voorligtingsprogram so aan te pas om voorsiening te maak vir alle kulture.
- Hulle is primêr verantwoordelik vir die implementering van die voorligtingsprogram.
- Hulle kennis en ervaring van die inhoud van die voorligtingsprogram.
- Hulle nou betrokke is by die voering van onderhoude met alle leerders.
- Hulle verantwoordelik is vir beroepsleiding aan alle leerders.

Die totale aantal voormalige blanke sekondêre model-C skole in die Gauteng provinsie is 162. Omdat hierdie studieprojek op die laasgenoemde skole gemik is, en dít die teikenpopulasie is, is besluit om die volle populasie te gebruik.

4.4.1.1 Bepaling van die studiepopulasie

Die 162 sekondêre skole in die Gauteng Provinsie is volgens hul samestelling, taalmedium en die sosio-ekonomiese status gegroepeer. Die studiepopulasie van $N = 162$ is klein genoeg, ekonomies, gesentraliseerd en die respondente is maklik bereikbaar. Die aantal respondente en hul antwoorde sal dus die werklike response van die hele populasie verteenwoordig.

4.4.2 Samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is

4.4.2.1 Motivering vir en ontwerp van die vraelysitems

Met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek en na aanleiding van die bevindinge met die literatuurstudie, is besluit om meer inligting by Departementshoofde/Voorligtingonderwysers oor die volgende sake in verband met die doeltreffende toepassing van die beginsels van voorligting in multikulturele sekondêre skole in Gauteng in te win:

- 'n Voorligtingstelsel wat so ontwikkel is, dat alle leerders van enige kultuurgroep gehelp kan word (kyk par. 3.2.3.2). Na aanleiding hiervan, moet die noodsaaklikheid vir die toepassing van alle beginsels in voorligting in multikulturele skole bepaal word (kyk vraag 10, p. 82).
- In beroepsvoorligting hou die produktiwiteit van die Departementshoof Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser direk verband met die aktiwiteit wat in voorligtingsprogramme beplan, georganiseer en geïmplementeer word (kyk par. 2.6.2). Die mate waarin die respondente betrokke is by die beplanning en samestelling van die skool se voorligtingsprogram moet vasgestel word (kyk vraag 11, p. 83).
- Die leerder se intellektuele ontwikkeling word beïnvloed deur sy fisieke en psigiese gesondheid, sy sosiale inskakeling hang saam met sy emosionele ontwikkeling en so hou alle aspekte van sy menswees met mekaar verband (kyk par. 3.2.3.2). Op grond hiervan moet vasgestel word in welke mate die voorligtingsprogram vir die psigologiese behoeftes van die leerder voorsiening maak (kyk vraag 12, p. 84).
- 'n Dringende behoefte het veral onder die swart bevolking in Suid-Afrika ontstaan om hulle lewenstyl en -kwaliteit te verbeter (kyk par. 3.2.3.2; 3.4.2). Met 'n geïntegreerde onderwysstelsel in 'n “nuwe” Suid-Afrika is dit noodsaaklik dat 'n vraag ingesluit moet word om die mate waarin die lewenstyl van alle rasse in die voorligtingsprogram erkenning geniet (kyk vraag 13, p. 84).
- Die Departementshoof/Voorligtingonderwyser moet spesifieke behoeftes van veral minderbevoorregte kulture waarneem en interpreteer, sodat die voorligtingsprogram hierby aangepas kan word (kyk par. 2.6.1; 3.2.2; 3.2.3.1; 3.4.2). Een of meer items in hierdie verband moet gestel word om die mate waarin 'n skool se voorligtingsprogram by die behoeftes van die leerder en sy/haar omgewing aangepas word, te toets. Terselfdertyd moet die Departementshoof/Voorligtingonderwyser se sensitiwiteit in die verband getoets word (kyk vraag 14, p. 85 en vraag 37, p. 103).

- 'n Effektiewe voorligtingsprogram moet voorsiening maak vir die maksimale ontwikkeling van die individu (kyk par. 3.2.3.2). Die skool se voorligtingsprogram behoort hiervoor voorsiening te maak (kyk vraag 15, p. 86).
- Elke mens is uniek en verskil gevolglik in baie opsigte van mekaar (kyk par. 2.2.6; 3.2.1; 3.2.3.2; 3.4.2). Daar moet 'n vraag gestel word oor die mate waarin die skool se voorligtingsprogram aangepas word om inidividuele verskille te erken (kyk vraag 16, p. 87).
- Voorligting moet as opvoedingshandeling beskou word. Dit impliseer dat besondere handeling op die mens as waardebewuste gerig moet wees en dat dit die mens die vryheid tot keuses moet erken (kyk par. 3.2.1.1; 3.2.3.2). 'n Vraag in hierdie verband is noodsaaklik om die mate waarin die skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die leerder om persoonlike keuses te maak (kyk vraag 17, p. 88).
- Skoolvoorligting moet aan leerders die geleentheid bied om realistiese beroepskeuses te maak (kyk par. 3.2.1.1; 3.2.2). Die vraag is of die skool se voorligtingsprogram vir die leerder voorsiening maak om verantwoordelike beroepskeuses te maak (kyk vraag 18, p. 88).
- Die skool se taak moet wees om elke leerder ongeag ras of volksverband, voor te berei op 'n menswaardige toekomsbestaan (kyk par. 2.6.1; 3.2.3.1). Daar sal vas gestel moet word in welke mate die skool se voorligtingsprogram erkenning verleen aan die menswaardigheid van die leerders (kyk vraag 19, p. 89).
- Een van die belangrike beginsels van multikulturele skoolvoorligting is die bevordering van 'n positiewe selfbeeld van alle leerders (kyk par. 3.4.2). Die vraag moet gestel word om te bepaal of die voorligtingsprogram wel hierdie beginsel ontwikkel (kyk vraag 20, p. 90).
- Daar word van die Departementshoof Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser verwag om 'n duidelike en omvattende kennis te hê ten op sigte van die agtergrond van alle leerders, veral diegene wat uit minderbevoorregte kulture met spesifieke behoeftes kom (kyk par. 2.6.1; 3.4.2). Daar sal vasgestel moet word of daar in skole se voorligtingsprogramme vir hierdie aspek voorsiening gemaak word (kyk vraag 21, p. 91).
- Die Handves van Menseregte en die Departement van Onderwys vereis dat voorligtingsprogramme 'n nie-rassige en nie-seksistiese karakter van die gemeenskap weerspieël. Alle diskriminasie is in die “nuwe” Suid-Afrika uit die weg geruim (kyk par. 3.4.2). 'n Vraag is geformuleer om die mate waarin die skoolvoorligter daarin slaag om aan alle leerders, ongeag kultuurgroep, gelyke en onpartydige behandeling te gee (kyk vraag 22, p. 91; vraag 28, p. 96; vraag 32, p. 99).

- Een van die beginsels van multikulturele voorligting is die erkenning van gedragsverskille binne kulture (kyk par. 3.4.2). Die voorligtingsprogram behoort hiervoor voorsiening te maak (kyk vraag 23, p. 92).
- Die skool se missie moet wees om elke leerder voor te berei vir 'n lewe in 'n gemeenskap wat uit verskillende kulture, rasse en etniese groepe bestaan. Die mate waarin skole jeugdige suksesvol gaan toerus om in so 'n samelewing te werk en te leef is 'n belangrike aanduiding van skole se totale gehalte (kyk par. 3.2.3.2). Die vraag is of hierdie beginsel toegepas word (kyk vraag 24, p. 93).
- Die basis van voorligting is wedersydse vertrouwe en respek (kyk par. 3.2.3.2). Daar moet derhalwe vasgestel word of die skool se voorligtingsprogram die beginsel van respek vir leerders van alle kulture erken (kyk vraag 25, p. 94).
- Die hoofdoel van die Onderwysdepartement, ten opsigte van voorligting, is dat elke leerder toegang tot dieselfde voorligtingsprogram sal hê. “Guidance for all” is die beginsel wat hier gestel word (kyk par. 3.4.2). Die vraag ontstaan of skole se voorligtingsprogram hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 26, p. 94).
- Menslike bestaan moet aanvaar en waardeer word. Hieruit ontstaan 'n positiewe gesindheid (kyk par. 3.4.2). Die vraag bepaal in welke mate die skoolvoorligter dit belangrik ag om ander kultuurgroepe te aanvaar en in die voorligtingsprogram voorsiening gemaak word vir die kweek van 'n positiewe gesindheid jeens ander kultuurgroepe (kyk vraag 27, p. 95; vraag 31, p. 98).
- Dit is die leerder se demokratiese reg om keuses te maak (kyk par. 3.2.3.2). 'n Vraag moet ingesluit word om vas te stel in welke mate hierdie reg met verantwoordelikheid aan die leerders toegeken word (kyk vraag 29, p. 97).
- Die Departementshoof Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser moet verseker wees dat alle leerders sekere vaardighede vanuit 'n effektiewe voorligtingsprogram sal ontwikkel (kyk par. 2.6.2). 'n Vraag moet gestel word om te bepaal in welke mate 'n skool se voorligtingsprogram wel vir hierdie aspek voorsiening maak (kyk vraag 30, p. 97).
- Die Christen-opvoeder en -voorligter sien die leerder as medeskepsel, geskape na die beeld van God, 'n gevalle mens maar in sy Christen-aanvaarding ook mens wat gered is. Hierdie beskouing gee sin en betekenis aan die taak van die voorligter, dit gee perspektief op sy roeping en aanvaarding van tekortkominge van die voorligter (kyk par. 3.4.3). Na aanleiding hiervan moet een of meer vrae gestel word om te bepaal of die respondent verdraagsaamheid en liefde teenoor alle leerders toon, ongeag kultuurgroep (kyk vraag 33, p. 99; vraag 36, p. 102; vraag 38, p. 103).
- Onderrig in skole in Suid-Afrika word hoofsaaklik in Engels en/of Afrikaans aangebied. Daar moet vasgestel word of die Departementshoof Opvoedkundige

Leiding/Voorligtingonderwyser die etiese verpligting, naamlik professionele bevoegdheid nakom (kyk par. 3.4.3). Die vraag is of die respondente bereid is om die onderhoude met leerders in albei hierdie tale te voer (kyk vraag 34, p. 100).

- Die Departementshoof Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser behoort nie ongevoelig, onsensitief en bevooroordeeld teenoor ander kulture te staan nie (kyk par. 3.4.2; 3.4.3). Daar moet 'n vraag gestel word om die sensitiwiteit en bevooroordeeldheid van die respondente te toets (kyk vraag 35, p. 101; vraag 37, p. 103).
- Elke Departementshoof Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser wat nie met opregtheid en geloofwaardigheid optree nie, sal weinig, indien enige sukses in die voorligtingsituasie behaal (kyk par. 3.4.2). Een of meer vrae moet ingesluit word om vas te stel in welke mate die respondent glo dat leerders waarde aan sy/haar opregtheid en geloofwaardigheid kan heg (kyk vraag 39, p. 104; vraag 40, p. 105).

4.4.2.2 Keuse van die soort items vir die vraelys

In hierdie ondersoek gaan bepaal word in welke mate die vraelysitems in die skoolvoorligtingsprogram van multikulturele sekondêre skole doeltreffend toegepas is. Vir hierdie doel is besluit om van die Likert-tipe skaal gebruik te maak.

Volgens Erasmus (1994:56), kies 'n respondent tussen 'n hele aantal responskategorieë wat 'n aanduiding gee van die graad van instemming of verskil ten opsigte van die houding wat gemeet word, byvoorbeeld die houding van studente teenoor 'n dosent of 'n besondere vak. Daar word gewoonlik van 'n drie- of 'n sewepunktkategorie gebruik gemaak. 'n Ooglopende beperking van hierdie skaal is dat alle items op die vraelys wat bymekaar getel moet word, na 'n enkele konsep of kenmerk moet verwys, anders word appels en pere met mekaar vergelyk. In die aanvanklike ontwikkeling van 'n skaal het Likert van 5 kategorieë gebruik gemaak (Sax, 1979:249). Dit is moontlik dat respondente op 'n 5 of 6-puntskaal geneig sal wees om eerder gemiddelde response aan te bied wat nie 'n getroue weergawe van hul risiko ten opsigte van die onderwerp onder bespreking kan wees nie. Dit is dus wenslik om van 4 kategorieë gebruik te maak.

Die waardetoekenning van die responskategorieë is belangrik. Die hoogste telling word aan die kategorie van volkome instemming toegeken, wat 4 punte op die 4 kategorieeskaal beteken, en die laagste telling, naamlik 1, aan die sterk negatiewe kant (Best & Kahn, 1986:181-182).

'n Totale telling van die respondente is belangrik, en met die voorafgaande kan sogenoemde tellings verkry word. Dit sal 'n aanduiding wees van sy/haar positiewe of negatiewe reaksie ten opsigte van die navorsingsonderwerp.

Die formulering van die items is deurgaans aan die hand van die kriteria vir vraagformulering gedoen (kyk par. 4.3.1.2). Daar is deurgaans gepoog om vrae kort en duidelik te formuleer.

4.4.2.3 Eerste redaksie van die vraelys:

Na aanleiding van die motivering vir die bepaalde vraelys (kyk par. 4.3) en die riglyne en kriterium met betrekking tot die ontwerp van 'n vraelys (kyk par. 4.3.1.2) is besluit op 'n eerste redaksie.

Die vraelys bestaan uit twee afdelings, naamlik Afdeling A (Biografies en Demografies) sluit vrae 1 - 9 in, en Afdeling B, (Organisatories en Persoonlik) sluit vrae 10 - 40 in. Die vraelys is in Afrikaans en Engels voorberei. Afdeling A sluit die onderstaande aspekte in en dit word soos volg uiteengesit:

□ BIOGRAFIES & DEMOGRAFIES

1. Geslag
2. Ouderdom
3. Huwelikstaat
4. Akademiese kwalifikasies
5. Totale aantal diensjare in die onderwys
6. Ervaring as Departementshoof: Opvoedkundige Leiding of Voorligtingonderwyser
7. Ervaring as Departementshoof: Opvoedkundige Leiding of Voorligtingonderwyser by huidige skool
8. Taalmedium van die skool
9. Sosio-ekonomiese status van die gemeenskap wat deur u skool bedien word

Die skaal wat gebruik is vir die beantwoording van die vrae in Afdeling B, is soos volg:

- 1 = Nooit
- 2 = Soms
- 3 = Gewoonlik
- 4 = Altyd

Om vas te stel in welke mate die beginsels vir die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole geïmplementeer word, word die volgende vrae in Afdeling B van die voorlopige vraelys uiteengesit:

□ **ORGANISATORIES/ORGANIZATIONAL**

Die mate waarin/The extent in which:

10. dit noodsaaklik is om die beginsels van voorligting in multikulturele skole toe te pas?/it is necessary that the principles of guidance should be applied in multicultural schools?
11. u betrokke is by die samestelling van u skool se voorligtingsprogram?/you are involved in conducting in the school's guidance program?
12. in u skool se voorligtingsprogram aandag gegee word aan probleme van die kind?/attention is given to the problems of the child in your school's guidance program?
13. u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir elke lewenstyl van alle rasse?/provision is made for the way of living of all races in your school's guidance program?
14. u skool se voorligtingsprogram by die behoeftes van die kind en sy/haar omgewing aangepas word?/your school's guidance program is adjusted to suit the needs of the child and his/her environment?
15. u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die kind se maksimale ontwikkeling?/provision is made in your school's guidance programme for maximum development of the child?
16. u skool se voorligtingsprogram aangepas word om individuele verskille te erken?/your school's guidance programme is adjusted to recognise individual differences?
17. u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die kind om keuses te maak?/your school's guidance programme makes provision for the child to make choices?
18. u skool se voorligtingsprogram erkenning verleen aan die menswaardigheid van die individu?/your school's guidance programme recognises the dignity of people?
19. die uniekheid van die kind in u skool se voorligtingsprogram erken word?/your school's guidance programme recognises the uniqueness of the child?

20. 'n positiewe selfbeeld van alle leerders deur middel van die skool se voorligtingsprogram ontwikkel word?/a positive self-esteem of all the learners is developed through your school's guidance programme?
21. die voorligtingsprogram van u skool aangepas word om in die behoftes van alle leerders van verskillende kultuurgroepe te voorsien?/your school's guidance programme is adjusted to make provision for the needs of all learners of all races?
22. in u skool se voorligtingsprogram voorsiening gemaak word vir die gelyke behandeling van alle leerders?/your school's guidance programme makes provision for equal treatment of all learners?
23. gedragsverskille binne kultuurgroepe erken word?/differences in behaviour within cultural groups are acknowledged?
24. leerders voorberei word vir 'n multikulturele samelewing asook 'n beroepswêreld wat uit verskillende kultuurgroepe bestaan?/learners are prepared for a multicultural society as well as a multicultural business world?
25. die beginsel van respek vir andere in u skool se voorligtingsprogram erken word?/the principles of respect to others is acknowledged in your school's guidance programme?
26. u skool se voorligtingsprogram afgestem is op voorligting vir alle leerders?/your school's guidance programme makes provision for guidance of all learners?
27. u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die kweek van 'n positiewe gesindheid jeens ander kulture?/your school's guidance programme provides the opportunity to nourish a positive attitude towards all cultures?
28. die voorligtingsprogram by u skool nie-rassig en nie-seksisties is?/your school's guidance programme is based on a non-racial and non-sexist principle?
29. die demokratiese waardes van alle leerders in u voorligtingsprogram erken word?/the democratic rights of all learners are acknowledged in your school's guidance programme?
30. u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak om die kennis, insig en vaardighede van alle kultuurgroepe te toets?/the knowledge, insight and skills of all cultural groups are acknowledged in your school's guidance programme?

□ **PERSOONLIK/PERSONAL:**

Die mate waarin/The extent to which:

31. dit vir u as voorligter belangrik is om ander kultuurgroepe te aanvaar?/it is important to you as a guidance teacher to accept learners of other cultural groups?

32. u daarin slaag om aan alle leerders, ongeag kultuurgroep, gelyke en onpartydige behandeling te gee?/you succeed in treating learners of different cultural groups equally and unbiased?
33. u verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe toon?/you show tolerance toward other cultural groups?
34. u as voorligteronderwyser bereid is om onderhoude in Engels en/of Afrikaans te voer?/you as a guidance teacher is willing to interview learners in both English and/or Afrikaans?
35. u as voorligteronderwyser bevooroordeel is teenoor leerders van ander kultuurgroepe?/you as a guidance teacher is prejudiced towards learners of different cultural groups?
36. u as voorligteronderwyser 'n positiewe gesindheid teenoor ander kultuurgroepe toon?/you as a guidance teacher shows a positive attitude towards other cultural groups?
37. u as voorligteronderwyser sensitief is teenoor ander kultuurgroepe se behoeftes en gewoontes?/you as a guidance teacher shows sensitivity towards the needs and habits of other culutural groups?
38. u as voorligteronderwyser liefde toon aan alle leerders wat 'n behoefte het om te behoort?/you as a guidance teacher shows affection to all learners who have a need to belong?
39. alle leerders waarde kan heg aan u egtheid en geloofwaardigheid?/all learners can attach value to your genuineness and reliability?
40. u as voorligteronderwyser aan alle leerders emosionele sekuriteit bied?/you as a guidance teacher offers all learners emotional security?

4.4.2.4 Tweede redaksie van die vraelys

Die vraelys is met die studieleier en die Gauteng Onderwysdepartement bespreek. Nadat wysigings aangebring is, is die tweede redaksie opgestel. Vrae 10, 12, 17, 18, 19, 21, 28, en 40 is na afloop hiervan herformuleer.

Die tweede redaksie is weereens aan die studieleier en advieskomitee voorgelê om die inhoudsgeldigheid van die vraelys te bepaal. Dié redaksie is ook vir 'n loodsondersoek deur ses Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers in skole te Potchefstroom, wat nie by die studieprojek betrokke is nie, ingevul.

Die doel van die loodsondersoek was om misleidende, onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daar moes voorts bepaal word of die data wat uit die vraelys verkry word, grekenariseer en geanaliseer kon word.

Die tweede redaksie van die vraelys is met die studieleier bespreek. Slegs enkele tegniese wysigings is hierna nodig geag.

Skriftelike toestemming is van die Gauteng Onderwysdepartement verkry om die vraelys deur die Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers te laat invul.

4.4.2.5 Aspekte van die finale vraelys

□ **Onderwerpe waarvolgens die vraelys ingedeel is:**

• Voorligtingsprogram

Afdeling B van die vraelys dek die volgende beginsels ten opsigte van die **voorligtingsprogram** in multikulturele skole:

- die noodsaaklikheid daarvan (kyk vraag 10);
- die betrokkenheid van die respondent by die beplanning en samestelling van die voorligtingsprogram (kyk vraag 11);
- voorsiening vir die psigologiese behoeftes van die kind (kyk vraag 12);
- erkenning van die lewenstyl van alle rasse (kyk vraag 13);
- by die behoeftes van die leerder en sy/haar omgewing aan te pas (kyk vraag 14);
- voorsiening vir die leerder se holistiese ontwikkeling (kyk vraag 15);
- aanpassing ten opsigte van die individuele verskille van die leerder (kyk vraag 16);
- voorsiening ten opsigte van die leerder om persoonlike keuses te maak (kyk vraag 17);
- voorsiening vir verantwoordelike beroepskeuses (kyk vraag 18);
- erkenning van die menswaardigheid van alle leerders (kyk vraag 19);
- 'n positiewe selfbeeld van alle leerders te ontwikkel (kyk vraag 20);
- kennis van alle kulturele groepe (kyk vraag 21);
- voorsiening vir die gelyke behandeling van leerders (kyk vraag 22);
- gedragsverskille binne kultuurgroepe (kyk vraag 23);
- om leerders voor te berei vir 'n multikulturele samelewing asook 'n multikulturele beroepswêreld (kyk vraag 24);
- erkenning van respek aan alle leerders (kyk vraag 25);

- voorligting aan alle leerders bied (kyk vraag 26);
- die kweek van positiewe gesindhede jeens ander kulture (kyk vraag 27);
- die bevordering van seksisme (kyk vraag 28);
- die erkenning van die demokratiese waardes van alle leerders (kyk vraag 29);
- voorsiening gemaak word vir praktiese vaardighede van alle kultuurgroepe (kyk vraag 30);

- **Persoonlike mening**

Die volgende vraelysitems in **Afdeling B**, toets die **persoonlike** mening van die van die Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers, ten opsigte van die **beginsels** in multikulturele skole:

- die aanvaarding van ander kultuurgroepe (kyk vraag 31);
- gelyke en onpartydige behandeling, ongeag kultuurgroep (kyk vraag 32);
- verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe (kyk vraag 33);
- bereidheid om onderhoude in Afrikaans en Engels te voer (kyk vraag 34);
- bevooroordeeld teenoor ander kultuurgroepe (kyk vraag 35);
- 'n positiewe gesindheid teenoor alle kultuurgroepe toon (kyk vraag 36);
- sensitiwiteit vir ander kultuurgroepe se behoeftes en gewoontes (kyk vraag 37);
- liefde toon aan alle leerders, ongeag kultuurgroep (kyk vraag 38);
- die leerders waarde aan sy/haar egtheid en opregtheid kan heg (kyk vraag 39);
- die leerders waarde aan sy/haar geloofwaardigheid kan heg (kyk vraag 40).

- **Lengte van die vraelys**

Die lengte van die vraelys is beperk tot die minimum aantal vrae wat terselfdertyd die nodige inligting moes bekom.

Die vraelys bestaan uit 40 items (kyk Bylaag 1).

- **Anonimiteit van die vraelys**

Respondente het die versekering ontvang dat hul response slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word en dus as streng vertroulik behandel sal word.

- **Voorkoms van die vraelys**

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad:

- Die titel van die navorsingsprojek.
- Aan wie die vraelys teruggestuur moet word.

Die res van die vraelys vervat die volgende gegewens:

- Aan wie die vraelys gerig word.
- Die algemene aanwysings
- Die doel van die vraelys.
- Die vertroulikheid van die vraelys.
- Aanwysings met betrekking tot die invul van die vraelys
- 'n Voorbeeld
- Die blokkies vir beantwoording, die karakternommers vir die rekenaar, die tikwerk ensovoort, is gedoen volgens die kriteria van Cohen & Manion (1980:85) en Borg & Gall, 1979:298).

4.4.2.6 Die begeleidende briewe

'n Begeleidende brief is aan die Skoolhoof (Bylaag 2), Departementshoof: Opvoedkundige Leiding (Bylaag 3), en die Voorsitter van die Beheerraad (Bylaag 4) van die betrokke skole gestuur. 'n Afskrif van die toestemmingsbrief wat deur die Gauteng Onderwysdepartement verskaf is, is ook by die vraelys ingesluit.

In die begeleidende brief is die doel van die vraelys omskryf sowel as dat toestemming van die Gauteng Onderwysdepartement ontvang is om die vraelys aan voormalige model-C skole te stuur.

Die vertroulike hantering van die vraelys het vervolgens aandag geniet. Die vraelys is aan die betrokke skole op 98-02-27 gepos vir die invul daarvan deur die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser. Die terugsendingsdatum is op 98-03-11 gestel.

4.4.2.7 Terugontvangste

Vraelyste is aan N = 162 Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding by Afrikaans-, Engels-, Dubbel- en Parallelmedium sekondêre skole van die Gauteng Onderwysdepartement gestuur. Een-honderd-en-vyf (64,8%) vraelyste is tot op en met die keurdatum terug ontvang. Die ontledings berus op die antwoorde van dié totale aantal vraelyste.

Geen opvolgbrief is aan die hoofde gestuur nie, aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan is dat die inligting wat uit die terugsendings verkry sou word, nie 'n getroue refleksie van departementshoofde vir opvoedkundige leiding se opvattinge aangaande die beginsels vir die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole en die wyse van implementering van die voorligtingsprogram sou weergee nie. Daar is ook verwag dat van sommige skole geen reaksie sou wees nie.

4.4.2.8 Verwerking van die vraelysantwoorde

Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO was behulpsaam met die statistiese verwerkings. Frekwensie tabelle, Pearson korrelasie koëffisiënte, Faktorontleding en die betroubaarheidsgeldigheid is bepaal.

4.5 SAMEVATTING

Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding, het in hul pogings om effektiewe toepassing van die beginsels in voorligting aan alle leerders, voortdurend te make met interpersoonlike en interkulturele verhoudinge.

Dit is noodsaaklik dat alle Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwysers in die veranderende omstandighede alle beginsels van voorligting moet aanpas, ten einde die effektiewe toepassing van die beginsels in voorligting in multikulturele skole te verseker.

In Hoofstuk 5 word die resultate en die interpretasies van die vraelyste weergegee.

HOOFSTUK 5

VRAELYS AAN DEPARTEMENTSHOOFDE: OPVOEDKUNDIGE LEIDING EN VOORLIGTERONDERWYSERS VAN SEKONDÊRE SKOLE IN DIE GAUTENG PROVINSIE: RESULTATE EN INTERPRETASIES VAN DIE VRAELYSRESPONSE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die vraelysresponse ontleed en vertolk. Die vertolking word vanaf die volgende statistiese berekenings gedoen:

- Frekwensie tabelle
- Korrelasiekoëffisiënte en
- Faktorontleding

5.2 FREKWENSIE TABELLE

Die vraelys bestaan uit twee Afdelings naamlik: Afdeling A wat die Biografiese en Demografiese inligting verteenwoordig en Afdeling B die Organisasoriese inligting. Vraelysitems 1 tot 9 word saamgegroepeer in Tabel 5.1 en gesamentlik bespreek.

5.3 AFDELING A - BIOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE INLIGTING

Die response op vrae 1 tot 9 word vervolgens aangebied en vertolk.

Hierdie gegewens word in tabel 5.1 weergegee.

Tabel 5.1

Opsomming van Biografiese en Demografiese gegewens: Frekwensies en persentasies

VRAAG 1				
GESLAG	f	%	kum f	kum %
Manlik	38	36.2	38	36.2
Vroulik	67	63.8	105	100.0

VRAAG 2				
OUDERDOM	f	%	kum f	kum %
20 - 29 jaar	8	7.6	8	7.6
30 - 39 jaar	31	29.5	39	37.1
40 - 49 jaar	49	46.7	88	83.8
50 - 59 jaar	16	15.2	104	99.0
60 jaar en ouer	1	1.0	105	100.0

VRAAG 3				
HUWELIKSTAAT	f	%	kum f	kum %
Ongetroud	10	9.5	10	9.5
Getroud	81	77.1	91	86.7
Geskei	10	9.5	101	96.2
Wewenaar / Weduwee	4	3.8	105	100.0

Tabel 5.1

Opsomming van Biografiese en Demografiese gegewens: Frekwensies en persentasies (vervolg)

VRAAG 4				
AKADEMIESE KWALIFIKASIE	f	%	kum f	kum %
Graad 12 plus 3 jaar diploma	1	1.0	1	1.0
Graad 12 plus 4 jaar diploma	16	16.7	17	17.7
B.-graad plus H.O.D.	31	32.3	48	50.0
Honneurs	26	27.1	74	77.1
Magister	18	18.8	92	95.8
Doktoraal	2	2.1	94	97.9
Ander	2	2.1	96	100.0
Ontbrekende frekwensie = 9				

VRAAG 5				
TOTALE AANTAL DIENSJARE	f	%	kum f	kum %
3 jaar en minder	2	1.9	2	1.9
4 - 6 jaar	5	4.8	7	6.7
7 - 10 jaar	15	14.4	22	21.0
11 - 15 jaar	22	21.0	44	41.9
16 - 20 jaar	27	25.7	71	67.6
21 jaar en meer	34	32.4	105	100.0

Tabel 5.1

Opsomming van Biografiese en Demografiese gegewens: Frekwensies en persentasies (vervolg)

VRAAG 6				
ERVARING AS DEPARTEMENTS- HOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING / VOORLIGTERONDERWYSER	f	%	kum f	kum %
1 jaar en minder	12	11.5	12	11.5
2 - 5 jaar	35	33.7	47	45.2
6 - 10 jaar	29	27.9	76	73.1
11 - 20 jaar	26	25.0	102	98.1
21 jaar en meer	2	1.9	104	110.0
Ontbrekende frekwensie = 1				

VRAAG 7				
ERVARING AS DEPARTEMENTS- HOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING / VOORLIGTERONDERWYSER BY HUIDIGE SKOOL	f	%	kum f	kum %
1 jaar en minder	15	14.4	15	14.4
2- 5 jaar	42	40.4	57	54.8
6 - 10 jaar	33	31.7	90	86.5
11 - 20 jaar	13	12.5	103	99.0
21 jaar en meer	1	1.0	104	110.0
Ontbrekende frekwensie = 1				

Tabel 5.1

Opsomming van Biografiese en Demografiese gegewens: Frekwensies en persentasies (vervolg)

VRAAG 8				
TAALMEDIUM VAN SKOOL	f	%	kum f	kum %
Afrikaans	50	48.5	50	48.5
Engels	45	43.7	95	92.2
Dubbelmedium	1	1.0	96	93.2
Parrallelmedium	7	6.8	103	100.0
Ontbrekende frekwensie = 2				

VRAAG 9				
SOSIO-EKONOMIESE STATUS VAN DIE GEMEENSAP WAT DEUR SKOOL BEDIEN WORD	f	%	kum f	kum %
Hoër inkomstegroep	13	13.7	13	13.7
Gemiddelde inkomstegroep	69	72.6	82	86.3
Laer inkomstegroep	13	13.7	95	100.0
Ontbrekende frekwensie = 10				

5.3.1 Ontleding en vertolking van response

Uit tabel 5.1 blyk die volgende:

- Dat meer Dames, 63,8% (67 uit 105) as Mans, 36,2% (38 uit 105) as Departements-
hoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser by sekondêre skole in die
Gauteng Onderwysdepartement aangestel is.

- Die ouderdomme van die meeste respondente tussen 40 - 49 jaar wissel.
- Die meeste respondente oor 'n Na-graadse kwalifikasie beskik.
- Die meeste respondente meer as 21 diensjare in die Onderwys het.
- Die meeste respondente tussen 2 - 5 jaar ervaring het as Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser.
- Die inkomstegroep van die responderende skole gemiddeld is.

5.4 AFDELING B - ORGANISATORIES

Die antwoorde op vrae 10 tot 40 word vervolgens aangebied en vertolk.

5.4.1 Vraag 10

“Dui die mate aan waarin u dit noodsaaklik ag om die teoretiese beginsels van voorligting in multikulturele skole toe te pas.” (Bylaag 1, Vraag 10) Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.2 aangedui.

Tabel 5.2: Teoretiese beginsels noodsaaklik vir voorligting

VRAAG 10	f	%	kum f	kum %
Nooit	2	1.9	2	1.9
Soms	14	13.3	16	15.2
Gewoonlik	33	31.4	49	46.7
Altyd	53	50.4	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

Van die respondente ag 52,2% (16 uit 105) dit nooit of soms noodsaaklik om die teoretiese beginsels van voorligting in multikulturele skole toe te pas. Hierdie relatief hoë persentasie kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar nog 'n groot hoeveelheid voormalige model-C

sekondêre skole in Gauteng provinsie is wat nog nie ten volle geïntegreerde onderwys toepas nie en dat die beginsels van voorligting in hierdie skole nie belangrik genoeg geag word nie. Slegs 50,4% (53 uit 105) multikulturele skole ag die beginsels as altyd noodsaaklik. Dit is 'n klein persentasie skole, veral as in ag geneem word dat skole in Suid-Afrika reeds die afgelope vier jaar oorgeskakel het na geïntegreerde onderwys.

5.4.2 Vraag 11

“Die mate waarin u betrokke is by die beplanning en samestelling van u skool se voorligtingsprogram.” (Bylaag 1, Vraag 11). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.3 aangedui.

Tabel 5.3: Betrokkenheid by beplanning van voorligtingsprogramme

VRAAG 11	f	%	kum f	kum %
Nooit	1	1.0	1	1.0
Soms	3	2.8	4	3.8
Gewoonlik	13	12.4	17	16.2
Altyd	86	81.9	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

In slegs 3,8% (4 uit 105) skole is die Departementshoof Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser nooit, of soms betrokke by die beplanning en samestelling van die skool se voorligtingsprogram. Dit dui daarop dat 'n voorligtingsprogram moontlik nie by hierdie skole geïmplementeer word nie of dat die beplanning van sulke voorligtingsprogramme slegs deur die skoolhoofde aan die Departementshoofde/Voorligtingonderwysers voorgeskryf word. Volgens 98,1% (103 uit 105) respondente is hulle gewoonlik of altyd betrokke by die beplanning en samestelling van die skool se voorligtingsprogram. Dit dui daarop dat die meeste skole se respondente die geleentheid het om 'n sinvolle bydrae tot die beplanning en samestelling van die voorligtingsprogramme kan maak.

5.4.3 Vraag 12

“Die mate waarin in u skool se voorligtingsprogram aandag gegee word aan psigologiese behoeftes van die kind.” (Bylaag 1, Vraag 12) Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.4 aangedui.

Tabel 5.4: Voorsiening vir die kind se psigologiese behoeftes in voorligtingsprogramme

VRAAG 12	f	%	kum f	kum %
Soms	5	4.8	5	4.8
Gewoonlik	45	42.8	50	47.6
Altyd	53	50.5	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

In 4,8% (5 uit 105) skole word die psigologiese behoeftes van die leerder soms in ag geneem. Alhoewel dit 'n redelike klein persentasie is, dui dit daarop dat die beginsel meestal deur hierdie Departementshoofde/Voorligtingonderwysers geïgnoreer word. Slegs 50,5% (53 uit 105), die helfte van die respondente, neem altyd die psigologiese behoeftes van die leerder in ag. Dit is kommerwekkend, omdat die voorligtingsprogramme by skole op die psigologiese behoeftes van die kind gebaseer behoort te word en dat 'n groot persentasie skole dit nie altyd as belangrik genoeg ag nie.

5.4.4 Vraag 13

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die erkenning van die lewenstyl van alle rasse.” (Bylaag 1, Vraag 13). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.5 aangedui.

Tabel 5.5: Erkenning van leerders se lewenstyl in voorligtingsprogramme

VRAAG 13	f	%	kum f	kum %
Nooit	1	1.0	1	1.0
Soms	18	17.1	19	18.1
Gewoonlik	46	43.8	65	61.9
Altyd	37	35.2	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Van al die respondente erken 18,1% (19 uit 105) soms of nooit die lewenstyl van alle rasse. Die persentasie is relatief hoog wat aandui dat hierdie Departementshoofde/Voorligting-onderwysers nie bereid is om die lewenstyl van alle rasse te erken nie. So kan die respondente nie empatie teenoor die leerder openbaar indien hy/sy nie begrip vir hierdie aspek toon nie.

Volgens 35,2% (37 uit 105) respondente word altyd voorsiening gemaak vir die erkenning van die lewenstyl van alle rasse.

Die afleiding kan gemaak word dat slegs 'n klein persentasie skole in Gauteng provinsie die lewenstyl van alle rasse erken.

5.4.5 Vraag 14

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram by die behoeftes van die leerder en sy/haar omgewing aangepas word.” (Bylaag 1, Vraag 14). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.6 aangedui.

Tabel 5.6: Aanpassing van voorligtingsprogramme by behoeftes en omgewing

VRAAG 14	f	%	kum f	kum %
Soms	5	4.8	5	4.8
Gewoonlik	59	56.2	64	61.0
Altyd	39	37.1	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

In 61% (64 uit 105) skole word die behoeftes van die leerders soms of gewoonlik by sy/haar omgewing aangepas. Dit dui daarop daar is dus veel ruimte vir verbetering van hierdie aspek, veral as in ag geneem word dat slegs 37,1% (39 uit 105) skole altyd die voorligtingsprogram by die behoeftes van die leerders by sy/haar omgewing aanpas.

5.4.6 Vraag 15

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die leerder se holistiese ontwikkeling.” (Bylaag 1, Vraag 15). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.7 aangedui.

Tabel 5.7: Voorsiening vir leerders se holistiese ontwikkeling

VRAAG 15	f	%	kum f	kum %
Soms	5	4.8	5	4.8
Gewoonlik	51	48.5	56	53.3
Altyd	47	44.8	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 53,3% (56 uit 105) respondente word soms of gewoonlik voorsiening gemaak vir die leerder se holistiese ontwikkeling. Daarteenoor maak slegs 44,8% (47 uit 105), minder as die helfte, van die skole se voorligtingsprogram voorsiening vir hierdie aspek. Dit bied baie ruimte vir verbetering en baie meer aandag behoort aan die leerder as totaliteitswese geskenk te word.

5.4.7 Vraag 16

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram aangepas word om individuele verskille te erken.” (Bylaag 1, Vraag 16). Antwoorde op hierdie vrae word in Tabel 5.8 aangedui.

Tabel 5.8: Erkenning van leerders se individuele verskille

VRAAG 16	f	%	kum f	kum %
Soms	10	9.5	10	9.5
Gewoonlik	49	46.6	59	56.1
Altyd	43	41.0	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 56,1% (59 uit 105) respondente word die voorligtingsprogramme soms of gewoonlik aangepas om individuele verskille te erken. Een-en-veertig persent (43 uit 105) respondente het aangetoon dat daar altyd hieraan uitvoering gegee word. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat hierdie aspek van individuele verskille baie ruimte vir verbetering bied sodat maksimale ontwikkeling van die individu verseker kan word.

5.4.8 Vraag 17

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die leerder om persoonlike keuses ten opsigte van byvoorbeeld kleredrag, leesstof ensovoorts te maak.” (Bylaag 1, Vraag 17). Antwoorde op hierdie vrae word in Tabel 5.9 aangedui.

Tabel 5.9: Voorsiening vir leerders se persoonlike keuses

VRAAG 17	f	%	kum f	kum %
Nooit	17	16.2	17	16.2
Soms	37	35.2	54	51.4
Gewoonlik	32	30.5	86	81.9
Altyd	14	13.3	100	95.2
Geen respons	5	4.8	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van response

In 51,4% (54 uit 105) skole maak die voorligtingsprogram nooit of soms voorsiening vir die leerder om persoonlike keuses te maak. Hierdie persentasie is kommerwekkend hoog, omdat tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die skole geen adviserende rol speel in byvoorbeeld die kwaliteit leesstof wat tot alle leerders beskikbaar gestel word nie. As egter in ag geneem word dat slegs 13,3% (14 uit 105) skole altyd voorsiening maak vir persoonlike keuses, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat baie meer aandag aan hierdie aspek gegee behoort te word.

5.4.9 Vraag 18

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die leerder om 'n verantwoordelike beroepskeuse te maak.” (Bylaag 1, Vraag 18). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.10 aangedui.

Tabel 5.10: Voorsiening vir verantwoordelike beroepskeuses deur leerders

VRAAG 18	f	%	kum f	kum %
Soms	4	3.8	4	3.8
Gewoonlik	28	26.6	32	30.4
Altyd	72	68.5	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Van die respondente het 68,5% (72 uit 105) aangetoon dat die skole se voorligtingsprogram altyd voorsiening maak vir die leerder om verantwoordelike beroepskeuses te maak. Volgens 30,4% (32 uit 105) respondente word daar soms of gewoonlik voorsiening gemaak vir hierdie aspek. Dit dui daarop dat die meeste skole beroepsvoorligting as 'n fundamentele beginsel van die skool se voorligtingsprogram beskou.

5.4.10 Vraag 19

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram erkenning verleen aan die menswaardigheid van die leerders.” (Bylaag 1, Vraag 19). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.11 aangedui.

Tabel 5.11: Erkenning van leerders se menswaardigheid

VRAAG 19	f	%	kum f	kum %
Gewoonlik	18	17.1	18	17.1
Altyd	86	81.9	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens die antwoorde in Tabel 5.11 kom dié aspek in 17,1% (18 uit 105) gewoonlik in die skool se voorligtingsprogram voor.

As egter in ag geneem word dat 81,9% (86 uit 105) respondente aangetoon het dat daar altyd hieraan uitvoering gegee word, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die menswaardigheid van alle leerders by die meeste skole in Gauteng provinsie erken word.

5.4.11 Vraag 20

“Die mate waarin 'n positiewe selfbeeld van alle leerders deur middel van die skool se voorligtingsprogram ontwikkel word.” (Bylaag 1, Vraag 20). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.12 aangedui.

Tabel 5.12: Ontwikkeling van leerders se positiewe selfbeeld

VRAAG 20	f	%	kum f	kum %
Soms	1	1.0	1	1.0
Gewoonlik	40	38.1	41	39.0
Altyd	62	59.0	103	98.0
Geen respons	2	2.0	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

In 39,0% (41 uit 105) skole word die positiewe selfbeeld van alle leerders deur middel van die skool se voorligtingsprogram, soms of gewoonlik ontwikkel. Volgens 59,0% (62 uit 105), slegs die helfte van die skole, word die aspek altyd ontwikkel. Dit dui daarop dat daar dus veel ruimte vir verbetering is.

5.4.12 Vraag 21

“Die mate waarin kennis van alle kulturele groepe in u skool se voorligtingsprogram verleen word.” (Bylaag 1, Vraag 21). Antwoorde op die vraag word in Tabel 5.13 aangedui.

Tabel 5.13: Verlening van kennis van alle kulturele groepe

VRAAG 21	f	%	kum f	kum %
Nooit	2	1.9	2	1.9
Soms	25	23.8	27	25.7
Gewoonlik	52	49.5	79	75.2
Altyd	25	23.8	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

Volgens 25,7% (27 uit 105) respondente word soms of nooit kennis van alle kulturele groepe in skole se voorligtingsprogramme verleen. Van die respondente het 49,5% (52 uit 105) aangedui dat dié aspek gewoonlik in die voorligtingsprogram voorkom. In slegs 23,8% (25 uit 105) skole word die aspek altyd in die voorligtingsprogram voorsien. Dit lyk dus of daar bepaalde leemtes ten opsigte van multikulturele aspekte in skole se voorligtingsprogramme voorkom.

5.4.13 Vraag 22

“Die mate waarin in u skool se voorligtingsprogram voorsiening gemaak word vir die gelyke behandeling van alle leerders.” (Bylaag 1, Vraag 22). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.14 aangedui.

Tabel 5.14: Voorsiening vir leerders se gelyke behandeling

VRAAG 22	f	%	kum f	kum %
Gewoonlik	16	15.2	16	15.2
Altyd	87	82.9	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Uit die antwoorde blyk dit dat 15,2% (16 uit 105) respondente gewoonlik voorsiening maak vir die gelyke behandeling van alle leerders en dat die groot meerderheid van 82,9% (87 uit 105) respondente altyd vir hierdie aspek voorsiening maak. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die meeste skole in die Gauteng provinsie voorsiening maak vir die gelyke behandeling van alle leerders.

5.4.14 Vraag 23

“Die mate waarin gedragsverskille binne kultuurgroepe erken word.” (Bylaag 1, Vraag 23). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.15 aangedui.

Tabel 5.15: Erkenning van kultuurgroepe se gedragsverskille

VRAAG 23	f	%	kum f	kum %
Nooit	2	1.9	2	1.9
Soms	14	13.3	16	15.2
Gewoonlik	51	48.6	67	63.8
Altyd	37	35.2	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 15,2% (16 uit 105) respondente word soms of nooit, 48,6% (51 uit 105) gewoonlik en slegs 35,2% (37 uit 105) altyd erkenning aan gedragsverskille binne kultuurgroepe verleen. Dit dui daarop dat heelwat ruimte vir verbetering in die voorligtingsprogram bestaan.

5.4.15 Vraag 24

“Die mate waarin leerders voorberei word vir 'n multikulturele samelewing asook 'n beroepswêreld wat uit verskillende kultuurgroepe bestaan.” (Bylaag 1, Vraag 24). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.16 aangedui.

Tabel 5.16: Voorbereiding van leerders vir multikulturele beroepswêreld

VRAAG 24	f	%	kum f	kum %
Nooit	1	1.0	1	1.0
Soms	10	9.5	11	10.5
Gewoonlik	50	47.6	61	58.1
Altyd	43	40.9	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

In Vraag 18 (sien par. 5.2.2.9.1) is aangedui dat die meerderheid (68,5%) skole in die Gauteng provinsie voorsiening maak vir alle leerders om 'n verantwoordelike beroepskeuse te maak en dat daar van die veronderstelling in Vraag 24 uitgegaan kan word dat die meerderheid skole ook alle leerders voorberei vir 'n multikulturele samelewing en beroepswêreld. Minder as die helfte, naamlik 40,9% (43 uit 105) respondente het aangedui dat daar altyd vir hierdie aspek voorsiening gemaak word. In 58,1% (61 uit 105) skole word soms, nooit of gewoonlik aandag aan dié aspek gegee nie. Dit dui nie op 'n ideale situasie vir voorligting in multikulturele skole aan nie; daar is dus veel meer ruimte vir verbetering.

5.4.16 Vraag 25

“Die mate waarin die beginsel van respek vir leerders van ander kulture in u skool se voorligtingsprogram erken word.” (Bylaag 1, Vraag 25). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.17 aangedui.

Tabel 5.17: Respek vir leerders se kultuur

VRAAG 25	f	%	kum f	kum %
Nooit	1	1.0	1	1.0
Soms	3	2.8	4	3.8
Gewoonlik	32	30.4	36	34.2
Altyd	68	64.8	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

Volgens 34,2% (36 uit 105) respondente, word soms, nooit of gewoonlik voorsiening gemaak vir dié aspek. 'n Meerderheid van 64,8% (68 uit 105) respondente dui aan dat respek vir alle kulture altyd deel vorm van die voorligtingsprogram. Alhoewel hierdie persentasie meer as die helfte van die respondente uitmaak, realiseer hierdie aspek nog nie by alle skole nie.

'n Moontlike verklaring hiervoor is dat alle skole nog nie ten volle geïntegreerd is nie.

5.4.17 Vraag 26

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram afgestem is op voorligting vir alle leerders.” (Bylaag 1, Vraag 26). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.18 aangedui.

Tabel 5.18: Voorligtingsvoorsiening vir alle leerders

VRAAG 26	f	%	kum f	kum %
Nooit	1	1.0	1	1.0
Soms	1	1.0	2	1.9
Gewoonlik	26	24.7	28	26.7
Altyd	75	71.4	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Van die respondente het 71,4% (75 uit 105) en 24,7% (26 uit 105) aangetoon dat die voorligtingsprogram onderskeidelik altyd en gewoonlik afgestem is op voorligting vir alle leerders. Slegs 'n baie klein persentasie, naamlik 1,9% (2 uit 105) maak soms of nooit voorsiening vir hierdie aspek nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die meeste skole 'n doelbewuste poging aanwend om voorligting aan alle leerders te bied.

5.4.18 Vraag 27

“Die mate waarin skole se voorligtingsprogram voorsiening maak vir die kweek van 'n positiewe gesindheid jeens ander kulture.” (Bylaag 1, Vraag 27). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.19 aangedui.

Tabel 5.19: Voorsiening vir kweek van positiewe gesindheid jeens ander kulture

VRAAG 27	f	%	kum f	kum %
Soms	10	9.5	10	9.5
Gewoonlik	35	33.3	45	42.8
Altyd	59	56.2	104	99.0
Geen respons	1	1.0	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

In meer as die helfte, naamlik 56,2% (59 uit 105) skole, word daar volgens die respondente altyd voorsiening gemaak vir die kweek van 'n positiewe gesindheid jeens ander kulture. Aangesien 42,8% (45 uit 105) skole soms of gewoonlik voorsiening maak vir hierdie aspek, is daar wel ruimte vir die verbetering met betrekking tot die aspek van 'n positiewe gesindheid jeens ander kulture.

5.4.19 Vraag 28

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram seksisme bevorder.” (Bylaag 1, Vraag 28). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.20 aangedui.

Tabel 5.20: Bevordering van seksisme

VRAAG 28	f	%	kum f	kum %
Nooit	78	74.3	78	74.3
Soms	12	11.4	90	85.7
Gewoonlik	9	8.6	99	94.3
Altyd	4	3.8	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 74,3% (78 uit 105) respondente word seksisme nooit in skole se voorligtingsprogramme bevorder nie. Slegs 3,8% (4 uit 105) respondente het aangedui dat dié aspek altyd bevorder word. Die afleiding kan gemaak word dat die meeste respondente die bevordering van seksisme teenstaan.

5.4.20 Vraag 29

“Die mate waarin die demokratiese waardes van alle leerders in u skool se voorligtingsprogram erken word.” (Bylaag 1, Vraag 29). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.21 aangedui.

Tabel 5.21: Erkenning van alle leerders se demokratiese waardes

VRAAG 29	f	%	kum f	kum %
Soms	6	5.7	6	5.7
Gewoonlik	40	38.1	46	43.8
Altyd	57	54.3	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

In meer as die helfte, naamlik 54,3% (57 uit 105) skole, word daar volgens die respondent altyd aan hierdie doelstelling uitvoering gegee. Volgens 43,8% (46 uit 105) respondente word soms of gewoonlik erkenning, in skoolvoorligtingsprogramme aan alle leerders se demokratiese waardes verleen. Daar is dus wel ruimte vir verbetering met betrekking tot dié aspek.

5.4.21 Vraag 30

“Die mate waarin u skool se voorligtingsprogram voorsiening maak om die vaardighede van alle kultuurgroepe te toets, byvoorbeeld praktiese vaardighede.” (Bylaag 1, Vraag 30). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.22 aangedui.

Tabel 5.22: Voorsiening vir toetsing van vaardighede van alle kultuurgroepe

VRAAG 30	f	%	kum f	kum %
Nooit	8	7.6	8	7.6
Soms	34	32.4	42	40.0
Gewoonlik	42	40.0	84	80.0
Altyd	18	17.1	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 17,1% (18 uit 105) respondente kom hierdie aspek altyd tot sy reg. Volgens 40,0% (42 uit 105) word daar in multikulturele skole soms of nooit in hierdie aspekte in voorligtingsprogramme voorsiening gemaak. Dit lyk dus of daar bepaalde leemtes in die voorligtingsprogramme voorkom.

5.4.22 Vraag 31

“Die mate waarin dit vir u belangrik is om ander kultuurgroepe te aanvaar.” (Bylaag 1, Vraag 31). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.23 aangedui.

Tabel 5.23: Aanvaarding van ander kultuurgroepe

VRAAG 31	f	%	kum f	kum %
Soms	2	1.9	2	1.9
Gewoonlik	15	14.3	17	16.2
Altyd	86	81.9	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van response**

Van die respondente het 81,9% (86 uit 105) aangedui dat dit vir hulle belangrik is om ander kultuurgroepe te aanvaar. Alhoewel 16,2% (17 uit 105) respondente hierdie aspek nie belangrik ag nie, skep hierdie aspek wel ruimte vir verbetering.

5.4.23 Vraag 32

“Die mate waarin u daarin slaag om aan alle leerders, ongeag kultuurgroep, gelyke en onpartydige behandeling te gee.” (Bylaag 1, Vraag 32). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.24 aangedui.

Tabel 5.24: Gelyke en onpartydige behandeling van alle kultuurgroepe

VRAAG 32	f	%	kum f	kum %
Soms	2	1.9	2	1.9
Gewoonlik	20	19.0	22	20.9
Altyd	81	77.1	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 20,9% (22 uit 105) respondente slaag hulle soms of gewoonlik daarin om ongeag kultuurgroep, gelyke en onpartydige behandeling te gee. Van die respondente slaag 77,1% (81 uit 105) altyd daarin om aan hierdie doelstelling uitvoering te gee. Daar is wel ruimte vir verbetering.

5.4.24 Vraag 33

“Die mate waarin u verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe toon.” (Bylaag 1, Vraag 33). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.25 aangedui.

Tabel 5.25: Verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe

VRAAG 33	f	%	kum f	kum %
Soms	2	1.9	2	1.9
Gewoonlik	24	22.9	26	24.8
Altyd	77	73.3	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens 73,3% (77 uit 105) respondente word altyd verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe getoon. Van die respondente toon 24,8% (26 uit 105) aan dat hulle soms of gewoonlik daarin slaag om hierdie aspek uit te voer. Die gevolgtrekking kan gemaak word, dat ten opsigte van 'n hoë persentasie respondente wat positief op die vraag gereageer het, daar tóg ruimte vir verbetering bestaan.

5.4.25 Vraag 34

“Die mate waarin u bereid is om onderhoude met leerders in Engels of Afrikaans te voer.” (Bylaag 1, Vraag 34). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.26 aangedui.

Tabel 5.26: Onderhoudvoering in Engels of Afrikaans

VRAAG 34	f	%	kum f	kum %
Nooit	11	10.5	11	10.5
Soms	14	13.3	25	23.8
Gewoonlik	16	15.2	41	39.0
Altyd	61	58.1	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Uit Tabel 5.26 blyk dit dat slegs die helfte van die respondente (58,1%) altyd bereid is om onderhoude in Engels of Afrikaans te voer.

Die afleiding kan gemaak word dat die respondente nie bereid is om in enige ander taal as hul eie, onderhoude te voer nie.

Die skoolvoorigter moet egter Engels en Afrikaans magtig wees, omdat dit bydrae tot sy professionaliteit. Die taalmedium in die meeste skole in Suid-Afrika het reeds oorgeskakel na dubbel-/parallel medium, sodat alle leerders in hierdie opsig geakkommodeer kan word. Volgens 23,8% (25 uit 105) respondente is hulle soms of nooit bereid om onderhoude in albei tale te voer. Hierdie persentasie is relatief hoog en dit dui daarop dat baie meer aandag aan hierdie gedeelte van die voorligtingsprogram geskenk behoort te word.

5.4.26 Vraag 35

“Die mate waarin u bevooroordeeld is teenoor leerders van ander kultuurgroepe.” (Bylaag 1, Vraag 35). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.27 aangedui.

Tabel 5.27: Bevooroordeeldheid teenoor ander kultuurgroepe

VRAAG 35	f	%	kum f	kum %
Nooit	71	67.6	71	67.6
Soms	19	18.1	90	85.7
Gewoonlik	8	7.6	98	93.3
Altyd	4	3.8	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

Van die respondente het 67,6% (71 uit 105) aangetoon dat hulle nooit bevooroordeeld teenoor leerders van ander kultuurgroepe is nie. Uit die gegewens is dit duidelik dat hierdie aspek in die meeste skole in Gauteng provinsie ten volle tot sy reg kom. In 3,8% (4 uit 105) skole is respondente altyd, 18,1% (19 uit 105) soms en 7,6% (8 uit 105) respondente gewoonlik bevooroordeeld teenoor ander kultuurgroepe. Uit dié gegewens is dit duidelik dat hierdie aspek by die meeste respondente in Gauteng provinsie ten volle tot sy reg kom, maar dat daar steeds 'n groot persentasie, naamlik 30% (31 uit 105) respondente, aandag aan hierdie aspek sal moet gee.

5.4.27 Vraag 36

Vraag 36: “Die mate waarin u 'n positiewe gesindheid teenoor ander kultuurgroepe toon.” (Bylaag 1, Vraag 36). Die antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.28 aangedui.

Tabel 5.28: Positiewe gesindheid teenoor ander kultuurgroepe

VRAAG 36	f	%	kum f	kum %
Nooit	1	1.0	1	1.0
Soms	2	1.9	3	2.9
Gewoonlik	31	29.5	34	32.3
Altyd	69	65.7	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

Die feit dat slegs 2,9% (3 uit 105) respondente aangedui het dat hulle soms of nooit, en 95% (100 uit 105) respondente aantoon dat hulle gewoonlik of altyd 'n positiewe gesindheid teenoor ander kultuurgroepe toon, kan die afleiding gemaak word dat skoolvoorligters se gesindhede besig is om positief te verander.

5.4.28 Vraag 37

“Die mate waarin u sensitief is vir ander kultuurgroepe se behoeftes en gewoontes.” (Bylaag 1, Vraag 37). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.29 aangedui.

Tabel 5.29: Sensitiwiteit vir ander kultuurgroepe se behoeftes en gewoontes

VRAAG 37	f	%	kum f	kum %
Soms	5	4.8	5	4.8
Gewoonlik	38	36.2	43	41.0
Altyd	60	57.1	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ Ontleding en vertolking van die response

Volgens die respondente se antwoorde, word aangedui dat 57,1% (60 uit 105) net meer as die helfte sensitief is vir die behoeftes en gewoontes van ander kultuurgroepe. Van die respondente het 41% (43 uit 105) aangedui dat hulle soms of gewoonlik sensitief is ten opsigte van hierdie aspek. Hierdie antwoorde dui daarop dat die respondente 'n "versigtiger" keuse as **altyd** probeer maak het. Dit sou wenslik wees dat hierdie respondente minder twyfelagtige response gee, omdat die skoolvoorligter nooit ongevoelig teenoor ander kulture mag staan nie.

5.4.29 Vraag 38

“Die mate waarin u liefde toon aan alle leerders wat 'n behoefte het om te behoort.” (Bylaag 1, Vraag 38). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.30 aangedui.

Tabel 5.30: Liefde vir alle leerders

VRAAG 38	f	%	kum f	kum %
Gewoonlik	26	24.8	26	24.8
Altyd	77	73.3	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 73,3% (77 uit 105) is bereid om liefde te toon aan alle leerders wat 'n behoefte het om te behoort, terwyl 24,8% (26 uit 105) gewoonlik liefde toon. Die gevolgetrekking kan gemaak word dat hierdie 24,8% respondente weereens 'n “versigtige” keuse maak omdat alle kulture by hierdie aspek ingesluit kan word en dit vir hulle veiliger voel om nie 'n definitiewe standpunt in te neem nie.

5.4.30 Vraag 39

“Die mate waarin alle leerders in u skool waarde aan u egtheid en opregtheid kan heg.” (Bylaag 1, Vraag 39). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.31 aangedui.

Tabel 5.31: Leerders se waardering van voorligter se egtheid en opregtheid

VRAAG 39	f	%	kum f	kum %
Gewoonlik	26	24.7	26	24.7
Altyd	76	72.4	102	97.1
Geen respons	3	2.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Daar is 'n groot ooreenkoms ten opsigte van die response op hierdie vraag en vraag 38 (sien par. 5.27.1). 72,4% (76 uit 105) respondente kan met sekerheid verklaar dat alle leerders altyd waarde aan hulle egtheid en opregtheid heg. Volgens 24,7% (26 uit 105) respondente kan leerders gewoonlik waarde heg aan hulle egtheid en opregtheid. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser in 'n mate onseker voel oor sy vermoë om opreg en eg teenoor alle leerders op te tree.

5.4.31 Vraag 40

“Die mate waarin alle leerders in u skool waarde aan u geloofwaardigheid kan heg.” (Bylaag 1, Vraag 40). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.32 aangedui.

Tabel 5.32: Leerders se waardering van voorligter se geloofwaardigheid

VRAAG 40	f	%	kum f	kum %
Gewoonlik	17	16.2	17	16.2
Altyd	86	81.9	103	98.1
Geen respons	2	1.9	105	100.0

□ **Ontleding en vertolking van die response**

Volgens die oorgrote meerderheid naamlik 81,9% (86 uit 105) respondente heg alle leerders altyd waarde aan hul geloofwaardigheid. Slegs 'n klein persentasie van 16,2% (17 uit 105) respondente het laat blyk dat hulle leerders moontlik waarde aan hul geloofwaardigheid kan heg. Dit dui daarop dat die 16% respondente ruimte bied vir verbetering om sukses in die voorligtingsituasie te kan behaal. Die vraag is of die ideale toestand ooit bereik kan word?

5.5 KORRELASIEKOËFFISIËNTE

Die Pearson korrelasiekoëffisiënte is gebruik om die korrelasies tussen vraelysitems te bepaal. Hierdie resultate word in Tabel 5.33 uiteengesit.

Tabel 5.33: Korrelasiematriks van r tussen veranderlikes: Pearson korrelasiekoëffisiënt

VERANDERLIKES		r
ERVARING	Respek	0.06
	Voorligting	0.22
	Positiewe gesindheid	-0.05
	Seksisme	0.013
	Demokratiese waardes	0.14
	Praktiese vaardighede	0.12
	Aanvaarding	1.10
	Gelyke behandeling	0.07
	Verdraagsaamheid	0.01
	Onderhoude in Engels/Afrikaans	-0.12
	Bevooroordeling	0.07
	Positiewe gesindheid	-0.03
	Sensitiwiteit	-0.01
	Liefde	0.04
	Egtheid en opregtheid	-0.08
Geloofwaardigheid	-0.01	

□ Interpretasie

Uit die bogenoemde inligting en data kan die afleiding gemaak word dat daar geen beduidende korrelasie tussen ervaring en enige van die bogenoemde aspekte soos in Tabel 5.33 uiteengesit is, bestaan nie. Die motivering vir hierdie interpretasie word soos volg verduidelik:

Vir die grootte van verband en rigting van 'n reglynige of liniêre verband kom na vore in die waardes van die korrelasiekoëffisiënt (r) wat gebruik word om die mate van verband aan te toon. 'n Volmaakte **direkte** reglynige verband word aangedui met $r = +1$. In die Opvoedkunde sal volmaakte reglynige verbande nie aangetref word nie en daar kan eerder verwys word na praktiese korrelasies as statistiese korrelasies. Die waardes van r sal wissel van -1 tot $+1$. In die meeste gevalle word die volgende afbakenings aan waardes van r toegeken:

- 0,80-0,99 : 'n hoë korrelasie
- 0,60-0,80 : 'n substansiele korrelasie
- 0,40-0,60 : 'n redelike (matige) korrelasie
- 0,20-0,40 : 'n lae korrelasie
- 0,0 -0,20 : 'n baie lae of geen korrelasie (De Wet, et al., 1981:188).

Met behulp van Tweerigtingtabelle word die verband tussen geslag (Afdeling A) en enkele aspekte van Afdeling B in die vraelys uiteengesit:

HIPOTESE 2:

Daar is 'n verband tussen **geslag** en

- die belangrikheid om ander **kultuurgroepe** te **aanvaar**. (Verwys na Bylaag 1 vraag 1 en vraag 31.) Die korrelasie word in Tabel 5.34 uiteengesit.

Tabel 5.34: Verband tussen geslag en aanvaarding van ander kultuurgroepe

1	Manlik	76.32%
2	Vroulik	87.69%

□ **Interpretasie:**

Volgens Tabel 5.34 dui die oorgrote meerderheid Mans (76,32%) en Dames (87,69%) aan dat hulle altyd ander kultuurgroepe aanvaar.

Daar is dus geen beduidende verband tussen geslag en voorkeure van kultuurgroepe nie.

HIPOTESE 3:

Daar is 'n verband tussen geslag en

- verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe (Verwys na Bylaag 1 vraag 1 en 33.) Die korrelasie word in Tabel 5.35 uiteengesit.

Tabel 5.35: Verband tussen geslag en verdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe

1	Manlik	73.68%
2	Vroulik	75.38%

□ **Interpretasie:**

In Tabel 5.35 dui die meerderheid Mans (73,68%) en Dames (75,38%) aan dat hulle altyd verdraagsaam teenoor ander kultuurgroepe is.

Daar is dus geen beduidende verband tussen geslag en verdraagsaamheid van kultuurgroepe nie.

HIPOTESE 4:

Daar is 'n verband tussen geslag en

- sensitiwiteit vir ander kultuurgroepe se behoeftes. (Verwys na Bylaag 1, vraag 1 en vraag 37). Die korrelasie word in Tabel 5.36 uiteengesit.

Tabel 5.36: Verband tussen geslag en sensitiwiteit vir ander kultuurgroepe

1	Manlik	52.63%
2	Vroulik	61.54%

□ **Interpretasie:**

Weer eens dui die meerderheid Mans (52,3%) en Dames (61,54%) aan dat hulle altyd sensitief is vir ander kultuurgroepe se behoeftes en gewoontes. Daar is ook nie 'n beduidende verband tussen geslag en sensitiwiteit teenoor ander kultuurgroepe nie.

HIPOTESE 5:

Daar is 'n verband tussen **geslag** en

- om **liefde** aan alle leerders wat 'n behoefte het om te behoort. (Verwys na Bylaag 1, vraag 1 en vraag 38). Die korrelasie word in Tabel 5.37 aangedui.

Tabel 5.37: Verband tussen geslag en liefde vir alle leerders

1	Manlik	71.05%
2	Vroulik	76.92%

□ **Interpretasie:**

Van die Mans het 71,05% en van die Dames het 76,92% aangedui dat hulle altyd liefde betoon teenoor alle leerders wat 'n behoefte het om te behoort.

Daar is dus geen beduidende verband tussen geslag en liefde teenoor alle leerders nie.

OPSOMMING VAN VERBANDE:

Uit die voorgenoemde tabelle kan afgelei word dat daar geen beduidende verband tussen geslag en enige van die bogenoemde aspekte is nie. Vroeër is aangedui dat meer Dames as Mans in die pos Departementshoof: Opvoedkundige Leidng/Voorligtingonderwyser in sekondêre skole in die Gauteng provinsie aangestel is (sien par. 5.2.1.1), en dit kan as rede aangevoer word dat alle bogenoemde persentasies vir Dames hoër is as vir Mans.

5.6 BETROUBAARHEIDSGELDIGHED

Betroubaarheid verwys na die mate van konsekwentheid en/of akkuraatheid waarmee 'n meetinstrument meet. Die betroubaarheid van 'n meetinstrument kan omskryf word as die gedeelte van die variansie in die waargenome telling wat vry van enige foute is. Perfekte betroubaarheid word aangedui as $r = 1,0$ (De Wet et al., 1981:133).

□ Interpretasie

Die betroubaarheidsgeldigheid van die vraelyste in hierdie ondersoek is deur die statistiese tegniek (Cronbach koëffisiënt) bepaal en die resultaat het 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,8 aangedui. Hierdie resultaat toon dat die response op die vraelyste wel aan die vereiste van betroubaarheidsgeldigheid voldoen.

5.7 KONSTRUKGELDIGHED

Konstruktigheid is veral belangrik indien 'n vraelys opgestel word met die doel om 'n bepaalde konstruk te meet. Een van die metodes wat gebruik word om die konstruktigheid te meet is Faktorontleding.

Deur 'n faktorontleding op die items van die vraelys toe te pas, (elke item word as 'n veranderlike beskou) word maksimum homogeniteit ten opsigte van die bepaalde konstruk verkry.

Die volgende resultaat kan vanaf hierdie faktorontleding gemaak word:

Nege faktore word onttrek wat 66% van die totale variansie verklaar het. Kommunaliteite wissel tussen 0,51 en 0,78.

□ **Interpretasie:**

Dit blyk dat die vraelys in 'n mindere mate konstruktief is, omdat die ideaal van min faktore wat 'n groot deel van die totale variansie verklaar, nie hier verwesenlik kon word nie.

5.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 5 is die vraelysantwoorde met betrekking tot die beginsels vir die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole aangebied en bespreek.

In hoofstuk 6 word 'n samevatting, die gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke gegee. Daarna volg 'n opsomming van die gevolgtrekkings en aanbevelings waartoe daar in hierdie studie gekom is. Ten slotte word aanbevelings na aanleiding van bevindinge uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek gemaak.

6.2 SAMEVATTING

6.2.1 Probleemstelling (vgl. par. 1.3, p.2)

Die probleem wat in hierdie ondersoek ter sprake was, is dat dispariteit en diskriminasie van voormalige rasgesegregeerde departemente van onderwys in Suid-Afrika 'n diepgaande invloed op die aard en voorsiening van onderwys, voorligting en berading in skole in die land gehad het. Die beginsels van voorligting wat vir die verskillende onderwysdepartemente voorgeskryf was, was nie vir alle groepe aanvaarbaar nie.

6.2.2 Doel van die ondersoek (vgl. par. 1.4, p.3)

- Die doel van hierdie ondersoek was eerstens om vanuit die literatuurstudie multikulturele voorligtingsbeginsels in voorligting in 'n aantal oorsese lande te identifiseer; en
- tweedens om vas te stel of bepaalde beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en die van multikulturele skoolvoorligting in die besonder, deur voormalige model-C sekondêre skole in Suid-Afrika - bepaaldelik in Gauteng Provinsie - in hul voorligtingsprogramme in ag geneem en ingebou is.

Om hierdie doelstellings te bereik, is die volgende navorsingshipotese geformuleer:

Die beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en dié van multikulturele skoolvoorligting in die besonder word doeltreffend in voorligtingsprogramme in sekondêre skole geïmplementeer.

In Hoofstuk 2 is begrippe soos **kultuur** (vgl. par. 2.2.1, p.7), **etnisiteit** (vgl. par. 2.2.2, p.7), **ras en rassisme** (vgl. par. 2.2.3, p.8), **multikulturele onderwys** (vgl. par. 2.2.4, p.12), **voorligting** (vgl. par. 2.2.5, p.12) en **multikulturele voorligting** (vgl. par. 2.2.6, p.13) uit die literatuur gedefinieer, waarna 'n kort opsomming van elke begrip gegee is. Vervolgens is die historiese aanloop (vgl. par. 2.3, p.13) tot multikulturele onderwys en die faktore wat aanleiding gegee het tot multikulturele voorligting, bespreek. 'n Tabel wat deur Locke saamgestel is, om die begrip **multikultureel** te verduidelik, word aangedui en bespreek (vgl. Fig. 2.1, par. 2.3.1, p.14).

Die onderwysbeleid in die VSA moes byvoorbeeld berus op die beginsel van **multikulturele onderwys** (vgl. par. 2.3.2, p.18).

Brittanje, byvoorbeeld met 'n gemeenskap wat uit verskeie etniese en kulturele groepe bestaan, het ten doel om vir die individuele leerder 'n beroepskeuse voorsiening te maak (vgl. par. 2.3.2, p.18).

Om die kind se ras/etniese verhouding te verbeter, het Belucci verskeie programme, waaruit 'n **bewustheidskurrikulum** ontwikkel het, saamgestel. Die aktiwiteite van hierdie kurrikulum word volledig uiteengesit (vgl. par. 2.3.3, p.21).

'n Oorsig oor die navorsing ten opsigte van multikulturele voorligting is gegee (vgl. par. 2.4, p.24). Bevindinge ten opsigte van multikulturele verskille word deur Pedersen bespreek (vgl. par. 2.4.2, p.25). Sy gevolgtrekking is dat die ineenvloeiing van kultuur en voorligting 'n vereiste is. Hierdie ineenvloeiing word hierna bespreek (vgl. par. 2.4.2, p.25).

Nadat die navorsing in enkele oorsese lande van nader beskou is, word multikulturele voorligting in Suid-Afrika bespreek (vgl. par. 2.5, p.26). Sedert Suid-Afrika in 'n rigting van demokrasie beweeg het, waar een onderwysstelsel geld, is meer vereistes aan die skoolvoorligter gestel. Omdat die implementering van voorligtingsprogramme so noodsaaklik is, moet ook na die effektiwiteit daarvan gekyk word (vgl. par. 2.6, p.27).

Ten slotte kan verklaar word dat effektiewe voorligtingsprogramme sal bydra tot die ontwikkeling van 'n meer positiewe opvoedingsisteem.

In Hoofstuk 3 is die beginsels van voorligting in die algemeen en multikulturele voorligting in die besonder bespreek (vgl. par. 3.1, p.31). Die kern van hierdie hoofstuk is om die taak van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser toe te lig en te bepaal watter beginsels vir die suksesvolle uitvoering van hierdie taak geld. Eerstens is die begrippe **beginsels** en **beginsels in voorligting** gedefinieer (vgl. par. 3.1, p.31). Daarna is voorligting in die algemeen bespreek waaronder die historiese ontwikkeling van voorligting in oënskou geneem is.

Die beginsel van individualiteit, selfbeskikkingsreg en humanistiese ideale, dien as basis vir demokrasie. 'n Bespreking van die term **voorligting** en die kenmerke van voorligting word hierna bespreek. Hieronder word byvoorbeeld die pligte van die voorligter uiteengesit en bespreek (vgl. par. 3.2.1.1, p.34).

Die basiese opvoedingsbehoefte van die leerder en die beginsels van voorligting word hierna in oënskou geneem (vgl. par. 3.2.2, p.36). Enkele behoeftes word na aanleiding van 'n RGN-verslag bespreek (vgl. par. 3.2.2, p.36). Hierna volg 'n volledige bespreking van die beginsels van voorligting (vgl. par. 3.2.3, p.37) Omdat multikulturele voorligting in Suid-Afrikaanse skole dringend noodsaaklik geword het, word die lewensbeskouwlike en kulturele begroning daarvan, toegelig (vgl. par. 3.3, p.44). Ten slotte word Voorligting in multikulturele skoolverband van nader beskou (vgl. par. 3.4, p.47).

Multikulturele voorligting is eties begrond. Die etiek van voorligting word egter in par. 3.4.3, p. 54 bespreek. Hieronder volg 'n omskrywing van die terme **etiek** en **etiese beginsels**. Die voorligter moet 'n spesiale diens aan alle etniese groepe lewer en hy/sy moet tydens voorligting die politieke en sosiale aspekte van verskillende kultuurgroepe in ag neem.

Die empiriese ondersoek is in Hoofstuk 4 bespreek. Die doel van die ondersoek was om:

- vanuit die literatuurstudie multikulturele beginsels in voorligting in 'n aantal oorsese lande te identifiseer; en
- om vas te stel of bepaalde beginsels van skoolvoorligting in die algemeen en dié van multikulturele skoolvoorligting in die besonder deur voormalige model-C sekondêre skole in Suid-Afrika (Gauteng provinsie) in hul voorligtingsprogramme in ag geneem en ingebou is.

Na aanleiding van bogenoemde doelstellings en in die lig van die literatuurstudie waarin tersaaklike beginsels geïdentifiseer is, is 'n duidelike hipotese geformuleer. Die hipotese het betrekking op die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole. Daarna is enkele ondersoekmetodes en die keuse van die ondersoekmiddel bespreek (vgl. par. 4.3.1, p.59). Die vraelys is hierna breedvoerig bespreek (vgl. par. 4.3.1, p.59).

Hierna is die empiriese ondersoek (vgl. par. 4.4, p.64) wat met hierdie studie gebruik is, bespreek. Die populasie en keuse van die proefpersone word hieronder verduidelik. Die redes vir die keuse van die proefpersone is uiteengesit (vgl. par. 4.4.1, p.64). Die samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, word van nader beskou (vgl. par. 4.4.2, p.65).

Na hierdie bespreking word die keuse van die soort items vir die vraelys in oënskou geneem (vgl. par. 4.4.2.2, p.68), daarna volg die eerste redaksie van die vraelys (vgl. par. 4.4.2.3, p.69). Hierin word die uiteensetting van die vraelys volledig uiteengesit.

Die tweede redaksie van die vraelys word hierna bespreek (vgl. par. 4.4.2.4, p.72). 'n Loods-ondersoek en die toestemming vir die verspreiding van die vraelyste word hierin toegelig. Die vraelyste is aan die advieskomitee voorgelê om die inhoudsgeldigheid daarvan te bepaal. Die vraelyste het aan hierdie vereiste voldoen.

Aspekte van die finale vraelys word van nader beskou in par. 4.4.2.5, p.73. Die beginsels van multikulturele voorligting wat in Afdeling B van die vraelys ingesluit is, word kortliks genoem. Daarna is die lengte, die anonimiteit en die voorkoms van die vraelys toegelig.

Die terugontvangste van die vraelyste word in par. 4.4.2.7, p.75 uiteengesit. Vier-en-sestig persent van die vraelyste is terug ontvang en die ontledings daarvan is op die totale vraelyste berus. Ten slotte is die statistiese tegnieke wat vir die vraelyste gebruik is, toegelig. (vgl. par. 4.4.2.8, p.76).

In Hoofstuk 5 is die resultate van die ondersoek bespreek.

Die frekwensietabelle is eerstens toegelig om die response op elke vraelysitem aan te dui. Die ontleding, vertolking en die tabelle wat betrekking het, is bespreek.

Dit is egter kommerwekkend dat te veel vraelysitems heelwat ruimte vir verbetering bied.

Hierna is korrelasiekoëffisiënte in tabelvorm aangedui en bespreek. Die verband tussen **ervaring** in Afdeling A en enkele vraelysitems in Afdeling B van die vraelys is bepaal (vgl. Tabel 5.33). Die verband tussen **geslag** in Afdeling A en enkele vraelysitems in Afdeling B van die vraelys is ook bepaal (vgl. Tabelle 5.34; 5.35; 5.36; en 5.37). Om die betroubaarheid van die vraelysitems te bepaal, is die betroubaarheidsgeldigheid bereken (vgl. par. 5.4, p.82). Laastens is 'n samevatting van die faktorontleding gedoen, sodat die mate van die konstrugeldigheid van die vraelys aangedui kon word.

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande **literatuurstudie** blyk dit dat as gevolg van dispariteite en diskriminasie in die onderwys, dit noodsaaklik geword het om die implementering van die beginsels van voorligting en spesifiek die beginsels van multikulturele voorligting te ondersoek. Indien voorligtingsprogramme aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, sal die leerders aan hul eie verwagtinge kan voldoen en sal ouers en onderwysers 'n meer positiewe bydrae tot die ontwikkeling van 'n algehele opvoedingsstelsel kan lewer.

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat multikulturele voorligting kompleks is. Daar word van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser verwag om tydens voorligting die sosiale en politieke aspekte van verskillende kultuurgroepe in ag te neem. Beginsels van voorligting moet so aangepas word, ten einde effektiewe toepassing daarvan in multikulturele skole te verseker.

Dit blyk uit die **empiriese ondersoek** dat die respondente betrokke by voorligting in multikulturele skole in die Gauteng Provinsie, merendeels deelneem aan die beplanning van voorligtingsprogramme (vgl par 5.4.2, p.83). Agt-en-sestig persent van die respondente maak altyd voorsiening vir beroepsvoorligting (vgl. par. 5.4.9, p.88) Wanneer hierdie beginsel egter vergelyk word met die beginsel om leerders vir 'n beroepswêreld van verskillende kulture, voor te berei, is daar 'n noemenswaardige verskil (vgl. par. 5.4.15, p.93). Minder skole, naamlik 28%, berei leerders vir 'n beroepswêreld van verskillende kulture voor. Dit skep die indruk dat die beginsel van beroepsvoorligting te tradisioneel deel van die voorligtingsprogram gebly het en dat ruimte vir nuwe perspektiewe na 'n veranderende beroepswêreld verlore geraak het.

Die beginsels vir menswaardigheid, gelyke behandeling, aanvaarding van ander, 'n positiewe gesindheid en geloofwaardigheid het sterk positiewe reaksie ontlok.

Hierdie beginsels is dalk vanselfsprekend sterk positief, omdat dit somtyds kenmerkend van 'n voorligter is om altyd die “goeie” en neutrale persoon te wees.

Wanneer aspekte soos gedragsverskille (vgl. par. 5.4.14, p.92) tussen kulture, demokratiese waardes (vgl. par. 5.4.20, p.97), verdraagsaamheid van ander kulture (vgl. par. 5.4.24, p.99), sensitiwiteit (vgl. par. 5.4.28, p.103) en liefde (vgl. par. 5.4.29, p.103) teenoor ander kulture onder die loep geneem word, is dit duidelik dat multikulturele voorligting nog nie in sekondêre skole in die Gauteng Provinsie tot sy reg kom nie. Die rede kan wees dat voorligters geneig was om “versigtige” keuses met hul response op die vraelyste gemaak het, sodat hulle hulself kan “verontskuldig” van negatiewe response teenoor ander kulture. 'n Ander moontlike rede wat aangevoer kan word, is dat nie alle sekondêre skole in Gauteng geïntegreerde onderwys toepas nie, omdat 'n te klein persentasie leerders van ander etniese groepe in sulke skole ingeskryf is.

Verder is daar 'n te hoë persentasie (23%) respondente wat nie bereid is om onderhoude in Engels en/of Afrikaans te voer nie (vgl. par. 5.4.25, p.100). Die respondente is nie bereid om in enige ander taal as hul eie, onderhoude te voer nie. Aangesien die taalmedium in sommige Suid-Afrikaanse skole reeds na dubbel-/parallelmedium oorgeskakel het, behoort die skoolvoorligter alle leerders in hierdie verband te akkommodeer.

Skoolvoorligting word reeds in 2% skole soms of nooit aangebied nie (vgl. par. 5.4.17, p.94). Dit is 'n kommerwekkende tendens dat daar skole is wat nie aan hierdie vakgebied enige erkenning gee nie. 'n Rede wat aangevoer kan word vir hierdie toedrag van sake is die proses van rasionalisasie in die Onderwys en dat die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyspos een van die eerste poste is wat gerasionaliseer word, omdat geen sogenaamde “eksamenvak” benadeel word nie. Nog 'n rede wat aangevoer kan word, is dat die verskillende Onderwysdepartemente steeds voorligting as diens in skole nie hoog aanslaan nie.

Met behulp van korrelasiekoëffisiënte is die verband tussen ervaring en verskeie beginsels van voorligting bepaal. Die gevolgtrekking wat uit hierdie resultate gemaak word, is dat daar geen beduidende verband tussen ervaring en enige van die aspekte bestaan nie (vgl. Tabel 5.33, par. 5.5, p.106).

Tweeringtingtabelle is gebruik om die verband tussen geslag en aanvaarding, **verdraagsaamheid, sensitiwiteit en liefde van verskillende kultuurgroepe** te bepaal. Die gevolgtrekking in hierdie verband bepaal egter ook dat geen beduidende verband tussen geslag en die bogenoemde aspekte bestaan nie vgl. Tabelle 5.34, p.107; 5.35, p.108; 5.36, p.109 en 5.37, p.109).

Die betroubaarheidsgeldigheid is met behulp van statistiese tegnieke bereken, en die resultaat was 0,8. Indien hierdie resultaat vergelyk word met die Perfekte betroubaarheid wat deur $r = 1,0$ aangedui word, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die betroubaarheid van die response op die vraelyste wel aan die vereiste van betroubaarheidsgeldigheid voldoen het (vgl. par. 5.4, p.82).

Die resultate van die konstrugeldigheid van die vraelyste het egter getoon dat nege faktore onttrek word wat 66% van die totale variansie verklaar het. Kommunaliteite wissel tussen 0,51 en 0,78. Dit blyk egter dat die vraelyste in 'n mindere mate konstrugeldig is, omdat die ideaal van min faktore nie hier verwesenlik kon word nie (vgl. par. 5.5, p.106).

6.4 AANBEVELINGS

Uit bogenoemde gevolgtrekkings het heelwat leemtes vir die doeltreffende toepassing van voorligting in multikulturele skole na vore gekom. Die aanbevelings is eerstens gerig op Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding/Voorligtingonderwyser en daarna die Gauteng Onderwysdepartement.

Dit is wenslik dat die **DEPARTEMENTSHOOF: OPVOEDKUNDIGE LEIDING/VOORLIGTINGONDERWYSER:**

